SPESIALE VERSLAG

001.3072068 CSIR NIPR PERS 367

PERS 367

# DIE ROL VAN DIE SELF-KONSEP IN BEROEPSLEIDING

WNNR, NIPN Spesiale Verslag PERS 367 (p. i - xv; 1 - 220)
UDC 331.548.4 : 159.923.4
Johannesburg, Republiek van S.A., 1983

NATIONAL INSTITUTE FOR PERSONNEL RESEARCH
Council for Scientific and Industrial Research

NASIONALE INSTITUUT VIR PERSONEELNAVORSING
Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad

**HSRC Library and Information Service**

HSRC
Private Bag X41
PRETORIA
0001

Tel.: (012) 202-2903
Fax: (012) 202-2933

RGN
Privaatsak X41
PRETORIA
0001

Tel.: (012) 202-2903
Faks: (012) 202-2933

**RGN-Biblioteek en Inligtingsdiens**

PB 0?67?

HSRC Library and Information Service

RGN-Biblioteek en Inligtingsdiens

PERS

DATE DUE - VERVALDATUM

WNNR NIPN Spesiale Verslag
PERS 367 (pi -xv ; 1 - 220)
UDC 331.548.4:159.923.4

NASIONALE INSTITUUT VIR PERSONEELNAVORSING

WETENSKAPLIKE EN NYWERHEIDNAVORSINGSRAAD

*PB96780*

ISBN 0 7988 2711 4

WNNR SPESIALE VERSLAG PERS 367
Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing
Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad
Posbus 32410
Braamfontein, 2017

Gedruk in die Republiek van S.A.
Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing

# ERKENNINGS


| | | |
|---|---|---|
| Dr G K Nelson | : | Hoofdirekteur NIPN |
| Mnr R F Skawran | : | Direkteur NIPN |
| Prof G J Smit | : | Departement Sielkunde, Universiteit van Pretoria |
| Mnr J J de Jager | : | Psigometrika NIPN |
| Mev C Hartley | : | TB NIPN |

| | Bladsy |
|---|---|
| Inhoudsopgawe | i |
| Figuurlys | viii |
| Tabellys | ix |
| Opsommings | xi |
| Lys van afkortings | xiii |

# INHOUDSOPGAWE

Bladsynommer

HOOFSTUK 1. Probleemafbakening en stelling. ................ 1

1.1 Die NIPN Beroepsleidingsopset. ........................ 1

1.1.1 Historiese agtergrond. ....................... 1

1.1.2 Getalle en areas wat bedien word. ............ 2

1.1.3 Doel van die diens. .......................... 2

1.1.4 Aard van NIPN-toetse vir beroepsleiding. .... 3

1.1.5 Die populasiegroep waaruit kliënte getrek word 4

1.1.6 Kliënte se redes waarom hulle die NIPN nader vir beroepsleiding. .......................... 4

1.2 Probleemstelling binne die NIPN-opset. ................. 5

1.3 Doel. ................................................ 6

1.4 Hipoteses. ........................................... 6

HOOFSTUK 2. Omskrywing van terme sentraal tot die studie... 8

2.1 Posisie of pos, teenoor beroep of loopbaan. ............. 8

2.2 Beroepsvoorligting of beroepsleiding. ................... 8

2.3 Eienskappe van die beroepsleidingsproses as helpende verhouding. ............................................. 8

2.4 Doelwitte van beroepsvoorligting. .......................

HOOFSTUK 3. Literatuurstudie ten opsigte van die teorieë van beroepskeuse. .................................. 11

3.1 Nie psigologiese teorieë van beroepskeuse. ............ 11

3.1.1 Die toevalsteorie. ............................ 11

3.1.2 Die teorie van ekonomiese faktore. ........... 11

3.1.3 Kulturele en sosiologiese teorieë. ............ 12

3.2 Psigologiese teorieë van beroepsleiding. .............. 13

3.2.1 Teorieë van trekke en faktore. ............... 13

3.2.2 Teorieë in terme van psigodinamiese aspekte. . 13

3.2.3 Die psigo-analitiese teorieë. ................ 13

3.2.4 Teorie van behoeftebevrediging. .............. 14

3.3 Teorieë ten opsigte van die self. ..................... 15

3.3.1 Teorieë van ontwikkeling. .................... 15

3.3.1.1 Ginzberg se teorie. .......................... 15
3.3.1.2 Super se teorie. ............................. 16
3.3.1.3 Tiedeman se teorie. .......................... 18

3.3.2 Besluitnemingsteorieë. ....................... 18

3.3.3 Interdissiplinêre konsep van beroepskeuse. ... 18

3.3.4 Interpretasie van beroepskeuse in terme van algemene ontwikkeling. ....................... 19

3.4 Samevatting van beroepskeuseteorieë. .................. 19

HOOFSTUK 4. Literatuurstudie met betrekking tot die rol van die selfkonsep in beroepskeuses. ..................... 20

4.1 Inleiding. ............................................ 20

4.2 Definisie van die self. ............................... 20

4.3 Identiteit. ........................................... 23

4.4 Definisie van die selfkonsep. ........................ 25

4.5 Selfkonsep in terme van beroepskeuse. ................. 27

4.6 Die positiewe of negatiewe selfkonsep (gevoel van eiewaarde). ........................................ 31

4.7 Die selfkonsep en beroepsvolwassenheid. ............... 33

4.7.1 Aspekte van beroepsvolwassenheid. ............ 33

4.7.2 Korttermynberoepsleiding as middel tot die ontwikkeling van groter beroepsvolwassenheid.. 34

4.7.3 Die rol van die beroepsleidingsonderhoud in die ontwikkeling van groter beroepsvolwassenheid. ........................................ 34

4.8 Samevatting. ........................................ 40

HOOFSTUK 5. Die rol van geslagsbeskouing in beroepsleiding. 43

5.1 Geslagstipering as persoonlikheidsdimensie. ........... 43

5.2 Menslike seksualiteit as persoonlikheidsdimensie. ..... 43

5.3 Geslagsrol-identiteit. ................................ 43

5.4 Die selfkonsep in terme van geslagsrol-identiteit. .... 45

5.4.1 Geslagsrol-stereotipering. ................... 45

5.4.2 Die implikasie van geslagsrolsterotipering ten opsigte van beroepsleiding. .............. 46

5.5 Verband tussen geslag, selfkonsep en ouderdom. ........ 46

5.6 Geslag van kliënt as faktor in beroepskeuse. .......... 47

5.6.1 Tradisionele verwagtings ten opsigte van rolle van mans en vrouens. .................... 47

5.6.2 Houdings teenoor die beroep op grond van geslag. ..................................... 47

5.6.3 Geslagsrolidentiteit as faktor in beroepskeuse. ..................................... 51

5.6.4 Toekomsverwagtings ten opsigte van sukses in die beroep soos beïnvloed deur geslag. ....... 52

5.7 Samevatting. ........................................ 53

HOOFSTUK 6. Die rol van belangstellings in die beroepsleidingsproses. .............................. 55

6.1 Inleiding. ........................................ 55

6.2 Aard van belangstellings. ............................ 55

6.2.1 Belangstelling as ingesteldheid. .............. 55

6.2.2 Belangstelling as dryfveer. .................. 55

6.2.3 Belangstelling in terme van behoeftebevrediging. ...................... 56

6.2.4 Belangstelling gekoppel aan waardes. ......... 56

6.2.5 Belangstelling as gerigtheid. ................ 56

6.2.6 Samevatting. ................................ 57

6.3 Belangstellingsdimensies. ............................ 57

6.4 Ontstaan, ontwikkeling en verandering van belangstellings. ....................................... 57

6.5 Meting van belangstellings. .......................... 59

6.5.1 Inleiding. ..................................... 59

6.5.2 Maniere waarvolgens inligting oor belangstellings verkry kan word. .......... 59

6.5.3 Belangstellingsmeting in terme van die selfkonsep. ..................................... 61

6.5.4 Voorspellingswaarde van belangstellingsprofiele ten opsigte van werksbevrediging. ...... 61

6.5.5 Interverhoudings tussen die belangstellings, ervaring, aanlegte en persoonlikheid. ........ 61

6.5.6 Samevatting van die rol van belangstellingsvraelyste in die beroepsleidingsproses. ....... 63

HOOFSTUK 7. Metode van ondersoek. ........................ 66

7.1 Steekproefbeskrywing. .................................. 66

7.2 Meetinstrumente wat gebruik is in die metode van ondersoek. ............................................ 68

7.2.1 Die selfbeskrywing. ......................... 68

7.2.1.1 Die vorm van die selfbeskrywing. ............. 68
7.2.1.2 Die funksie van die selfbeskrywing in die beroepskeuse .................................. 69
7.2.1.3 Geldigheid van die selfbeskrywing. ........... 69
7.2.1.4 Die voordele verbonde aan die gebruik van die selfbeskrywing as 'n metode van persoonlikheidsmeting. ................................ 70
7.2.1.5 Navorsing oor die selfbeskrywing. ............ 72
7.2.1.6 Die vorm van die NIPN-selfbeskrywing. ........ 72
7.2.1.7 Verskil tussen die selfbeskrywing en 'n questionnaire. ................................. 73
7.2.1.8 Samevatting. .................................. 73
7.2.1.9 Uiteensetting van die kwantifisering van die selfbeskrywing. ............................... 73
7.2.1.9 (i) Indeling in sinsnedes. ................... 73
7.2.1.9 (ii) Indeling in persoonlikheidsdimensies. .... 75
* Selfkonsep. ............................ 76
* Sosiale selfvertroue. .................. 79
* Mensgerigtheid. ....................... 81
* Taakgeoriënteerdheid (Passief/aktief). . 82
* Sosiale aggressie. ................. 85

7.2.2 Die 16-PF-Belangstellingsvraelys. ............ 86

7.2.2.1 Motivering vir die gebruik van die 16-PF vir hierdie studie. .............................. 86
7.2.2.2 Geskiedenis. .................................. 86
7.2.2.3 Aard en inhoud van die persoonlikheidsdimensies wat deur die 16-PF gemeet word. ......... 86
7.2.2.4 Evaluering van die 16-PF. .................... 93

7.2.3 Die Kuder-belangstellingsvraelys. ............ 95

7.2.3.1 Oorsprong. .................................... 95
7.2.3.2 Huidige Status. ............................... 95
7.2.3.3 Belangstellingsvelde. ......................... 95
7.2.3.4 Evaluering van die Kuder as belangstellingsvraelys. ................................... 96

7.2.4 Die Negentienveld Belangstellingsvraelys. .... 100

7.2.4.1 Oorsprong. .................................. 100
7.2.4.2 Huidige status in Suid-Afrika. ............... 100
7.2.4.3 Belangstellingsvelde. ........................ 101
7.2.4.4 Interpretasie. ............................... 101
7.2.4.5 Evaluering van die 19-VBV. ................... 102
7.2.4.6 Verskille tussen die Kuder en die 19-VBV. .... 103

7.2.5 Toets vir Algemene Intellektuele vermoë. ..... 105

7.3 Statistiese verwerking van gegewens .................. 105

<u>HOOFSTUK 8.</u> Resultate. .................................... 107

8.1 Geslagsverskille in belangstellings en persoonlikeienskappe. .................................. 107

8.1.1 Die belangstellingsprofiele van die twee geslagsgroepe in tabelvorm. .................. 107

8.1.2 Persoonlikheidseienskappe, soos weerspieël in die 16-PF, van die twee geslagsgroepe in tabelvorm. ................................... 109

8.2 Die vyf persoonlikheidskale van die selfbeskrywing. ... 110

8.3 Die interkorrelasies tussen persoonlikheidskale. ...... 114

8.4 Verband tussen bepaalde persoonlikheidseienskappe en belangstellingsvelde. ................................. 116

8.5 Optimale kombinering van toetsdata om persoonlikheid te voorspel. ........................................ 129

8.5.1 Voorspelling van persoonlikheidsdimensies verkry uit selfbeskrywing. .................... 131

8.5.2 Voorspelling van 16-PF-skale vanuit toetsdata 137

8.5.2.1 Tabel 15A - Korrelasies tussen die 16-PF en belangstellings (Dogters). .................. 138
8.5.2.2 Tabel 15B - Korrelasies tussen die 16-PF en belangstellings (Seuns). .................... 139
8.5.2.3 Bespreking van die verband tussen belangstellings en persoonlikheid vir seuns en meisies (onderskeidelik). ........................... 140

8.5.3 Regressie-ontledings van 16-PF. ............. 149

8.5.4 Geslagsrolidentifikasie. .................... 156

8.6 Die verband tussen die Kuder-, 19-VBV- en 16-PF-velde met verstandelike helderheid en skoolprestasie. ...... 161

8.7 Verband tussen 19-VBV en passief/aktief met belangstellings (Kuder en 19-VBV). ......................... 167

8.8 Opsomming van belangstellings en persoonlikheidseienskappe. ............................................. 169

HOOFSTUK 9. Bevindings, afleidings en aanbevelings. ..... 176

9.1 Inleiding. ............................................ 176

9.2 Enkele bevindings en afleidings gemaak uit die korrelasies van belangstellings met persoonlikheidseienskappe 176

9.3 Afleidings en gevolgtrekkings ten opsigte van die hipoteses gestel in Hoofstuk 1. ....................... 177

9.3.1 Hipotese 1. .............................. 177

9.3.2 Hipotese 2. .................................. 184

9.3.3 Hipotese 3. .................................. 186

9.3.4 Hipotese 4. .................................. 189

9.3.5 Hipotese 5. .................................. 190

9.4 Evaluering van die beroepsteorieë soos beskryf in Hoofstuk 3. ........................................... 192

9.5 Bespreking van enkele navorsingsresultate uit die literatuurstudie, gesien in die lig van die resultate van hierdie studie. .................................. 194

9.6 Die waarde van hierdie studie met betrekking tot beroepsleiding. ...................................... 199

9.7 Aanbevelings. ......................................... 200

FIGUURLYS


| | Bladsy |
|---|---|
| Skema van die selfkonsep in terme van beroepskeuse | 42 |
| Skema van die beroepsleidingproses met inagneming van faktore binne en buite die individu | 54 |

TABELLYS


| | | | Bladsy |
|---|---|---|---|
| Tabel | 1 | Kuder belangstellings (Roupunte) | 107 |
| Tabel | 2 | Negentienveld-belangstellings (Roupunte) | 108 |
| Tabel | 3 | Persoonlikheidsprofiel (Roupunte) | 109 |
| Tabel | 4 | Betroubaarheid van beoordelingskale | 110 |
| Tabel | 5 | Interkorrelasies tussen persoonlikheidskale (Dogters) | 114 |
| Tabel | 6 | Interkorrelasies tussen persoonlikheidskale (Seuns) | 115 |
| Tabel | 7(A) | Korrelasies tussen persoonlikheidskale en Kudervelde (Dogters) | 117 |
| Tabel | 7(B) | Korrelasies tussen persoonlikheidskale en Kuder (Seuns) | 118 |
| Tabel | 8 | Korrelasies tussen die vyf persoonlikheidskale en 19VBV (Dogters) | 122 |
| Tabel | 9 | Korrelasies tussen persoonlikheid en 19VBV (Seuns) | 123 |
| Tabel | 10(A) | Voorspelling van selfkonsep (Dogters) | 131 |
| Tabel | 10(B) | Voorspelling van selfkonsep (Seuns) | 132 |
| Tabel | 11(A) | Voorspelling van sosiale selfvertroue (Dogters) | 132 |
| Tabel | 11(B) | Voorspelling van sosiale selfvertroue (Seuns) | 133 |
| Tabel | 12(A) | Voorspelling van mensgerigtheid (Dogters) | 133 |
| Tabel | 12(B) | Voorspelling van mensgerigtheid (Seuns) | 134 |
| Tabel | 13(A) | Voorspelling van passief/aktief (Dogters) | 134 |
| Tabel | 13(B) | Voorspelling van passief/aktief (Seuns) | 135 |
| Tabel | 14(A) | Voorspelling van sosiale aggressie (Dogters) | 135 |
| Tabel | 14(B) | Voorspelling van sosiale aggressie (Seuns) | 136 |
| Tabel | 15(A) | Korrelasies tussen 16-PF en belangstellings (Dogters) | 138 |
| Tabel | 15(b) | Korrelasies tussen 16-PF en belangstellings (Seuns) | 139 |
| Tabel | 16(A) | Voorspelling van hartlikheid (Faktor A) (Dogters) | 150 |
| Tabel | 16(B) | Voorspelling van hartlikheid (Faktor A) (Seuns) | 150 |

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| Tabel 17 | Voorspelling van intelligensie (Faktor B) (Seuns) | 151 |
| Tabel 18(A) | Voorspelling van sorgeloos (Faktor F) (Dogters) | 151 |
| Tabel 18(B) | Voorspelling van sorgeloos (Faktor F) (Seuns) | 152 |
| Tabel 19(A) | Voorspelling van sosiale vrypostigheid (Faktor H) (Dogters) | 152 |
| Tabel 19(B) | Voorspelling van sosiale vrypostigheid (Faktor H) (Seuns) | 153 |
| Tabel 20(A) | Voorspelling van emosionele gevoeligheid (Faktor I) (Dogters) | 153 |
| Tabel 20(B) | Voorspelling van emosionele gevoeligheid (Faktor I) (Seuns) | 154 |
| Tabel 21 | Voorspelling van skerpsinnigheid (Faktor N) (Dogters) | 154 |
| Tabel 22 | Voorspelling van ondersoekend (Faktor Q1) (Seuns) | 155 |
| Tabel 23 | Voorspelling van selfgenoegsaamheid (Faktor Q2) (Seuns) | 155 |
| Tabel 24 | Voorspelling van geslagsrolidentiteit | 156 |
| Tabel 25 | Geslagsrol vanuit belangstellings-verdelingseienskappe | 157 |
| Tabel 26(A) | Korrelasies met geslagsrolafwyking (Dogters) | 158 |
| Tabel 26(B) | Korrelasies met geslagsrolafwyking (Seuns) | 159 |
| Tabel 27(A) | Kuder-, 19-VBV en 16-PF-velde se verband met Verstandelike Helderheid en skool-prestasies (Dogters) | 162 |
| Tabel 27 (B) | Kuder-, 19-VBV en 16-PF-velde se verband met Verstandelike Helderheid en skoolprestasies (Seuns) | 164 |
| Tabel 28(A) | Korrelasies tussen passief-aktief (19-Veld) en ander veranderlikes (Dogters) | 167 |
| Tabel 28(B) | Korrelasies tussen passief/aktief (19-Veld) en ander veranderlikes (Seuns) | 168 |

## OPSOMMING

Die doel van hierdie studie is om die rol van die selfkonsep in beroepskeuse te bepaal met behulp van die NIPN-beroepsleidinggegewens van 51 manlike en 50 vroulike Afrikaanssprekende matriekleerlinge.

Bevindinge dui op die toepaslikheid van verskeie beroepskeuseteorieë, byvoorbeeld dié van Ginzberg en Super. Aanduidings is ook verkry van die rigtinggewende rol van die selfkonsep in die maak van beroepskeuses. Dieselfde belangstelling mag verskillende behoeftes in die twee geslagte vervul en is verweef met die selfkonsep. Meisies met 'n minder positiewe selfkonsep toon 'n neiging om op grond van sosiale aanvaardingsbehoeftes 'n belangstelling in sosiale dienslewering te hê. Dieselfde belangstelling by seuns toon egter 'n verband met 'n meer positiewe selfkonsep. Daar is ook aanduidings gevind van 'n verband tussen beroepskeuse en belangstellings, persoonlikheidseienskappe, intellek en skoolprestasie.

Op grond van bevindinge word dit aanbeveel dat daar meer aandag aan die persoonlikheidsamestelling, veral die selfkonsep, gegee word vir meer doeltreffende beroepsleiding.

## SUMMARY

The object of this study is to assess the role of the self-concept in vocational choice, using the NIPR vocational guidance data on 51 male and 50 female Afrikaans speaking matriculants.

Results indicate the relevance of the self-concept and several vocational choice theories, for example those of Ginzberg and Super. The same interest may fulfil different needs in the two sexes and is linked with the self-concept. Girls who possess a less positive self-concept and tend to show a social service interest based on a need for social acceptance. The social service interest in boys, however, tends to be related to a more positive self-concept. Results also indicate a relationship between career choice and interests, personality traits, intellect and achievement.

On the basis of the findings it is recommended that more attention should be given to personality structure, especially the self-concept, in order to do more effective vocational guidance.

# LYS VAN AFKORTINGS

Beoordelingskale uit die selfbeskrywing verkry.

| | | |
|---|---|---|
| SELFKONS | – | Selfkonsep |
| SELFVERT | – | Sosiale selfvertroue |
| MENSGERIG | – | Mensgerigtheid |
| PASAKTF | – | Passief/aktief |
| SOSAGGR | – | Sosiale aggressie |
| | | |
| VH | – | Verstandelike Helderheid (NIPN se algemene intellektuele vermoë-toets) |
| | | |
| MATR | – | MATRIEKPUNTE |
| AFR | – | Afrikaans (Matriekvak) |
| ENG | – | Engels (Matriekvak) |
| WIS | – | Wiskunde (Matriekvak) |
| OORPR | – | Oorprestasie |
| | | |
| MATRAF | – | Matriefafwyking (meting van onder- of oorprestasie) |

| | | |
|---|---|---|
| KV | – | Kuder V-punt |
| KBUIT | – | Kuder Buitenshuis |
| KMEG | – | Kuder Meganies |
| KREKEN | – | Kuder Rekenkundig (Berekenings) |
| KWET | – | Kuder Wetenskaplik |
| KOORR | – | Kuder Oorredend |
| KKUNS | – | Kuder Kuns |
| KLET | – | Kuder Letterkunde |
| KMUS | – | Kuder Musiek |
| KMAATSK | – | Kuder Maatskaplike Dienslewering |
| KKLERK | – | Kuder Klerklik |

| | | |
|---|---|---|
| NBEEL | – | 19-VBV Beeldende Kunste |
| NUITV | – | 19-VBV Uitvoerende Kunste |
| NTAAL | – | 19-VBV Taal |
| NHIST | – | 19-VBV Histories |
| NDIENS | – | 19-VBV Diens |
| NWELS | – | 19-VBV Welsyn |
| NGESEL | – | 19-VBV Geselligheid |
| NOPEN | – | 19-VBV Openbare Optrede |
| NREGTE | – | 19-VBV Regte |
| NKREAT | – | 19-VBV Kreatiewe Denke |
| NWET | – | 19-VBV Wetenskap |
| NPRAKM | – | 19-VBV Prakties-Manlik |
| NPRAKV | – | 19-VBV Prakties-Vroulik |
| NNUM | – | 19-VBV Numeries |
| NBESIG | – | 19-VBV Besigheid |
| NKLERK | – | 19-VBV Klerklik |
| NREIS | – | 19-VBV Rondreis |
| NNAT | – | 19-VBV Natuur |
| NSPOR | – | 19-VBV Sport |
| NWS | – | 19-VBV Werk/Stokperdjie |
| NAP | – | 19-VBV Aktief/Passief |

| | | |
|---|---|---|
| HARTLIK | - | 16-PF Hartlik |
| INTEL | - | 16-PF Meer intelligent |
| EMSTAB | - | 16-PF Emosioneel stabiel |
| SELFGEL | - | 16-PF Selfgeldend |
| SORGL | - | 16-PF Sorgeloos |
| SUPER | - | 16-PF Hoë Superegosterkte |
| SOSVRY | - | 16-PF Sosiaal Vrypostig |
| EMGEV | - | 16-PF Emosioneel Gevoelig |
| AGTERD | - | 16-PF Agterdogtig |
| VERBEEL | - | 16-PF Verbeeldingryk |
| SKERP | - | 16-PF Skerpsinnig |
| SKULD | - | 16-PF Geneig tot skuldgevoelens |
| ONDERS | - | 16-PF Ondersoekend |
| SELFGEN | - | 16-PF Selfgenoegsaam |
| BEHEER | - | 16-PF Sosiaal Beheers |
| GESPAN | - | 16-PF Gespanne |

HOOFSTUK 1

# 1. PROBLEEMAFBAKENING EN -STELLING

Aangesien die probleemstelling ten nouste saamhang met die aard van die beroepsleiding wat by die NIPN aangebied word, word die beroepsleidingsopset by die NIPN ter inleiding geskets.

## 1.1 Die NIPN - Beroepsleidingsopset

### 1.1.1 Historiese agtergrond

Die NIPN se beroepsleidingsdiens is vroeg in die 1950's ontwikkel om te voldoen aan die groeiende vraag na beroepsleiding vir jongmense, veral matrikulante. In daardie stadium was beroepsleiding nog nie algemeen beskikbaar by skole en universiteite nie. Die diens is dus beplan met die hoofdoel om skoolverlaters te help om gepaste beroepe te kies. (Visser, 1977).

Beroepsleiding of loopbaanvoorligting het as navorsings- en diensaktiwiteit heelwat verander oor die jare, na aanleiding van ontwikkelings op die gebied van voorligting in Suid-Afrika, asook die verandering in mense se behoeftes.

Sedert beroepsleiding by die NIPN 'n aanvang geneem het, het voorligtingsdienste uitgebrei na die skole, technikons, universiteite, Departement Mannekrag, RGN, privaatinstansies en voorligtingsielkundiges in privaatpraktyk. Dit het die NIPN die geleentheid gebied om sy beroepsleidingsdiens toenemend te koppel aan navorsing op hierdie gebied - nie slegs ter wille van die behoefte aan opvolgnavorsing nie, maar ook ter wille van die behoefte aan die ontwikkeling van verdere tegnieke en benaderings.

1.1.2 Getalle en areas wat bedien word

Beroepsleiding word in Johannesburg en Pretoria, asook in beperkte getalle by die NIPN se streekskantore in Bellville, Port Elizabeth en Durban aangebied. Die totale aantal kliënte wat per jaar deur die instituut gehanteer word, is ongeveer 1800. Hierdie kliënte het reeds die skool verlaat of is in standerd tien. (Lätti, Sept. 1980)

1.1.3 Doel van die diens

Die doel van die diens is om onder meer die volgende faktore met die oog op beroepsleiding te identifiseer en te integreer:

- belangstelling
- aanleg
- persoonlikheid
- opleidingsfasiliteite
- beskikbaarheid van finansies en die tydperk wat deur opleiding in beslag geneem sal word.
- werksmoontlikhede
- die aard van beroepe
- ontwikkelingsmoontlikhede in die toekoms (bevordering, asook verandering in die aard van die beroep met verloop van tyd.)
- en aanvraag

Visser (1977), in haar NIPN-verslag formuleer die doel van beroepsleiding verder as volg:

> "An attempt is made to provide clients .... with information about themselves and about particular study or work environments. By learning to recognize and accept the limitations, assets, motivation, personality characteristics and attitudes - especially to work and careers - clients should be helped to develop the insight necessary to solve, or at least alleviate, their occupational difficulties. An evaluation is made of the client's potential and vocational maturity at a given time, and guidelines and possible solutions or alternatives are enumerated." (p.8).

1.1.4 Aard van NIPN-toetse vir beroepsleiding

Die toetse wat toegepas word, bestaan uit twee groepe, naamlik die standaardbattery wat alle kliënte doen en die aanvullende battery wat deur die beroepsvoorligter gekies word op grond van die kliënt se behoeftes, belangstellings, ouderdom, geslag, opvoedkundige vlak, ervaring en moontlike beroep/e.

Die intellektuele toetse en belangstellingsvraelyste wat deur die NIPN gebruik word, het toepaslike norms sodat die kliënt met ander jongmense van naastenby dieselfde ouderdom, taal en opvoedkundige standaard vergelyk word.

Brammer & Shostrum (1968) beklemtoon dat dit die doel van alle toetsing vir voorligting is om aan die kliënt betroubare en geldige inligting omtrent homself te gee sodat die kliënt verstandige keuses sal kan maak. Die NIPN is dus gesteld op die geldigheid en betroubaarheid van toetsresultate.

1.1.5 Die populasiegroep waaruit kliënte getrek word

1.1.5.1 Ekonomiese vlak:

Alle vlakke van die samelewing word gedek. Omdat bepaalde konsultasie-onkoste tans van die kliënt verhaal word, wat byvoorbeeld nie die geval is by die Departement Mannekrag nie, word die laer inkomstegroep egter minder sterk verteenwoordig.

1.1.5.2 Opvoedkundige peil en ouderdom:

Die meeste kliënte is besig met matriek en is dus gemiddeld 18 jaar oud. Daar is egter ook heelwat kliënte wat reeds besig is met militêre opleiding of wat reeds werk. Daar word ook middelloopbaanvoorligting gedoen, maar hier is die benadering dikwels meer klinies. Kliënte wat vroeër as matriek die skool verlaat het, word slegs by uitsondering aanvaar.

1.1.5.3 Taal:

Beroepsleiding word aan Engels- en Afrikaanssprekende blankes gegee.

1.1.5.4 Intellektuele peil

Die intellektuele peil van die gemiddelde kliënt wat na die NIPN kom vir beroepsleiding, is bo die gemiddelde (Skawran & De Jager, 1975).

1.1.6 Kliënte se redes waarom hulle die NIPN nader vir beroepsleiding

Die meeste mense nader die NIPN vir beroepsleiding omdat die ouers dit verlang of omdat die kliënt self

graag beroepsleiding wil ontvang. Meestal is die begeerte by sowel die ouers as die kind aanwesig. Soms beveel 'n skoolvoorligter of onderwyser die diens aan. 'n Groot aantal kliënte kom egter na die NIPN vir beroepsleiding omdat hulle 'n aanbeveling van iemand ontvang het wat reeds beroepsleiding by die NIPN ontvang het. Die NIPN werf nie kliënte nie. By uitsondering word 'n ouer persoon deur sy werkgewer aangeraai om middelloopbaanvoorligting by die NIPN te ontvang.

Visser (1977) noem die volgende as redes wat die meeste kliënte aangee waarom hulle die NIPN vir beroepsleiding genader het:

- Om vas te stel wat sy vermoëns en aanlegte is.
- Om vas te stel wat sy kanse op akademiese sukses is.
- Verheldering van beroepsdoelwitte.
- Om onsekerheid omtrent beroepskeuse op te los.
- Om 'n professionele bevestiging te kry vir sy beroepskeuse.
- Om voorstelle vir verskillende beroepskeuses te kry.
- Om een spesifieke aanbeveling te kry ten opsigte van beroepskeuse.

## 1.2 Probleemstelling binne die NIPN-opset

In die proses van beroepsleiding is daar binne die NIPN-opset 'n behoefte aan meer inligting omtrent die kliënt se persoonlikheidsamestelling, soos dit onder meer manifesteer in die selfkonsep, omdat dit 'n belangrike rol in die keuse van 'n beroep speel. Praktiese ervaring dui daarop dat daar moontlik 'n verband bestaan tussen 'n persoon se

selfkonsep en sy belangstellingsprofiel. Die bewys van so 'n verband kan die NIPN-beroepsvoorligter help om tot 'n meer effektiewe diagnose te kom, wat die kliënt in staat sal stel om 'n meer doeltreffende beroepskeuse te maak.

1.3 Doel

Die oorkoepelende doel van dié studie is om die gehalte van die NIPN se beroepsleiding te verbeter. Die spesifieke doel is om maatstawwe te identifiseer wat relevante selfkonsepdimensies meet, en te bepaal in hoe 'n mate hierdie dimensies verband hou met bepaalde beroepsgerigte belangstellings.

1.4 Hipoteses

Sekere persoonlikheidseienskappe, soos gemanifesteer in 'n persoon se selfkonsep, hou verband met beroepsbelangstellings. Die volgende hipoteses sal getoets word:

1.4.1 'n Positiewe selfkonsep en sosiale selfvertroue hou verband met oorredings-, geselligheids- en openbare-optrede-belangstellings.

1.4.2 Mensgerigtheid in kombinasie met minder sosiale selfvertroue en/of minder positiewe selfbeeld, hou verband met 'n sosiale diensleweringsbelangstelling.

1.4.3 Passiwiteit, soos gemanifesteer in die selfkonsep, hou verband met passiewe belangstellings, byvoorbeeld buitelug, kuns, musiek, letterkunde, ensovoorts (dit wil sê belangstellings wat nie veel inspanning vereis in die uitlewing daarvan nie, byvoorbeeld luister na musiek).

1.4.4 Ontoereikende realisme, soos waargeneem in die selfkonsep, hou verband met geslagsidentifikasieprobleme, soos afgelei uit die 19-VBV-belangstellingsprofiel.

1.4.5 Sekere persoonlikheidsdimensies byvoorbeeld passiwiteit, selfkonsep, ensovoorts, hou verband met

1. intelligensie
2. skoolprestasie
3. oor/onderprestasie op skool

Die teoretiese basis van hierdie hipoteses word in die volgende hoofstukke bespreek.

# HOOFSTUK 2

## OMSKRYWING VAN ENKELE TERME SENTRAAL TOT DIE STUDIE

### 2.1 Posisie of pos, teenoor beroep of loopbaan

'n Spesifieke pos word beskou as slegs een stap in die individu se oorkoepelende loopbaanontwikkeling en -struktuur.

Vir die doel van hierdie studie word beroep as 'n deurlopende proses gesien wat verder strek as dié van pos (posisie). Die term beroep word dus in die sin van loopbaan gebruik.

### 2.2 Beroepsvoorligting of beroepsleiding

Lätti (Pretoria, 8 Mei 1979) het beroepsvoorligting, soos beoefen deur die NIPN, as volg gedefinieer:
"... 'n proses van hulpverlening wat berus op inligting omtrent (a) die persoon wat die inligting ontvang en
(b) die werk en die opleidingsgeleenthede binne bereik van hierdie persoon.

Die hulpverlening is 'n professionele proses wat deels op sielkundige, opvoedkundige en personeelbestuursterreine val."
Die terme beroepsvoorligting en beroepsleiding word uitruilbaar in hierdie studie gemaak.

### 2.3 Eienskappe van die beroepsleidingsproses as helpende verhouding

Die beroepsleidingsproses is 'n helpende verhouding wat plaasvind tussen twee persone waarvan die een in 'n hulpverlenende posisie optree en die ander hulp ontvang.

Die verhouding is persoonlik, sinvol en waardevol, en bestaan uit kognitiewe sowel as affektiewe elemente. Die verhouding is kontraktueel en sluit wedersydse toestemming, kommunikasie en samewerking in. Dit vind binne 'n bepaalde struktuur plaas en lei na verandering in die kliënt. Die beroepsvoorligter wil 'n bepaalde resultaat (verandering) deur middel van 'n beroepsleidingsproses teweegbring.

## 2.4 Doelwitte van beroepsvoorligting

2.4.1 Hoewel die primêre doel van beroepsleiding daarin geleë is om die kliënt in staat te stel om 'n sinvolle beroepskeuse te maak, is daar sekondêre doelwitte wat ook in gedagte gehou word.

2.4.2 Algemene geestesgesondheid - dit is persoonlikheidsintegrasie, aanpassing en positiewe identifikasie met ander, asook identifikasie met 'n beroepsrol word ook nagestreef.

2.4.3 Daar word gepoog om persoonlike effektiwiteit te verbeter. Blocher (1966) sien 'n persoon wat effektief funksioneer as volg:

> Iemand wat homself verbind aan projekte, die besteding van tyd en energie, en wat bereid is om paslike ekonomiese, sielkundige en fisieke risiko's te neem. Hy beskik oor die bekwaamheid om probleme te identifiseer, te definieer en op te los. Hy is redelik konsekwent in sy tipiese rolsituasie en is in staat om te dink op verskillende en oorspronklike (kreatiewe) maniere. Ook kan hy sy impulse kontroleer en paslike reaksies op frustrasie, vyandigheid en dubbelsinnigheid vorm.

2.4.4 Die kliënt se vermoë om 'n keuse te maak, is nie net beperk tot beroepskeuse nie. Tyler (1969) beweer "... the purpose of counselling is to facilitate wise choices of the sort on which later development depends." (p.31). Die beroepsvoorligter help die kliënt om helderheid te kry oor persoonlike eienskappe en emosionele aangeleenthede wat besluitneming mag beïnvloed of belemmer. Hierdie besluitneming is nie slegs beperk tot 'n besluit oor 'n beroep nie, maar sluit ander besluite in en gaan eerder om die proses van besluitneming.

2.4.5 Die waarde van beroepsleiding is nie net tot die persoon in sy begeerte tot selfverwesenliking beperk nie, maar is ook in landsbelang en is gekoppel aan die realiteite van die arbeids- en ekonomiese posisie.

2.5 Vir 'n omskrywing van die terme <u>self</u> en <u>selfkonsep</u>, en die verband hiervan met beroepskeuse sien Hoofstuk 4.

HOOFSTUK 3.

## LITERATUURSTUDIE TEN OPSIGTE VAN DIE TEORIEë VAN BEROEPSKEUSE

Verskillende navorsers het 'n verskeidenheid van teorieë geformuleer wat mense se beroepskeuses verklaar.

### 3.1 Nie-psigologiese teorieë van beroepskeuse

Volgens die nie-psigologiese teorieë word daar gepoog om faktore buite beheer van die individu te identifiseer wat sy beroepskeuse beïnvloed of bepaal.

#### 3.1.1 Die toevalsteorie

Hierdie teorie is van toepassing op persone wat deur faktore buite hulle beheer, sonder hulle eie beplanning of voorsiening, beïnvloed word om 'n beroepskeuse te maak. Super (1957, aangehaal in Crites, 1969) meen egter dat daar nie so iets bestaan soos 'n toevallige beroepskeuse nie. Hy beweer dat faktore soos sosio-ekonomiese status, intelligensie, finansies, ensovoorts, almal 'n rol speel en bepalend is; dus is die keuse nie toevallig nie. Nogtans bevind Miller & Form (1951) dat toevallige ervarings 'n groot rol kan speel in beroepskeuse.

Dit blyk uit die teenstrydige bevindings dat verskillende navorsers die term "toevallig" verskillend interpreteer of benader. (Crites 1969)

#### 3.1.2 Die teorie van ekonomiese faktore.

Hier beïnvloed vraag en aanbod die beroepskeuse. Die persoon kies dus 'n beroep wat vir hom die meeste ekonomiese voordele inhou. 'n Verdere faktor wat hier 'n rol speel, is die kennis wat die persoon het in verband met die inhoud en voordele van 'n beroep. Die lengte en koste van opleiding daaraan verbonde moet ook in ag geneem word.

Voorbeelde van verskeie ekonomiese faktore wat 'n rol speel in beroepskeuse in die huidige Suid-Afrikaanse opset, is die volgende:

(i) Meisies huiwer om vir algemene mediese praktisyn te studeer omdat die studiekursus so lank is en 'n aansienlike geldelike uitgawe vereis.

(ii) In die 1982-vrystelling van die hoogs besoldigde beroepe in Suid-Afrika die afgelope jaar, toon die RGN aan dat die versekeringsagent tans die hoogste gemiddelde inkomste het - 'n beroep wat nie noodwendig universiteitsopleiding vereis nie.

(iii) Mense huiwer om argitektuur of boukunde te studeer omdat hierdie mense tydens die vorige resessie werkloos gelaat is.

(iv) Daar bestaan 'n afname in studenteverpleegsters weens swak salarisse.

3.1.3 <u>Kulturele en sosiologiese teorieë</u>

Bedryf- en beroepsosioloë skryf beroepskeuse dikwels toe aan die impak van die kultuur en die gemeenskap waarin 'n persoon lewe, en die invloed hiervan op sy doelwitte. Anders gestel: Die kultuur en gemeenskap of groep binne die gemeenskap het 'n invloed op dit wat vir die individu waarde het. Onderafdelings van die kultuur of gemeenskap is:

- Die breë kultuur, byvoorbeeld Oosters, Westers, ensovoorts,
- Die subkultuur, byvoorbeeld ras, sosiale klas, geografiese ligging, ensovoorts,
- Die gemeenskap, byvoorbeeld buurt, maats, skool, kerk en gesin.

## 3.2 Psigologiese teorieë van beroepsleiding

### 3.2.1 Teorieë van trekke en faktore

Hierdie teorieë is gebaseer op die sielkunde van individuele verskille ten opsigte van persoonlikheidstrekke en die ontleding van die inhoud van beroepe. Die kritiek wat Super en Bachrach (1957, aangehaal in Crites, 1969) lewer, is dat beroepsgroepe te heterogeen is ten opsigte van die verskillende beroepe en take waaruit die beroepsgroepe bestaan, met die gevolg dat trekke en faktore wat beroepskeuse beïnvloed nie effektief gekoppel kan word aan bepaalde beroepsgroepe nie.

### 3.2.2 Teorieë in terme van psigodinamiese aspekte

Volgens hierdie benadering word gedrag gesien in terme van motiewe of dryfvere as oorsaak van 'n veranderingsproses (Crites, 1969). Die motiverende faktor of prosesvariant van hierdie teorie staan in sterk kontras teenoor die teorieë van trekke en faktore waar daar bloot 'n verband gesoek word na sekere waarneembare persoonlikheidstrekke of faktore wat die persoon beïnvloed om 'n sekere tipe van beroep te kies. In die geval van die psigodinamiese teorieë word die innerlike proses waardeur die persoon gaan, aangedryf deur motiewe en dryfvere, om tot 'n bepaalde beroepskeuse te kom, beklemtoon.

### 3.2.3 Die psigo-analitiese teorieë

Volgens die psigo-analiste pas die individu by sosiale verwagtings en standaarde aan deur sublimasie van die begeertes en impulse wat hy ervaar as gevolg van sy biologiese natuur. Daarvolgens reflekteer 'n persoon se beroep sy persoonlikheid, byvoorbeeld aggressiewe mense sal beroepe kies waarin daar sterk kompetisie is, soos in die geval van bemarking of 'n beroep waarin die persoon sy aggressie op'n sosiaal aan-

vaarbare manier kan uitleef. (Meadow, 1955, aangehaal in Crites, 1969). Bordin, et al (1943), wys daarop dat die psigo-analitiese teorie slegs van toepassing is waar die persoon 'n hoë mate van vryheid ten opsigte van sy keuses het, en waar eksterne faktore soos ekonomiese, kulturele en geografiese faktore en beperkinge nie so 'n sterk invloed uitoefen nie.

Die rol wat die ego speel in beroepskeuse is eerste deur Ginzberg et al (1951) uiteengesit. Hy het die volgende gepropageer: Die adolessent moet 'n akkurate insig in sy sterktes en swakhede hê, sodat hy vir homself bereikbare doelwitte kan stel. Hy moet dus sy planne aan die realiteit toets deur dit objektief te evalueer in terme van sy persoonlike en omgewingshulpbronne. Hy moet die realiteitsbeginsel volg eerder as die plesierbeginsel, en onmiddellike behoeftebevrediging uitstel ter bereiking van 'n langtermyndoelwit.

> "In short, to make a realistic vocational choice, the individual must be able to bring the future into the psychological present, consider the advantages and disadvantages of alternative courses of action, commit himself to one of the alternatives, and control his behaviour sufficiently to implement the alternative he selected." (Crites, 1969, p93).

### 3.2.4 Teorie van behoeftebevrediging

Waar die psigo-analitiese teorieë primêr fokus op die verdedigingsmeganismes van die persoon in sy beroepskeuse, gee die teorie van behoeftebevrediging priotiteit aan die begeertes en behoeftes wat die individu stimuleer om een beroep bo 'n ander te verkies (Crites, 1969).

Roe (1957) het veral klem gelê op die individu se vroeë psigososiale ervarings, veral in die gesin, en die effek hiervan op die vorming van behoeftes en die aanwending van psigiese energie. Behoeftes van kinders wat ouers minimaal of na 'n periode van uitstel bevredig, word onbewuste motiveerders vir die keuse van sekere beroepsaktiwiteite. Roe maak gebruik van Maslow se behoeftehiërargieë waar die hoër orde-behoeftes (begrip, die estetiese, selfaktualisering) slegs na vore kom as die laer orde-behoeftes (voedsel, veiligheid, liefde) bevredig is. In die blanke Suid-Afrikaanse gemeenskap wat meestal relatief welvarend is, is dit die hoër orde-behoeftes wat 'n beduidende motiveringsfaktor is, omdat die laer orde-behoeftes meestal reeds vervul is. Veral die behoefte aan selfverwesenliking is van groot belang vir die Suid-Afrikaner in die bo-gemiddelde sosio-ekonomiese laag. 'n Verdere waardevolle bydrae wat Roe deur haar teorie gemaak het, is dat sy op die verhouding van verskillende lae of vlakke van behoeftes en beroepe wys, en nie soorte behoeftes en beroepe nie.

## 3.3 Teorieë ten opsigte van die self

### 3.3.1 Teorieë van ontwikkeling

Volgens hierdie teorieë word aanvaar dat besluitneme ten opsigte van beroepskeuse plaasvind gedurende bepaalde fases in 'n persoon se lewe en dat dit 'n aaneenlopende proses is.

#### 3.3.1.1 Ginzberg se teorie (Crites, 1969)

(i) Die beroepskeuse is 'n proses wat oor die hele periode van adolessensie strek, vanaf ouderdom ongeveer tien jaar tot 21.

(ii) Dit is moeilik om die proses te keer - as jy reeds 'n sekere rigting ingeslaan het, is dit moeiliker om van keuse te verander hoe verder jy op die pad gevorder het. Besluite reeds geneem, geld en tyd bestee, het 'n remmende invloed op keuseverandering.

(iii) Die proses word beëindig deur 'n kompromis tussen die individu se behoeftes en die realiteit soos dit manifesteer binne 'n bepaalde omgewing of situasie.

3.3.1.2. <u>Super se teorie</u> (1968)

Waar Gingzberg en sy medewerkers gebruik gemaak het van die psigoanalitiese ego-psigologie, het Super die beginsels van die differensiële en fenomenologiese psigologie gebruik om die keuseproses te beskryf en te verklaar:

(i) Mense verskil wat betref hulle vermoëns, belangstellings en persoonlikhede.

(ii) Hierdie eienskappe maak hulle geskik vir 'n aantal beroepe.

(iii) Elke beroep benodig 'n kenmerkende samestelling van eienskappe, maar laat 'n verskeidenheid van beroepe vir elke individu toe, en laat toe dat 'n verskeidenheid van individue in elke beroep sal pas.

(iv) Selfkonsepte en omstandighede verander van tyd tot tyd, sodat keuse 'n voortdurende proses is.

(v) Die proses bestaan uit 'n reeks lewenstadiums - groei, ontdekking, vaslegging en aftakeling. Die eksploratiewe stadium kan byvoorbeeld opgedeel word in fantasie-, tentatiewe- en realistiese fases, en die vasleggingstadium in probeer- en stabiele fases.

(vi) Die tipe van beroep wat gekies word, hang af van die persoon se ouers se sosio-ekonomiese vlak, geestestabiliteit, persoonlikheidseienskappe en die geleenthede waaraan hy blootgestel word.

(vii) Ontwikkeling deur die lewenstadiums kan gelei word deur die proses van volwassewording van vermoëns en belangstellings aan te help; deels deur middel van realiteitstoetsing, en in die ontwikkeling van die selfkonsep.

(viii) Die proses van beroepsontwikkeling is in wese die ontwikkeling en implimentering van die selfkonsep. Dit is 'n kompromisproses waarin die selfkonsep die produk is van die interaksie van oorgeërfde aanlegte, neurale en endokriene samestelling, geleentheid om verskillende rolle te speel, en evaluerings van die mate waarin die resultate van die rollespel die goedkeuring wegdra van meerderes en gelykes.

( ix) Die proses van kompromis tussen individuele en sosiale faktore, tussen selfkonsep en realiteit, is een van rollespel, of die rol

nou in fantasie, in die voorligtingsonderhoud of in werklike lewensaktiwiteite soos skool en deeltydse werk is.

(x) Werksbevrediging hang af van hoe doeltreffend jy jou vermoëns, belangstellings en persoonlikheid kan uitleef in 'n beroep en lewenswyse waarin jy die tipe van rol kan speel wat jy uit ervaring weet is van pas.

3.3.1.3 Tiedeman se teorie (Crites, 1969)

Tiedeman het probeer vasstel wat die reeks van besluite is wat 'n individu maak in die loop van sy loopbaanontwikkeling. Hy beskryf eers die periode van afwagting ("anticipation") wat bestaan uit ondersoek ("exploration"), kristallisering, keuse en duidelikheid ("clarification"). Die tweede periode is dié van implementering en aanpassing.

3.3.2 Besluitnemingsteorieë

Besluitnemingsmodelle word gebruik om die beroepskeuse te konseptualiseer.

3.3.3 Interdissiplinêre konsep van beroepskeuse

In terme van hierdie benadering word die interaksie tussen persoonlikheid, ekonomiese toestande, sosiale klas en instansies, sowel as veranderings binne beroepe as gevolg van tegnologiese ontwikkeling in ag geneem.

3.3.4 Interprestasie van beroepskeuse in terme van algemene ontwikkeling

Hierdie benadering is ook inter-dissiplinêr en spruit uit die Arden House-konferensie wat gehandel het oor die teorie van beroepsontwikkeling. Super en Bachrach (1957) het hierdie teorie ontwikkel en lê groot klem op die ontwikkelingsaard van keuses wat met beroepe te doen het en maak gebruik van 'n ontwikkelingsraamwerk en lewenstadiums om die fases van beroepskeuse te omskryf. Hulle wys ook op die kulturele, sosiale en psigodinamiese faktore wat die keuseproses vanaf die kinderdae tot volwassenheid beïnvloed,

Hulle beklemtoon byvoorbeeld dat 'n mens se selfkonsep begin vorm aanneem voor adolessensie, dat dit duideliker word gedurende adolessensie en omgesit word in terme van 'n beroep gedurende adolessensie. Beroepskeuse bestaan dan daarin dat daar 'n kompromis of sintese van persoonlike en sosiale faktore, selfkonsep en realiteit, nuut aangeleerde response en bestaande reaksiepatrone bewerkstellig word.

3.4 Samevatting van beroepskeuseteorieë

'n Eklektiese benadering is nodig vir die beroepsvoorligter, omdat daar aspekte van elke teorie is wat relevant is, ten opsigte van beroepskeuse. Dit is nodig dat die beroepsvoorligter bewus is van al hierdie teorieë met betrekking tot die proses van 'n beroepskeuse omdat dit hom net kan help om die kliënt se probleem beter te verstaan deurdat hy die kliënt se situasie uit verskillende oogpunte en met inagneming van verskillende faktore kan benader.

Die proses van beroepskeuse is 'n komplekse aangeleentheid wat met omsigtigheid deur die beroepsvoorligter benader moet word.

Die psigologiese teorieë, die teorieë in verband met die self sowel as die interpretasie van teorieë in terme van algemene ontwikkeling, lê almal klem op die selfkonsep.

HOOFSTUK 4.

# 4. LITERATUURSTUDIE MET BETREKKING TOT DIE ROL VAN DIE SELFKONSEP IN BEROEPSKEUSES.

## 4.1 INLEIDING.

Sentraal aan die proses van beroepsleiding lê die selfkonsep. Super se fundamentele uitgangspunt is

> "that occupational preferences represent a translation of self concepts into vocational terms." (Aangehaal in Oppenheimer, 1968, p214).

## 4.2 Definisie van die self.

4.2.1 Freud (1940) sien die begrip "ego", wat die voorloper van die begrip self is, as die integrerende faktor in die persoonlikheid. Hy sien die ego egter nie as outonoom nie, maar onderhewig aan die id.

4.2.2 Die self is nie dieselfde konsep as die ego nie. Die self word algemeen gesien as "a content of awareness, an aspect of human experience," terwyl die ego ook onbewuste prosesse bevat (Sanford, 1976, p81).

4.2.3 Jung sien die self as die kern van persoonlikheid en sien dit ook as sentraal tot volwassewording. (Vrey, 1974).

4.2.4 Allport (1961) sien die self en egofunksies as essensies van die persoonlikheid, wat onder andere die volgende insluit: liggaamsbeweging, selfidentiteit, selfagting, selfkonsep, rasionele denke, die kenfunksie en die selfbeeld. Hy sien ook nie die ego of self as aparte entiteite binne die mens nie, maar as 'n integrale deel van die persoonlikheid.

Vir hom is die self iets wat 'n mens se ontplooiing en volwassewording al meer tot vergestalting laat kom (aangehaal in Wiechers, 1979).

4.2.5 William James (aangehaal in Diggory, 1966) het gesê,

> "The determinant of a person's self-evaluation is the position he holds in the world, contingent on his success or failure." (p16)

(James het die begrippe : "self-evaluation", "self-feeling" en "self-regard" as sinonieme gebruik.) Ons het hier te doen met die waarneming van die self deur die persoon self.

4.2.6 Höffding (1891, aangehaal in Diggory, 1966) het self-bewustheid (bewustheid van die self) deegliker ondersoek en gevra hoe onderskei die mens tussen sy eie self en dinge buite hom.

4.2.7 Beide Mead (1934, aangehaal in Wiechers, 1979) en Rogers (1959) sê dat die self ontwikkel uit sosiale kontak met verskillende mense, met ander woorde dit is deur die siening van ander wat jy jou siening van jouself ontwikkel.

4.2.8 Ander sielkundiges soos Oesterreich (1910, aangehaal in Diggory, 1966) beskryf weer nie die belewing van die self in 'n sosiale konteks of in terme van ander nie :

> "I is directly experienced as a feeling, willing, perceiving, or thinking I." (p17)

4.2.9 Ander sielkundiges beskryf weer die bewuswording, siening of waarneming van die self in terme van ervarings, (sosiaal of nie-sosiaal). Diggory (1966) meld dat Calkins beïndruk was deur die verband tussen self en bepaalde klasse van ervarings, veral emosies en sentimente; die prosesse van persepsie, denke, wil, verbeelding, hou van en hou nie van nie.

4.2.10 Diggory stel verskeie tipes van "self-report" voor wat kan aandui waaruit die self van 'n persoon kan bestaan :

(i) Outeurskap, soos wanneer iemand sê : "Ek het dit gedoen."

(ii) Eienaarskap, soos : "Dit is myne."

(iii) Rol-identiteit soos : "Ek is 'n man."

(iv) Reputasie, soos : "Mense sê ek is lui."

(v) Objek van ander se optrede, soos : "Hy het my seergemaak."

(vi) Liggaamsidentiteit, soos : "Ek is kort van postuur."

Hierdie benadering van Diggory blyk 'n waardevolle benadering te wees om 'n selfbeskrywing te ontleed.

4.2.11 Halloweli sê dat die bewustheid van die self nie kan bestaan sonder self-evaluering nie.

4.2.12 Samevattend kan gesê word dat die self 'n sentrale begrip in die persoonlikheid is. Dit is 'n belewing van die self wat spruit uit

(i) 'n persoonlike ervaring van die self

(ii) kontak met mense

(iii) ervaring van situasies (sosiaal en nie-sosiaal)

4.3 Identiteit.

Die vraag ontstaan of self sinoniem is met die konsep identiteit.

4.3.1 Burke en Reitzes (1981) postuleer dat identiteit 'n stel betekenisse is wat tipies is van die self in rol. Hierdie betekenis van identiteit het rigting en intensiteit, byvoorbeeld passief of aktief.

4.3.2 Burke en Tully (1977) verklaar identiteit as die betekenisse wat 'n mens aan jouself heg in 'n bepaalde rol, asook die betekenisse wat ander aan jou toeskryf. Identiteit is 'n sosiale produk en word gevorm en behou deur die sosiale prosesse.

4.3.3 Identiteit is betekenisse wat aan die self geheg word in bepaalde situasies, hiërargies georganiseer om die self te vorm. Die vorming van identiteit hang dus gedeeltelik af van geleenthede. Die geleenthede of situasies is ook sosiaal van aard.

4.3.4 Reitzes (1981) se navorsing dui daarop dat die verwysingsraamwerk wat 'n mens gebruik om jou identiteit (of jou self-siening) vas te stel, dieselfde verwysingsraamwerk is wat gebruik word om 'n mens se eie gedrag in daardie situasie vas te stel - 'n direkte verband dus tussen optrede (gedrag) en self-siening.

Die terme self-siening en self-konsep word deur baie navorsers uitruilbaar gebruik en word vir die doel van hierdie studie as sinoniem beskou.

4.3.5 Starishevski (1968) beweer dat selfkonsepte bestaan uit alle stellings in psigologiese terme wat die persoon maak omtrent <u>homself en ander.</u> Sy benadering is dus dat 'n persoon se selfkonsep nie kan ontwikkel sonder vergelyking met of kontrastering met ander nie. Diggory (1966) lei af uit 'n literatuurstudie oor die onderwerp dat daar sielkundiges is wat sê dat self-evaluering net gemaak kan word in terme van sosiale kritera of deur vergelykings met ander mense te tref, of dat slegs hierdie tipe van evaluerings die moeite werd is om in ag te neem. Ander, soos Pepper (1958), aangehaal in Diggory, 1966) erken egter ook individuele, doelgerigte optredes en persoonlikheidstruktuur.

4.3.6 Identiteite is <u>simbolies</u> en <u>wederkerend.</u> Dit is deur interaksie met ander dat die betekenis van die self bekend raak en verstaan word deur die individu. Mense reageer op jou optrede, en selfkennis word ontwikkel uit die reaksies van ander. Mettertyd roep die persoon se optrede by homself dieselfde reaksies uit as wat oorspronklik deur ander gegee is. 'n Mens se optrede, woorde en voorkoms word dus <u>betekenisvolle simbole.</u>
Erikson (1971) sien identiteit as die belewing van wie jy regtig is. Die identiteit is onder andere ook belewing van die liggaam, wat in die geval van die adolessent in sy identiteitsverwerwing van die grootste belang is (Wiechers, 1979).

4.3.7 <u>Samevattend.</u>
Identiteit kan gesien word as die persoon se <u>rol</u> in 'n bepaalde <u>situasie</u> en is 'n sosiale produk. Identiteit is nie sinoniem met self nie - dit is eerder gekoppel aan selfsiening.

4.4 Definisie van die selfkonsep.

4.4.1 Die vraag ontstaan nou hoe die tema self in verband gebring word met die selfkonsep.

Die selfkonsep is in wese 'n interpreterende proses wat gebruik word om gedrag te verklaar of betekenis daaraan te heg (Wells, 1978). Hierdie definisie word gesteun deur Burke, en Starishevski (1968) beweer dat as jy 'n persoon se beskrywing van homself wil verstaan, 'n mens moet weet aan watter ander mense hy ook so 'n beskrywing gee, byvoorbeeld 'n persoon wat sê: "Ek is lui" se stelling sal verskillend geïnterpeteer word as hy ook sê: "Die meeste mense is lui." of "Die meeste mense met wie ek in aanraking kom, is hardwerkend." Hy neem dus die standpunt in dat die persoon se psigologiese beeld van ander 'n integrale deel van sy selfkonsepsisteem is.

Sarbin (1954, aangehaal in Starishevski, 1968, se definisie van die selfkonsep kom daarop neer dat dit is wat die persoon glo hyself is - die kombinasie van al die dinge wat hy van homself waarneem. Starishevski sê egter:

> "The self-concept system may be viewed as a person's psychological field, his formulation of the world." (p208).

Dit kom daarop neer dat die selfkonsep bestaan uit die manier waarop die persoon homself en ander waarneem. Hierdie uitgangspunt sal in hierdie studie geïmplementeer word.

4.4.2 Die selfkonsep het ook heelwat te doen met die mens se waardes, omdat die mens se waardes feitlik alle fasette van menslike gedrag beinvloed; ook hoe 'n mens jouself en ander evalueer en beoordeel, hoe 'n mens jouself aanbied, jou optrede rasionaliseer, jouself verdedig en met ander vergelyk (Rokeach, 1980).

4.4.3 Van Rooyen (1980) sê die volgende van die selfkonsep :

> "The concept of self therefore relates to a composite of traits, thoughts, feelings experiences, expectations, all of which constitute the individual's awareness of who and what he is; a conscious personal perception of abilities, status, role, needs and expectations." (p39)

4.4.4 Wiechers (1979) laat haar soos volg uit oor die begrip selfkonsep.

> "Die selfkonsep is die moontlikheidsvoorwaarde vir selfaktualisering. 'n Persoon se selfkonsep gaan bepaal hoe hy homself aanslaan, waartoe hy dink hy in staat is, en uiteindelik wat hy gaan aandurf, omdat 'n mens jouself teen mislukking en kritiek wil beskerm .... Die selfkonsep is dus inderdaad 'n persoon se geëvalueerde selfbeeld." (p46).

4.4.5 Die selfkonsep is altyd in 'n proses van verandering of ontwikkeling. Daar is baie keusepunte in 'n mens se lewe, en na elke keuse verander ons en ons selfkonsep as gevolg van wat ons gekies en

verwerp het. Super (1957) sê die selfkonsep ontwikkel as gevolg van die interaksie tussen oorerwing en omgewing, en ontwikkel deur ervarings in verskillende rolle en identifikasie met verskillende modelle.

4.4.6 Samevattend kan 'n mens dus sê dat die selfkonsep die siening is wat jy van jouself ontwikkel uit kontak met ander maar ook op grond van jou aangebore psigologiese samestelling. Hoewel 'n mens se selfkonsep dus altyd 'n sosiale konnotasie het, dra aangebore eienskappe ook daartoe by, byvoorbeeld intelligensie of 'n liggaamsgebrek. Die selfkonsep is egter nie staties nie, maar 'n dinamiese proses wat altyd die moontlikheid van groei insluit. Die konsep wat jy van jouself het, bepaal jou gedrag en is dus 'n rigtinggewende aspek van jou persoonlikheid - ook ten opsigte van beroepskeuse.

4.5 Selfskonsep in terme van beroepskeuse.

4.5.1 Studies van Englander (1960), Blocher en Shutz (1961) en Morrison (1962) dui daarop dat studente hulleself meer ooreenkomstig 'n voorkeurberoep sien as 'n nie-voorkeurberoep.
Brophy (1969) het bevind dat die verpleegstudente wat hulleself waargeneem het ooreenkomstig die rolvereistes van hulle beroep, meer werksbevrediging ervaar het as verpleegstudente wie se selfsiening nie ooreengestem het met die rolvereistes van die verpleegberoep nie.

4.5.2 Crown en Stephens (1961) sê

> "Self-esteem and such terms as self-regard, self-acceptance, and satisfaction with self, comprise a series of theoretical constructs that have been used interchangeably to denote the degree of satisfaction in selfevaluation." (Aangehaal in Oppenheimer, 1968, p215).

Die betekenis van hierdie stelling in terme van beroepskeuse is die volgende :
Dit is nodig dat mense aspekte van hulle werklike en ideale selfkonsepte rekonsilieer voordat hulle in staat is om 'n sinvolle beroepskeuse te maak.

4.5.3 Dit self oefen beheer uit deur 'n mens se gedrag te wysig tot daar 'n mate van ooreenkoms tussen jou identiteit en jou optrede (gedrag) is (Powers, 1975, aangehaal in Burke, Reitzes, 1981). Aangesien belangstellingsvraelyste se items bestaan uit gedrag binne 'n bepaalde beroep en daar verwag word dat die kliënt moet identifiseer met hierdie gedrag, of dit moet verwerp, is dit duidelik dat belangstellingsvraelyste, soos gebruik in beroepsleiding, gekoppel is aan identiteit (self) en die selfsiening.
Rosenberg (1979, aangehaal in Burke en Reitzes, 1981) noem twee maniere waarop die selfkonsep gedrag motiveer:

(i) Eiewaarde - die begeerte of strewe om goed van jouself te dink.

(ii) Self-konsekwensie - die begeerte om jou identiteit te behou asook om jou selfkonsep te beskerm teen verandering.

'n Mens sou dus waarskynlik 'n beroep kies wat aan een of albei van hierdie vereistes voldoen.

4.5.4 Healy (1975) sê die selfkonsep is ook 'n mens se aspirasies - wat 'n mens wil word of die beroepsrol waarin jy jouself sien, is ook deel van jou selfkonsep.

4.5.5 "The selfconcept acts as both a mirror of the self and as a "filter" "through which possible careers, current job performance and social interactions are viewed." (Stewart en Nejedlo, 1980 p531).

Dit beteken dat tensy ek myself sien as bekwaam, waardig, gemotiveerd, ensovoorts, om sukses te behaal, ek 'n bepaalde studiekursus, byvoorbeeld, nie eens mag oorweeg nie.
Stewart en Nejedlo (1980) beweer dat die selfsiening drie komponente het, naamlik
(i) selfbeeld
(ii) eiewaarde en
(iii) selfvertroue.

(i) Stewart en Nejedlo (1980) sien selfbeeld as die waarneming van 'n mens se fisieke voorkoms en beskou dit as 'n belangrike faktor in 'n mens se sosiale interaksies, wat strek van jou etniese posisie binne 'n gemeenskap tot jou persoonlike voorkoms teen die agtergrond van jou kultuur (lank, mooi, ensovoorts). Hierdie siening van die selfbeeld is egter baie eng. Selfbeeld kan nie slegs as liggaamsbeeld gesien word nie. Volgens Rubins (1967) is die selfbeeld die somtotaal van alle

beskrywende eienskappe, dit wil sê liggaamsbeeld, persoonlikheidstrekke, emosies, gedragspatrone. Die selfbeeld verander ook voortdurend na aanleiding van ervaring.

(ii) Eiewaarde word deur Stewart en Nejedlo (1980) gesien as 'n mens se basiese gevoelens van waardes, jou eksistensiële "weet" van jou kapasiteit om lief te hê en hoe waardig jy is as objek van 'n ander se liefde.

(iii) Selfvertroue word deur Stewart en Nejedlo (1980) beskryf as 'n refleksie van 'n mens se prestasie, die gevolg van die skeidingsvlak tussen mense se natuurlike talente en hulle aangeleerde vaardighede en tegnieke, soos hulle in werking tree in die sosiale, beroeps- of nie-beroepsfere.

4.5.6 Brissett (1972) sê om effektief te kan funksioneer, moet die individu 'n realistiese selfbeeld hê wat hom in staat sal stel om sy sefkonsep aan te pas wanneer nodig. 'n Onrealistiese of onduidelike selfkonsep kan lei tot ondoeltreffende funksionering en kan ook tot die gevolg hê dat die persoon 'n gebrek aan kontrole oor sy lewe het.

4.5.7 Samevattend kan die volgende afgelei word uit die voorafgaande:
Die selfkonsep is bepalend ten opsigte van die beroepskeuse omdat die selfkonsep gedrag motiveer om ooreen te stem met die manier hoe 'n mens

homself nou en in die toekoms waarneem. 'n Mens kies met ander woorde 'n beroep om by jou selfkonsep te pas, en as jou selfkonsep onrealisties is, sal jou beroepskeuse gevolglik ook onrealisties wees.

As 'n mens 'n realistiese of onrealistiese selfkonsep ondersoek, kom die kwessie van 'n negatiewe of positiewe selfkonsep outomaties na vore.

4.6 Die positiewe of negatiewe selfkonsep (gevoel van eiewaarde).

Soos reeds genoem, is 'n gevoel van eiewaarde 'n komponent van die selfkonsep. Dit gee aan die selfkonsep 'n positiewe of negatiewe lading.

Twee komponente van eiewaarde is deur navorsers (Kimble et al 1972, McFarlin et al, 1981, Shranger et al, 1975) uitgewys.

4.6.1 'n Globale eiewaarde, wat die relatief langdurige waarneming van 'n mens se oorkoepelende eiewaarde of bekwaamheid behels.

4.6.2 'n Situasionele eiewaarde, wat die persoon se waarneming van sy waarde of bekwaamheid in die konteks van 'n spesifieke taak of opset behels (McFarlin en Blascovich, 1981). Schlenker et al (1976) stel voor dat mense met 'n sterk gevoel van eiewaarde gewoond is daaraan om persoonlike sukses te ervaar, verkies positiewe terugvoering omtrent hulleself van ander, en neig om negatiewe terugvoering te verwerp.

Na aanleiding van 'n studie van McFarlin en Blascovich (1981) bevind die ondersoekers dat 'n mens se waarneming van jou eiewaarde dus positief kan wees op kognitiewe vlak en negatief op affektiewe vlak byvoorbeeld 'n persoon voel minderwaardig maar het vir homself 'n verhewe selfbeeld opgebou waarvolgens hy homself as superieur waarneem, en omgekeerd byvoorbeeld die intelligente mens wat bewus is van sy goeie intellek, maar homself onderskat as gevolg van selfonsekerheid. Die kognitiewe vlak is meer langdurig, en affektiewe reaksies op 'n enkele voorval van sukses of mislukking kan soms min of geen effek hê op 'n vasgelegde vlak van eiewaarde nie.

Die gevoel van eiewaarde kan gesien word as 'n positiewe selfkonsep, terwyl gebrekkige gevoelens van eiewaarde 'n meer negatiewe selfkonsep aandui.

In die NIPN se selfbeskrywingstoets selekteer die kliënt eienskappe van homself om oor te skryf, asook situasies wat vir hom belangrik is. Daar kan dus geredeneer word dat die versameling van situasionele eiewaardes 'n aanduiding sal gee van die globale eiewaarde. Anders gestel : Die selfkonsep word in die selfbeskrywing in terme van situasies en persone gesien wat deur die kliënt uitgekies is. Die versameling van hierdie aspekte van die selfkonsep behoort 'n aanduiding te gee van die globale selfkonsep.

Die positiewe of negatiewe selfkonsep is gekoppel aan beroepsvolwassenheid - dit is die volwassenheid om 'n sinvolle beroepskeuse te kan maak.

## 4.7 Die selfkonsep en beroepsvolwassenheid.

### 4.7.1 Aspekte van beroepsvolwassenheid.

Beroepskeuse kan realisties of idealisties wees. Met 'n idealistiese keuse word bedoel 'n beroep wat 'n persoon sal kies as hy vry kan wees om enigiets te kies sonder inagneming van praktiese probleme, eise, vermoëns, ensovoorts. (Zytowski 1970). 'n Realistiese keuse word gesien as die beroep wat gekies word omdat die persoon dit as die mees aangewese keuse beskou met inagneming van alle faktore binne en buite homself.

Om dus 'n realistiese beroepskeuse te kan maak, is dit nodig om kennis van die self en die omgewing te hê.

Gibsons en Lohnes (1968, aangehaal in Zytowski (1970) het agt faktore geïdentifiseer ten opsigte van beroepsvolwassenheid in die maak van sinvolle beroepskeuses, naamlik

(i) Kennis van die studiekursusse en die verband wat dit het met die beroep/e wat die persoon wil volg, byvoorbeeld die skoolvakke wat 'n mens nodig het.

(ii) Kennis van die beroep/e self.

(iii) Die vermoë van die persoon om sy eie positiewe en negatiewe eienskappe te kan verbaliseer.

(iv) Die akkuraatheid van sy selfinsig.

(v) Sy vermoë om te kan bepaal wat die bronne van sy selfsiening is, of die oorsake van die bepaalde manier waarop hy homself waarneem.

(vi) Bewustheid van sy eie belangstellings wat nodig is vir die bepaalde beroep/e wat hy oorweeg.

(vii) Bewustheid van sy waardes.

(viii) Die mate waarin sy keuse selfstandig ontwikkel het.

4.7.2 Korttermynberoepsleiding as middel tot die ontwikkeling van groter beroepsvolwassenheid.

Met korttermynberoepsleiding word bedoel dat slegs een of twee onderhoude toegestaan word, in teenstelling met die relatief lang proses wat byvoorbeeld in die skole in die V.S.A. plaasvind.

Flake, Roach en Stemming (1950) bevind in 'n studie met graad 10 studente dat korttermynberoepsleiding wel beroepsvolwassenheid kan aanhelp of verbeter.

> "Counseling directed specifically toward reinforcing dimensions believed to be of a developmental mature results in more mature responses in a relatively short time span". (p78).

Rose (1978) in 'n studie ten opsigte van die doeltreffendheid van self-instruksieprosedure op die ontwikkeling van 'n meer positiewe selfbeeld by kinders met leerprobleme bevind dat 'n korttermyn-veranderingstrategie, gebaseer op selfkontroleprosedures die selfkonsep kan verbeter.

Hierdie bevindings van navorsers behoort die beroepsvoorligter optimisties te stem ten opsigte van die impak of effektiwiteit van die beroepsleidingsprosedure, al is die tydsduur van die beroepsleidingsonderhoud korter as wat 'n mens dit ideaal sou wou hê.

4.7.3 Die rol van die beroepsleidingsonderhoud in die ontwikkeling van groter beroepsvolwassenheid.

4.7.3.1 Rubinstein (1978) meen dat 'n uurlange onderhoud om toetsresultate te interpreteer

nie voldoende is nie, maar 'n mens moet die praktiese situasie, en dit wat wel moontlik is in ag neem. As 'n kliënt van 'n ver plek byvoorbeeld Kaapstad of Windhoek kom, is dit dikwels nie prakties moontlik om hom langer as 'n dag hier te kan hou nie en opvolgonderhoude is nie altyd moontlik nie. Die beroepsvoorligter behoort te poog om die kwaliteit van die uurlange onderhoud te verhoog. Deur die onderhoud te verryk, kan gepoog word om optimale ontwikkeling in die rigting van beroepsvolwassenheid teweeg te bring.

Healy (1975) kom tot die volgende gevolgtrekking. (The Vocational Quarterly, 1975)

> "... in interpreting tests and inventories counselors should put at least as much emphasis on stimulating clients to reflect upon the meaning of their scores as on helping them to remember their scores." (p151)

4.7.3.2 Thompson (1972) beweer, na aanleiding van 'n ekstensiewe literatuurstudie ten opsigte van 400 studies gedoen oor onderhoudvoering dat kennis van die persoon se selfkonsep 'n kortpad is na ander inligting omtrent hom, byvoorbeeld sy gevoelens, houdings, interpersoonlike verhoudings en geestesgesondheid. Variante soos geslag, jare van formele opvoeding, geboortevolgorde en vermoëns korreleer swak met die selfkonsep.

4.7.3.3 Thompson bevind dat die selfkonsep verband hou met <u>angs</u> - hoe swakker die selfkonsep, hoe hoër die angs. Hierdie resultaat is konstant gevind, maak nie saak watter metingskale vir angs gebruik is nie. In die deurlees van die kliënt se biografiese en persoonlikheidsdata, sowel as gedurende die onderhoud, behoort daar dus na die hoeveelheid en tipe van angs opgelet te word. Hoe meer inligting 'n mens het omtrent die persoon, hoe beter is jy in staat om 'n bydrae tot die verbetering van beroepsvolwassenheid te lewer.

4.7.3.4 Thompson bevind ook dat mense met 'n meer positiewe selfkonsep meer <u>selfgeldend</u> is of meer geneë om hulle <u>gevoelens</u> en <u>behoeftes</u> teenoor ander <u>uit te druk.</u> Daar kan in die lees van die selfbeskrywing, sowel as die onderhoud dus inligting omtrent die selfkonsep (positief of negatief) verkry word wat benut kan word in strategieë om beroepsvolwassenheid te stimuleer.

4.7.3.5 Dit is gewens dat daar in die onderhoud verwys sal word na die manifestasie van bepaalde belangstellings wat nie strook met die selfkonsep nie, byvoorbeeld as 'n persoon 'n sterk oorredingsbelangstelling toon, maar hy het min sosiale selfvertroue of sosiale vaardighede, behoort die situasie met hom bespreek te word. Insig in sy behoefte aan byvoorbeeld selfgelding kan hom help om meer realisties ingestel te word ten opsigte van sy beroepskeuse.

4.7.3.6 Die onderhoudvoerder moet sensitief wees ten opsigte van indirekte boodskappe vanaf die kliënt. Hy moet byvoorbeeld bewus wees daarvan as die kliënt hom as 'n outoriteitsfiguur waarneem of hom nie vertrou nie, of twyfel oor die sukses van beroepsleiding, sodat hierdie onderliggende gevoelens nie die sukses van die beroepsleiding benadeel nie. (Turock, 1980).

4.7.3.7 Connolly (1980) wys daarop dat sommige jongmense hulleself sien as slagoffers, of mense met wie dinge gebeur waaroor hulle nie kontrole het nie, wat kan lei tot 'n gebrek aan motivering, en onrealisme ten opsigte van eie vermoëns in die hand werk. Phares (1976, aangehaal in Connolly 1980) sê:

> "To enhance the individual's capacity to cope with the world successfully, one must influence their generalized expectancy of control." (p170).

Om die kliënt te help om groter kontrole in sy situasie uit te oefen, moet die voorligter bedag wees op die volgende aanduidings:

(i) Om toestande en mislukkings aan mense of voorwerpe buite homself of buite sy beheer toe te skryf.

(ii) Uitdrukkings van swakheid, byvoorbeeld "Ek kan nie ...".

(iii) Uitdrukkings van onbuigsaamheid, byvoorbeeld "Dit is nou maar so en ek kan niks daaraan doen nie."

(iv) Uitdrukkings van geloof in die noodlot, toeval, geluk of ongeluk, byvoorbeeld "Ek het nooit die geleentheid gehad ..."

(v) Uitdrukkings van wensdenkery, byvoorbeeld "Ek sou graag meer sosiaal wou wees."

Hierdie tipes van response kan 'n mens ook verwag by die kliënt wat 'n gebrek aan realisme toon - ook in sy beroepskeuse. 'n Aanknopingspunt vir die bespreking van 'n gebrek aan kontrole of 'n gebrek aan realisme gedurende die onderhoud kan verkry word uit stellings soos hierbo aangedui - verkry uit die persoonlikheidsdata of die onderhoud self.

4.7.3.8 Die vraag ontstaan nou hoe die onderhoudvoerder te werk moet gaan om die kliënt te help om homself as 'n aktiewe instrument in sy lewe, ook in sy beroepskeuse en studie, te sien.

Bandura (1977) sê dat die gevoel van bekwaamheid van 'n kliënt in die onderhoud sodanig verhoog kan word dat dit sy gedrag en prestasie positief kan beïnvloed. Hy stel vier maniere voor waarop hierdie verbetering in die selfkonsep teweeg gebring kan word:

(i) Bandura beweer dat die suksesvolle uitvoering van 'n gedragvorm waarskynlik die kragtigste bron van toekomstige verwagtings van bekwaamheid is. - (Daar behoort dus in die onderhoud klem gelê te word op die suksesse wat 'n kliënt behaal het. Soms beskou 'n persoon iets as 'n mislukking, maar dit het ook 'n positiewe kant wat aan hom uitgewys behoort te word.)

(ii) Deur <u>ander waar te neem</u> en uit hulle suksesvolle hantering van 'n situasie te leer, kan die kliënt gehelp word om sy verwagtings ten opsigte van sy eie bekwaamheid te wysig. (Die implikasie is hier dat hy die onderhoudvoerder dophou en iets by hom kan leer).

(iii) <u>Verbale oorreding en aanmoediging</u> kan ook 'n bydrae lewer, veral as die kliënt voel die voorligter stel vertroue in hom. Kritiek wat op hierdie stelling gelewer kan word is dat die funksie van 'n beroepsvoorligter nie is om mense te oorreed nie. 'n Mens kan egter nie ontken dat die beroepsvoorligter 'n sterk invloed uitoefen op die kliënt nie, en daar mag meer oorreding (moontlik indirek of subtiel) plaasvind as wat die beroepsvoorligter graag wil erken. 'n Vorm van oorreding wat doelbewus in 'n beroepsleidingsituasie plaasvind, is om die kliënt te beïnvloed om meer prakties te dink omtrent sy beroep in terme van aanvraag, moontlike toekomstige tendense soos 'n resessie wat werkbeskikbaarheid mag beïnvloed, toekomstige ontwikkelingsmoontlikhede, die aantal en tipes van toekomstige werkgewers (byvoorbeeld slegs Staatsdiens, of slegs een beskikbare werkgewer in 'n bepaalde veld), ensovoorts

(iv) Die voorligter kan ook die graad van emosionele opwekking, byvoorbeeld <u>angs</u>, ten opsigte van 'n taak wat moet uitgevoer word, <u>verminder</u>, byvoorbeeld deur die kliënt insig te gee in sy intellektuele en/of persoonlikheidspotensiaal.

Hoewel Bandura hierdie vier beginsels hoofsaaklik op mense met fobies toegepas het, kan hierdie beginsels met diskresie in die beroepsvoorligtingonderhoud geïnkorporeer word.

4.7.3.9 Om die kliënt se beroepsvolwassenheid te bevorder, is dit ook nodig dat 'n gees van optimisme in die onderhoud geprojekteer word. Boy en Pine (1972, aangehaal in Boy en Pine, 1980) beweer die volgende : Voorligters wie se werk dit is om mense se lewensituasie te verryk, het geen uitweg nie: hulle moet hoopvol en optimisties wees, beide in hulle persoonlike en professionele hoedanigheid.

4.7.3.10 Samevattend kan dit gestel word dat die beroepsleidingsonderhoud 'n gulde geleentheid bied vir die ontwikkeling van 'n groter mate van beroepsvolwassenheid deur die kliënt te help om sy selfinsig te verbeter en 'n meer realistiese beroepsbenadering aan te kweek en deur positief te wees en op die kliënt se sterktes te konsentreer. Dit blyk ook duidelik uit bogenoemde bespreking watter aansienlike verantwoordelikheid daar op die beroepsvoorligter rus omdat hy oor die vermoë beskik om 'n eienskap van fundamentele belang in die beroepskeuse, naamlik beroepsvolwassenheid, te beïnvloed.

## 4.8 Samevatting.

4.8.1 Die self is 'n sentrale, integrerende, waardebepalende begrip in die persoonlikheid. Die belewing van die self spruit uit

(i) 'n persoonlike ervaring van die self.

(ii) kontak met mense en

(iii) ervaring van situasies (sosiaal en niesosiaal).

4.8.2 Identiteit word deur Burke en Reitzes (1981) gesien as die self in rol, maar is vir praktiese doeleindes sinoniem met self.

4.8.3 Die selfkonsep is 'n waardebepalende, interpreterende siening van die self en is direk gekoppel aan gedrag. Die selfkonsep ontwikkel uit 'n kombinasie van oorerwing en sosiale kontak en sluit sy siening van ander in. Ervaring verander die selfkonsep, dus is dit dinamies. Dit behels ook toekomsverwagtings omtrent die self en is dus rigtinggewend ten opsigte van strewes en gedrag.

4.8.4 Die selfkonsep is bepalend ten opsigte van beroepskeuses omdat dit gedrag bepaal en toekomstige waarneming of verwagtings van die self insluit. 'n Onrealistiese selfkonsep sal lei tot 'n onrealistiese beroepskeuse.

4.8.5 Of 'n mens 'n positiewe of negatiewe selfkonsep het, hang saam met jou gevoel van eiewaarde. Die situasionele eiewaarde is gekoppel aan 'n mens se selfsiening in 'n bepaalde opset of situasie, terwyl 'n mens ook 'n globale eiewaarde het, wat aandui hoe jy jouself gebruiklik of oor die algemeen waarneem.


4.8.6 Beroepsvolwassenheid dui op 'n vermoë om 'n realistiese beroepskeuse te maak met inagneming van alle faktore binne en buite die persoon self.

4.8.7 Beroepsvolwassenheid kan verbeter word in die beroepsleidingsonderhoud al is die onderhoud relatief kort van duur.

4.8.8 Skematies kan die posisie van self en selfkonsep in die breër opset van die beroepswêreld as volg voorgestel word.

Die selfkonsep in terme van beroepskeuse kan skematies as volg voorgestel word

Verskillende moontlike beroepskeuses.




Eventuele beroepskeuse.

## HOOFSTUK 5.

## DIE ROL VAN GESLAGSBESKOUING IN BEROEPSLEIDING.

Die selfkonsep is noodwendig gekoppel aan die wyse waarop die kliënt homself sien en handel in 'n manlike of vroulike rol of die mate waarin hy of sy onseker is van sy of haar geslagsrol.

### 5.1 Geslagstipering as persoonlikheidsdimensie.

> "Gender awareness is the personal knowledge that one belongs to one particular sex and not to another." (Van Rooyen, 1980, p10.)

Sanford (1967) beweer :

> " A disposition toward masculinity or toward femininity, in either sex, may be conceived of as a dynamic structure in the personality, which is capable of affecting a wide range of behaviour." (p191)

Om bewus te wees van jouself as manlik of vroulik en om getipeer te word as manlik of vroulik, beïnvloed dus die gedrag.

### 5.2 Menslike seksualiteit as persoonlikheidsdimensie.

> "Sex is a fundamental dimension of human awareness and development. It is involved with the ever present desire for personal satisfaction and happiness, and as a consequence involves man's need to establish fulfilling relationships with others."

(Schiller, 1977, aangehaal in Fyfe, 1980, p147) Fyfe merk ook op dat menslike seksualiteit 'n belangrike persoonlikheidsdimensie is wat nie deur voorligters geïgnoreer durf word nie.

### 5.3 Geslagsrol-identiteit.

Adams (1976, aangehaal in Wiechers, 1980) sê die mees fundamentele aspek van geslagsrol-identiteit is die eenvoudige waarneming van die self as manlik of vroulik. Wiechers sien dan ook toereikende identifikasie as 'n voorvereiste vir die sinvolle vernuwing van 'n eie identiteit.

5.3.1 In die natuurlike, "normale" verloop van ontwikkeling <u>identifiseer</u> die seun met die vader en die dogter met die moeder. (Brammer en Shostrum, 1968).

5.3.2 Steinel en Suziedelis (1963, aangehaal in Zytowski, 1970) bevind dat <u>ongeag die geslag</u> van die kind, diegene wat met die vader geïdentifiseer het, geneig is om meer <u>manlike beroepe</u> te kies en dié wat meer met hulle moeders geïdentifiseer het, meer vroulike rolle in hulle beroepe gekies het. Stewart (1959) het bevind dat seuns wat sterk met hulle moeders geïdentifiseer het, geneig het tot minder manlike werk, soos gereflekteer in patrone van laer tellings op die manlike beroepe van die Strong.

Crites (1962) het ook studies van seuns se identifikasie met die moeder of vader gedoen met belangstellings op die Strong. Hy het bevind dat sterk identifikasie met die vaders patrone van belangstelling in besigheid tot gevolg gehad het, terwyl min of swak identifikasie met die vader tot literêre beroepe gelei het. Segal en Szabo (1964, aangehaal in - Zytowski, 1970) het dieselfde gevind.

5.3.3 Erikson (1950, aangehaal in King en Neal, 1968) noem die volgende aspek van geslagsidentifikasie : Kinders identifiseer nie uitsluitlik met net een ouer nie, maar net aspekte van ouers of <u>segmente</u> van hulle gedrag, byvoorbeeld 'n seun mag identifiseer met sy vader se tegniese belangstellings of aktiwiteite, maar nie met sy godsdienstige of sosiale uitkyk nie. Die kind kan ook met liggaamsdele of liggaamsfunksies van die ouer identifiseer. Dignon (1965, aangehaal in King en Neal)

1968) beweer dat identifikasie onspesifiek is, en impliseer 'n integrasie van vele deelidentifikasies.

## 5.4 Die selfkonsep in terme van geslagsrol-identiteit.

### 5.4.1 Geslagsrol-stereotipering.

In teenstelling met empiriese bewyse in verband met geslagsverskille, verteenwoordig stereotipes kategoriese beoordelings oor die individu se persoonlike eienskappe op 'n basis van geslag en sosiokulturele rolverwagtings. Donahue (1976, aangehaal in Worell, 1980) het bevind dat beroepsvoorligters beroepe aanbeveel vir senior hoërskoolmeisies wat laer salarisse bied, waaroor daar meer toesighouding is en wat 'n laer akademiese kwalifikasie vereis as wat die geval is met beroepe wat vir mans aanbeveel is.

Die gemeenskap ken bepaalde eienskappe toe aan mans en vrouens vir die doel van verbeterde prestasie in tradisionele geslagsrolle. Die stereotipe beelde van die <u>presterende man en die versorgende vrou</u> is 'n <u>kragtige dryfveer</u> in die sosialisering van kinders soos wat hulle na volwassenheid groei. Norme wat die goedgekeurde manlike of vroulike beeld oorheers, word duidelik omlyn en versterk. Brouerman et al (1972, aangehaal in O'Leary, 1974) bevind na aanleiding van 'n studie dat bekwaamheid in mans gesien word in eienskappe soos objektiwiteit, vaardigheid, besigheidsin en effektiewe besluitneming. Eienskappe wat in vroue aangeprys word, sentreer om die uitlewing van warmte, wat die teenpool van die manlike profiel is. Prather (1971, aangehaal in O'Leary, 1974) bevind dat dogters, namate hulle ouer word, meer waarde toeken aan seuns en minder aan hulleself.

Dit is dus duidelik dat geslag 'n invloed op die selfkonsep het en dat die gemeenskap se stereotipe verwagtings van die mens op grond van sy geslag ook 'n invloed het op sy selfkonsep. Pitman en Hansen (1972) het bevind dat meisies oor die algemeen 'n meer negatiewe selfbeeld het as seuns.

5.4.2 Die implikasie van geslagsrolstereotipering ten opsigte van beroepsleiding.

Die beroepsvoorligter moet insig hê in sy eie neiging om geslagsrolle te stereotipeer. Orlofsky (1981) bevind dat sekere gedragsvorms en belangstellings wat as stereotiep manlik of vroulik beskou word in werklikheid paslik is vir albei geslagte.

Die houding van die gemeenskap ten opsigte van bepaalde geslagstereotipe beroepsrolle verander met loop van die tyd. So word dit byvoorbeeld toenemend aanvaarbaar dat meisies elektronika as vak op skool neem of ingenieurs word.

## 5.5 Verband tussen geslag, selfkonsep en ouderdom.

Jackson het in 1974 'n studie gedoen waarin hy onder meer die volgende bevind het.

5.5.1 Die jonger man, wat as selfvervreemd geklassifiseer is, was meer ontevrede met homself as gevolg van gevoelens van magteloosheid, as wat die geval was met ouer mans.

5.5.2 Jonger mans is beduidend meer ontevrede met hulle selfbeeld as ouer vrouens.

5.5.3 Jonger mans het meer eensaam gevoel as jonger meisies.

Jackson se bevinding, dui dus daarop dat beide geslag en die belewing van laat-adolessensie 'n invloed kan hê op die belewing van die self. Die implikasie hiervan vir die beroepsvoorligter is dat hy die selfkonsep van die kliënt moet waarneem in terme van geslagsrolidentiteit in kombinasie met die ouderdom van die kliënt.

5.6 Geslag van die kliënt as faktor in beroepskeuse.

5.6.1 Tradisionele verwagtings ten opsigte van rolle van mans en vrouens.

Van Rooyen (1980) stel dit dat tradisionele verwagtings van die manlike presteerder en die vrou aan wie voorgeskryf word, verskille mag veroorsaak in die manier waarop mans en vrouens hulle beroep- en opvoedkundige keuses takseer.

Dit word aanvaar dat 'n man sy adolessensie sal identifiseer met die beroep wat hy gekies het.

Dit sal hom help om 'n selfkonsep en 'n verkose lewenstyl te vorm.

Met vrouens is die situasie anders. Hulle neig om hulle gevoel van identiteit eerstens in 'n refleksie van huis- en gesinsrolle te soek, en neig dus om gereflekteerde of toegekende rolle te aanvaar. Eers later in hulle lewens mag hulle fokus van identiteit meer innerlik word en kan 'n persoonlike selfidentiteit ontwikkel.

Rossi (1980) wys daarop dat die vrou wat die tweeledige rol van huisvrou en loopbaan- of werkende vrou wil vervul, gekonfronteer word met ander lewensvereistes as die getroude, werkende man.

Wiechers (1979) noem na aanleiding van 'n literatuurstudie oor die onderwerp vier redes waarom dit vir 'n meisie moeiliker is om 'n selfidentiteit as beroepsidentiteit te ontwikkel as wat die geval is met 'n jongman. (p62 en 63.)

(i) Die meisie wil graag met waardes wat hoog geag word vir haar geslag identifiseer. Wiechers noem dat akademiese prestasie, veral in syferkundige vakke nie hoog geag word vir meisies nie.

(ii) In die adolessensie word die meisie sterk met haar eie jong vroulikheid gekonfronteer en wil graag aanvaarbaar en aantreklik vir die teenoorgestelde geslag wees. As voorbeelde van 'n onderdrukking van haarself noem Wiechers dat sy nie die vrymoedigheid het om in die klas sterk standpunt in te neem nie en doelbewus haar akademiese prestasie mag rem.

(iii) Aan die einde van haar hoërskoolloopbaan voorsien sy binne die volgende dekade vir haarself 'n huwelik en sien dus nie haar beroep as 'n langtermynbelegging nie. Dit blyk egter uit ondervinding dat heelwat jongmeisies hulle in matriek alreeds voorberei vir die dubbele rol van huisvrou en beroepsvrou. 'n Mens moet egter in ag neem dat die kliënte wat deur die NIPN beroepsleiding ontvang 'n geselekteerde groep is wat intelligensie, sosio-ekonomiese en huislike agtergrond betref. Skawran en De Jager (1975) het bevind dat die intelligensie van die matrikulante wat deur die NIPN getoets is bo-gemiddeld is. Die feit dat die kliënt moet betaal vir beroepsleiding, terwyl die Departement van Mannekrag dit gratis lewer, is 'n selekterende faktor. Slegs kliënte wat in matriek is of reeds matriek geslaag het, word gesien. Kinders wat vroeër die skool verlaat, word nie deur die NIPN vir beroepsleiding getoets nie.

(iv) Teen die tyd wat die meisie in matriek is, het sy so lank reeds geïdentifiseer met 'n geslagsrol wat as minderwaardig en onbekwaam buite huislike verband gesien word, dat sy bang is om die mededingende beroepswêreld te betree.

Hoewel hierdie vier faktore wat Wiechers noem sekerlik in heelwat gevalle geldig is, selfs moontlik in die meerderheid van gevalle, is daar tog veranderings besig om in te tree in die verwagte beroepsrol van die meisie, veral in die geval van meisies in die hoër sosio-ekonomiese lae van die samelewing, asook waar die meisies in huise grootgeword het waar die moeder 'n suksesvolle beroepsvrou is. Die meisie se intelligensie en selfvertroue behoort ook 'n bydrae te lewer daartoe dat haar vermoëns en toekomsverwagtinge nie altyd so erg geïnhibeer hoef te word nie.

5.6.2 <u>Houdings teenoor die beroep op grond van geslag.</u>

Manharat (1972, aangehaal in Lee, Mueller en Miller, 1981) meen dat verskille wat daar bestaan in die houding van vrouens teenoor hulle beroep nie aan geslag as sodanig toegeskryf kan word nie, maar aan die beroepsoriëntasie van die vroulike werker. Sommige verwag nie om meer as 'n paar jaar te werk nie en dus is hulle beroep nie vir hulle van oorweldigende betekenis nie. Die vrouens wat wel hulle beroep sien as 'n langtermynloopbaan, se werkshoudings stem ooreen met dié van mans.

As die persoon homself kan identifiseer met 'n bepaalde beroepsrol en hy kan homself kompromitteer tot 'n beroepsrol van sy keuse, postuleer Jackson (1974) dat hy daarmee 'n identiteitsrolkonflik kan oplos en hierdie besluit kan 'n groter tevredenheid met die self teweeg bring. In 'n studie het Jackson aangetoon dat hierdie hipotese waar is vir die adolessente seun, maar nie die dogter nie. Dit is waarskynlik daaraan toe te skryf dat 'n beroep nie altyd vir dogters van soveel fundamentele belang is as vir seuns nie en dat daar by hulle nog altyd die rol van huisvrou geïmpliseer word. Let daarop dat hy nie 'n verskil maak tussen die meisies wat hulleself as beroepsvrouens waarneem en die wat 'n beroep as 'n tydelike bedrywigheid sien nie.

5.6.4 Toekomsverwagtings ten opsigte van sukses in die beroep soos beïnvloed deur geslag.

Hackett em Betz (1980) noem dat die eienskappe wat die stereotipe manlike rol uitmaak hoofsaaklik instrumenteel is, byvoorbeeld selfgelding, aktiwiteit, kompetisie en dominansie. Hierdie kwaliteite help nie alleen prestasie aan nie, maar verhoog die kans van sukses omdat hierdie eienskappe die persoon positief instel ten opsigte van sukses, dat hy dus sukses verwag en selfgemotiveerd is.

In teenstelling hiermee is die stereotipe vroulike rol een van emosioneel ekspressiewe eienskappe, byvoorbeeld versorging, sensitiwiteit en passiefonderdanige kwaliteite. Hierdie eienskappe lei nie so geredelik tot die suksesvolle hantering van take nie en dra ook nie daartoe by dat die vrou sukses verwag nie.

Die man het meer geleentheid om deur middel van kinderliteratuur, teksboeke en die media indirek te leer en met suksesvolle mense in hulle beroepsrolle te identifiseer. In die genoemde literatuur en media word die vrouens oorwegend in hulle stereotipe rolle van huisvrou en moeder aangebied, sodat die vrou hierdie metode van indirek leer grootliks ontsê word. Daar is minder beskikbare beroepsrolle waarmee die jongmeisie kan identifiseer. Dit benadeel haar toekomstige verwagtings ten opsigte van bekwaamheid en sukses.


5.7 Samevatting.

5.7.1 Gedrag, identiteit en selfkonsep is nou verweef met mekaar.
Effektiewe geslagsrolidentifikasie is nodig vir 'n gesonde selfkonsep en beïnvloed die persoon se vermoë om 'n sinvolle beroepskeuse te maak.

5.7.2 Stereotipe geslagsrolle deur die gemeenskap aan mans en vrouens toegeken, beïnvloed hulle beroepskeuse, hulle toekomsverwagting en hoe suksesvol hulle is. Dit beïnvloed ook beroepsvoorligters in die tipe van beroepe wat julle vir die kliënt aanbeveel.

5.7.3 Daar moet 'n verskil gemaak word in beroepsleiding tussen meisies wat hulleself as beroepsvrouens waarneem en diegene wat 'n beroep as sekondêr ten opsigte van hulle huisvrou- en moederrol sien.

5.7.4 Geslagtelikheid (Die feit dat die mens 'n geslag het - man of vrou is): sy dit nou "normaal" of "abnormaal", is 'n faktor waarvan die beroepsvoorligter deeglik in die beroepsleidingsproses moet kennis neem.




Skematies kan die vier fasette wat in hierdie studie bespreek word, naamlik die beroepsleidingsoekende, die rol van die selfkonsep, die voorligtingsfunksie (die katalisator), en die beroepsvereistes wat almal saam meewerk tot die kliënt se beroepskeuse, as volg voorgestel word:

HOOFSTUK 6.

# 6. DIE ROL VAN BELANGSTELLINGS IN DIE BEROEPSLEIDINGSPROSES.

## 6.1 Inleiding:

Belangstellingsvraelyste word feitlik sonder uitsondering in beroepsleiding gebruik. Dit is slegs in baie individualistiese beroepsleidingsbenaderings soos dié van Lindhard (1978) wat die belangstellingsvraelys nie as sodanig geïnkorporeer word nie. Belangstellings is sentraal aan die proses van beroepsleiding.

## 6.2 Aard van belangstellings.

### 6.2.1 Belangstelling as ingesteldheid.

Strong (1943 aangehaal in Crites 1969) het belangstelling as volg omskryf: Belangstelling is teenwoordig as ons bewus is van 'n voorwerp, of nog beter, as ons bewus is van ons ingesteldheid ("set or disposition") teenoor die voorwerp. Ons hou van die voorwerp as ons bereid is om in die rigting daarvan te reageer, en ons hou nie daarvan nie as ons die voorwerp alleen wil laat of daarvan af weg wil kom.

### 6.2.2 Belangstelling as dryfveer.

In 1955 beskryf Strong belangstellings in terme van dryfvere. Darley & Havenagh (1955, aangehaal in Crites, 1969) sê belangstellings reflekteer, in die woordeskat van die wêreld van werk, die waardesisteme, die behoeftes en motivering van individue.

6.2.3 Belangstelling in terme van behoeftebevrediging.

Van Straaten, (1962, aangehaal in Smit, 1981) verklaar die volgende in verband met belangstelling:

> "Hoe dit ook al sy, gaan enige behoefte gepaard met 'n gevoel van verwagting, 'n gevoel van spanning en 'n strewe na dié dinge wat die behoefte moontlik sal bevredig - belangstelling word daarin getoon." (p284)

Smit stem saam met 'n groot aantal navorsers dat

> "belangstelling ontstaan as behoeftebevredigende aksies om dit wat as 'n onewewigtigheid bestempel kan word, te herstel." (p284)

6.2.4 Belangstelling gekoppel aan waardes.

Wat betref die waardesisteme waarna Darley & Hagenagh verwys, is dit ook duidelik dat waardes en belangstelling ook nie van mekaar geskei kan word nie.

Die SV-waardevraelys (Study of Values) van Allport, Vernon & Lindzey meet byvoorbeeld die relatiewe belangrikheid van ses basiese belangstellings of motiewe in persoonlikheid.

6.2.5 Belangstelling as gerigtheid.

Lourens (1970) sien belangstelling in terme van gerigtheid. Gerigtheid, meen hy het altyd 'n fokus en word bepaal deur die manier wat die persoon hierdie fokus waarneem. Die gerigtheid kan ook op valse waarneming berus. Gerigtheid mag 'n homeostatiese of doelgerigte komponent hê (wat ooreenstem met Smit se beskrywing van die belangstelling wat ontstaan uit 'n behoefte, en 'n soeke na ewewig verteenwoordig).

Daarbenewens beweer Lourens egter dat gerigtheid ook 'n agtergrondkomponent het (byvoorbeeld assosiasie met status, afwisseling, ensovoorts). Hy noem dat waardes eweneens 'n rol by gerigtheid speel, en so ook gewoonte, persoonlike styl en verdedigingsmeganismes. Gerigtheid word ook bepaal uit die verwagte of daadwerklike bevrediging wat uit die fokus geput word.

6.2.6 Samevatting.

Samevattend kan dus gesê word dat belangstellings spruit uit behoeftes, gekoppel is aan die waardesisteem maar soms onrealisties kan wees wanneer dit berus op 'n valse aanname dat 'n bepaalde "fokus" die behoefte sal bevredig.

6.3 Belangstellingsdimensies.

Verskillende dimensies van belangstelling is deur die jare ondersoek en geïdentifiseer. 'n Voorbeeld hiervan is die verskillende dimensies in die Kuder- Voorkeurrekord: buitelug, meganies, berekening, wetenskaplik, oorredend, kuns, literêr, musiek, maatskaplike dienslewering en klerklik. Die 19-VBV meet byvoorbeeld 19 belangstellingsdimensies.

6.4 Ontstaan, ontwikkeling en verandering van belangstellings

Super (1954, aangehaal in Smit, 1981) wys daarop dat belangstellings begin om uit te kristalliseer in die vroeë adolessensie. Indien Maslow se hiërargie van behoeftes as uitgangspunt aanvaar word, behoort realistiese belangstellings wat volwassenheid weerspieël eers in die laat adolessensie uit te kristalliseer. Super (1954, aangehaal in Smit, 1981) sê dat verandering in belangstellings gedurende die eerste jaar op universiteit spruit uit onrypheid om 'n sinvolle beroepskeuse

te maak, wat die gevolg van 'n swak gedefinieerde selfkonsep is. 'n Ander tipe persoon wat Super beskryf wat ook van belangstellingspatroon sal verander, is die persoon wat wel 'n goed gedefinieerde selfkonsep het, maar wat nie in staat is om dit in verband met toepaslike beroepstereotipes te bring nie.

Super & Crites (1962) bevind dat 'n persoon se vakke op skool of kollege (universiteit) en die neiging om in een beroep te bly vir 'n lang tydperk, skynbaar geen beduidende uitwerking op belangstellings soos vasgestel deur belangstellingsvraelyste het nie. Aan die ander kant het ervarings gedurende die eerste twee jaar van werk en opleiding in 'n professionele veld wel 'n mate van invloed op belangstellings, waarskynlik as gevolg van die persoon se eerste werklike kontak met die veld. Diegene wat 'n studierigting verlaat, ondergaan 'n verlaging in belangstelling in dié bepaalde veld nadat hulle weg is, en diegene wat van studierigting verander, neig om hoër belangstellings in velde te ontwikkel nadat hulle die verandering gemaak het. Hierdie belangstellingsveranderings is oor die algemeen egter nie groot nie. Daar vind wel beduidende veranderings van belangstelling by <u>sommige</u> mense plaas as gevolg van blootstelling aan nuwe ervaring -

> "... perhaps those whose prior experience has been inappropriate for the development of an adequate self-concept." (Super & Crites, 1962, p410).

Carter, (1940, aangehaal in Super & Crites 1962,) beweer die adolessent se belangstellings raak toenemend prakties. In sy poging om in te pas in die komplekse samelewing ondervind die adolessent ervarings wat 'n basis vorm vir die integrasie van sy persoonlikheid. Die patroon van sy beroepsbelangstellings word geleidelik nouer geïdentifiseer met die self. Borden (1943) meen dat die persoon wat 'n belangstellingsvraelys beantwoord, 'n siening van sy selfkonsep uitdruk. Omdat die

selfkonsep nog onontwikkel en dinamies is, behoort belangstellings in 'n mate daarmee saam te ontwikkel en is dit dus moontlik dat sekere veranderings kan plaasvind.

Dit is dus duidelik dat verskillende faktore, byvoorbeeld 'n swak ontwikkelde selfkonsep, onrypheid, gebrek aan ervaring of blootstelling, ensovoorts, 'n mate van verandering (ontwikkeling) in belangstelling in die loop van tyd by mense kan teweeg bring, hoewel die aanduidings is dat hierdie veranderings selde drasties is.

Die relevansie hiervan vir beroepsleiding is dat resultate nie op sigwaarde aanvaar kan word wanneer daar aanduidings van onrypheid, 'n gebrek aan realisme en ervaring waargeneem kan word nie. Nogtans is die belangstellingsprofiele die primêre bron van inligting wat die beroepsvoorligter het van die persoon se belangstellings en moet 'n mens noodwendig daarvan gebruik maak.

## 6.5 Meting van belangstellings

### 6.5.1 Inleiding.

Belangstellingsvraelyste het bestaan lank voor daar enige teorieë geformuleer is om belangstellingsmeting op 'n meer wetenskaplike manier te rig, maar was nie daarom minder suksesvol nie. (Zytowski, 1970).

### 6.5.2 Maniere waarvolgens inligting oor belangstellings verkry kan word.

6.5.2.1 Super & Crites wys op 4 maniere waarop 'n mens inligting omtrent 'n persoon se belangstelling kan verkry:

(i) Die belangstelling wat iemand verbaliseer.

(ii) Belangstellings geïmpliseer deur aktiewe deelname aan die bepaalde aktiwiteit of beroep.

(iii) Kennis omtrent bepaalde aktiwiteite en beroepe.

(iv) Response op 'n belangstellingsvraelys.

6.5.2.2 Die waarde van uitgesproekte teenoor gemete belangstellings.

Op grond van 'n literatuurstudie bevind Slaney & Russell (1981) dat:

(i) Wanneer uitgesproekte en gemete ("inventoried") belangstellings verskil, uitgesproekte belangstellings meer voorspellingswaarde het as gemete belangstellings.

(ii) Wanneer die twee ooreenstem, is die voorspellingswaarde hoër as wanneer hulle nie ooreenstem nie.

6.5.2.3 Afleidings

(i) Uit hierdie bevinding blyk dit dat die beroepsleier uitgesproekte beroepsbelangstellings van die kliënt in verband behoort te bring met die gemete belangstellings en dat hy teenstrydighede deeglik met die kliënt behoort te bespreek.

(ii) 'n Verdere afleiding wat uit Slaney & Russell se werk gemaak word, is dat 'n tweede belangstellingsvraelys, in kombinasie met die eerste, die voorspellingswaarde behoort te kan verhoog.

(iii) Slaney & Russell stel voor dat kliënte by wie die ooreenkoms tussen gemete en uitgespreekte belangstellings laag is, kan baatvind daarby om hulleself te ondersoek en beter te leer ken.

### 6.5.3 Belangstellingsmeting in terme van die selfkonsep.

Super & Crites (1962) postuleer die volgende:

"... that in answering the questions in an interest inventory an individual records a series of self-perceptions, which in turn are summated by the scoring scale in such a way as to reveal the similarity or dissimilarity of his selfconcept to the selfconcept which has been found to be characteristic of persons in the occupation being scored." (p407, 408).

### 6.5.4 Voorspellingswaarde van belangstellingsprofiele ten opsigte van werksbevrediging.

Studies wat met die Kuder gedoen is, het aangetoon dat beroepe wat ooreenstem met belangstellings heelwat meer werksbevrediging gee as 'n beroep wat nie met die belangstellings ooreenstem nie. Ander studies gebaseer op die Strong het egter weer nie 'n beduidende korrelasie getoon nie.

### 6.5.5 Interverhoudings tussen die belangstellings, ervaring, aanlegte en persoonlikheid

Crites (1969) vind dat die korrelasies tussen aanlegte en belangstellings meestal laag is. Dieselfde geld vir korrelasies tussen belangstelling en persoonlikheid asook tussen aanleg en persoonlikheid. Smit (1981) wys egter daarop dat simplistiese aannames ten opsigte van hierdie komplekse aangeleentheid nie gemaak behoort te word nie.

Super & Crites (1962) kom tot die gevolgtrekking dat persoonlikheidsaanpassing in die sin daarvan dat jy gevoelens van toereikendheid en sekuriteit ervaar nie verband hou met belangstellingspatrone nie maar wel met sosiale aanpassing. Tog blyk dit dat sosiale aanpassing belangstellings kan beïnvloed (soos uiteengesit deur Alberts, 1974). Darley & Hagenagh (1955) het byvoorbeeld bevind dat die sosiale aanpassingskaal van die MMPI beduidend gedifferensieer het tussen individue met besigheidskontak- en sosiale diensleweringsbelangstellings, van diegene met ander tipes van belangstellings.

Super & Crites (aangehaal in Crites, 1969,) beweer:

> "Although it has been assumed that there should be linear correlations between certain personality traits and adjustment in some occupations for example social dominance and selling, submissiveness and bookkeeping, introversion and research or writing - such relationships have been found in very few occupations." (p516 - 517)

Hierdie bevinding spruit uit studies wat met objektiewe sowel as projektiewe persoonlikheidstoetse uitgevoer is. Crites verwys egter nie na persoonlikheidstrekke wat by mense gevind word wat belangstelling toon in 'n bepaalde beroepsrigting nie (soos van toepassing op hierdie studie), maar slegs korrelasies met mense wat reeds in 'n bepaalde beroep staan.

Le Roux (1955) het met die CV belangstellingsvraelys onder andere die volgende gevind:

- Die goedaangepaste groep stel meer in wetenskap belang as die ongeselekteerde groep.

- Mense met 'n neurotiese tendens stel in besigheid belang.

- Die goedaangepaste groep het eerder 'n praktiese belangstelling as intellektuele belangstellings.

- Die gemiddelde tot labiele (neurotiese) groep stel meer in die teoretiese en intellektuele, as in die praktiese belang.

- Die labiele (neurotiese) groep het 'n kunsbelangstelling en nie 'n openbare optredebelangstelling nie.

Dit blyk dus uit Le Roux se bevinding dat hy aanduidings gevind het dat sekere belangstellings gekoppel is aan bepaalde persoonlikheidseienskappe of -toestande (byvoorbeeld goedaangepas, neuroties, ensovoorts)

Sy beskouing van wat prakties en wat teoreties is, is egter aanvegbaar, soos blyk uit die feit dat hy syferkundige, letterkundige en kunsbelangstellings almal as teoreties of onprakties klassifiseer.

### 6.5.6 <u>Samevatting van die rol van belangstellingsvraelyste in die beroepsleidingsproses</u>

Belangstellingsvraelyste word feitlik as vanselfsprekend in beroepsleiding gebruik, omdat belangstellings

die mens se ingesteldheid jeens aktiwiteite (waaruit 'n beroep kan bestaan) beïnvloed en omdat dit ook jou gedrag rig (byvoorbeeld in die geval van beroepskeuse). Gedrag wat spruit uit belangstellings kan lei tot behoeftebevrediging, meer effektiewe aanpassing en selfaktualisasie.

Hoewel belangstellings mettertyd weens verskillende faktore, byvoorbeeld 'n swak ontwikkelde selfkonsep, onrypheid, ensovoorts, kan verander, neig belangstellings nie om drasties te verander met die loop van tyd nie. Aangesien die kliënt in die beantwoording van 'n belangstellingsvraelys 'n reeks waarnemings van die self (selfsienings) weergee, is dit duidelik dat die selfkonsep die manifestasie van 'n bepaalde belangstellingspatroon kan beïnvloed.

Waar daar teenstrydighede voorkom tussen gemete belangstellings en belangstellings soos geverbaliseer deur die kliënt, moet die aangeleentheid deeglik met die kliënt bespreek word.

Interverhoudings tussen belangstellings, ervaring, aanlegte en persoonlikheid is meestal vaag en moeilik om vas te pen. Resultate van studies om interverhoudings te bepaal, hang baie af van definisies of interpretasies van bepaalde konsepte (byvoorbeeld prakties) asook van die navorser se kriteria (byvoorbeeld aanpassing in beroep), wat soms moeilik is om vas te pen of te kwantifiseer.

Ten spyte van kritiek wat teen bepaalde belangstellingsvraelyste en die gebruik daarvan gelewer word, bly die belangstellingsvraelys die enigste gesistematiseerde, kwantifiseerbare weergawe van die persoon se belangstellings.

HOOFSTUK 7.

# 7. METODE VAN ONDERSOEK.

## 7.1. STEEKPROEFBESKRYWING.

'n Steekproef van een en vyftig manlike en vyftig vroulike Afrikaanssprekende matriekleerlinge van oor die hele land wat na die NIPN gekom het vir beroepsleiding is gebruik. Die proefpersone is oor 'n periode van 'n jaar versamel en is gekies bloot op grond van die feit dat hulle al die relevante toetse voltooi het. Die 16-PF maak nie normaalweg deel uit van die toetsbattery nie, omdat dit tydrowend is, en kon net ingepas word waar daar genoeg tyd beskikbaar was. Die volgende faktore het die beskikbare tyd beïnvloed en dus daartoe bygedra dat die 16-PF gebruik is al dan nie.

7.1.1. Sommige beroepsvoorligters het nie die 16-PF geken nie en verkies om 'n ander persoonlikheidsvraelys te gebruik. Aangesien die daaglikse indeling van matrikulante vir beroepsleiding in volgorde van hoe hulle opdaag aan beroepsvoorligters toegeken word, is daar nie 'n sekere tipe van kliënt (byvoorbeeld gekies op grond van intelligensie) toegeken aan bepaalde beroepsvoorligters wat die 16-PF gebruik het al dan nie.

7.1.2 Verskillende matrikulante met uiteenlopende belangstellingspatrone doen verskillende toetsbatterye. Sommige matrikulante se toetsbatterye is dus langer as dié van ander, byvoorbeeld 'n kliënt wat in 'n tegnies-wetenskaplike rigting belang stel, doen 'n wyer verskeidenheid van toetse as 'n kliënt wat hoofsaaklik in kuns en musiek belangstel. Dit is dus moontlik dat kliënte wat in sekere beroepsrigtings belang stel, meer verteenwoordig word in die steekproef as ander.

7.1.3 Soms is die ouers van jongmense haastig om in die middag weg te kom (om 'n verskeidenheid van redes) en kan die kliënt nie nog 'n 16-PF voltooi nie.

7.1.4 Sommige matrikulante vul hulle biografiese vraelyste tuis in, wat tyd bespaar, sodat meer toetse voltooi kan word. Ander voltooi die biografiese vraelys eers op die dag van toetsing omdat hulle relatief laat bespreek het en daar dus nie vooraf tyd was om 'n biografiese vraelys aan hulle te stuur nie.

7.1.5 Sommige matrikulante werk vinniger aan vraelyste wat nie 'n tydsbeperking het nie, by name die biografiese vraelys en die belangstellingsvraelyste. Die steekproef kan dus meer verteenwoordigend wees van kliënte wat vinnig gewerk het.

7.1.6 Kliënte daag soggens enige tyd van half agt, of selfs vroeër, tot kwart oor agt op vir toetsing. As hulle vroeg kom is die kanse beter dat hulle tyd het om die 16-PF te voltooi.

7.1.7 Samevattend

Die faktore wat daartoe bygedra het of die 16-PF voltooi is en dus of die kliënt in die steekproef opgeneem is, is kompleks en veelvuldig. Al het 'n matrikulant dus vinnig gewerk, is hy nie noodwendig in die steekproef ingesluit nie, omdat dit afgehang het van hoe laat hy opgedaag het of moes loop, of hy sy biografiese vraelys tuis voltooi het en wie hom vir 'n onderhoud gesien het. Daar was dus nie 'n bepaalde patroon waarvolgens kliënte gekies is om die 16-PF te

voltooi as deel van die toetsbattery nie. Hoewel die steekproef dus nie werklik as toevallig beskryf kan word nie, is dit nie moontlik om 'n bepaalde faktore uit te sonder wat die steekproef beïnvloed het nie.

## 7.2 MEETINSTRUMENTE WAT GEBRUIK IS IN DIE METODE VAN ONDERSOEK.

### 7.2.1 Die Selfbeskrywing.

#### 7.2.1.1 Die vorm van die selfbeskrywing.

Johnson (1981) beweer dat wanneer mense oor hulleself praat - of dit nou in 'n laboratoriumeksperiment, in psigoterapie of in die alledaagse lewe is, kan hierdie verbale verslaggewing gesien word as

(i) eenvoudige feitelike mededelings omtrent die self ("self-disclosure")

(ii) of as 'n manier om ander in te lig oor hoe die persoon gesien wil word of gesien behoort te word - ("self-presentation"). Johnson, 1981

In die praktyk is dit egter moeilik om tussen die twee te onderskei omdat hulle vervleg is met mekaar. Vir die doel van hierdie studie word daar nie 'n onderskeid gemaak nie.

### 7.2.1.2 Die funksie van die selfbeskrywing in die beroepskeuse.

Krumboltz et al (1976) verklaar:

> "Self-observation, generalizations or overt or covert selfstatements evaluating one's performances or preferences, are major components of the process of career decision making." (aangehaal in Hackett & Betz, 1980, p327).

Healy (1975) noem dit dat 'n mens se selfinsig verbeter deur jouself aan ander te beskryf. Bloot deur die aksie van die selfbeskrywing behoort 'n persoon dus sy selfinsig te kan verbeter. Insig in die self is die grondslag van 'n verstandige, realistiese beroepskeuse, omdat dit selfkennis en ontwikkelingspotensiaal impliseer.

Uit die opmerkings van Krumboltz et al en Healy, hierbo aangehaal, is dit duidelik dat die selfbeskrywing 'n funksie vervul in die beroepsleidingsproses as bron van inligting, maar ook as vorm van terapie.

### 7.2.1.3 Geldigheid van die selfbeskrywing.

> "A valid test faithfully measures or represents what it is intended to represent." (Johnson, 1981, p762).

Met die inagneming van die probleme van geldigheid ten opsigte van persoonlikheidsmeting het Johnson (1981) 'n studie onderneem met verskillende tipes van persoonlikheidsmeting en tot die volgende gevolgtrekking gekom:

"The results imply that the best strategy for designing a valid scale is not to make lying or misinterpretation difficult, but to make self-presentation as easy as possible to accommodate people with identity problems or modest social skills." (p762)

Die aanbieding van die self in die selfbeskrywing is inderdaad direk, en maklik vir die meeste mense om te hanteer.

7.2.1.4 Die voordele verbonde aan die gebruik van die selfbeskrywing as 'n metode van persoonlikheidsmeting.

Onder die invloed van die fenomenologie word daar in persoonlikheidsmeting aandag gegee aan hoe gebeure deur die persoon waargeneem word.

"The individual's selfdescription - this becomes of primary importance in its own right rather than being regarded as a second-best substitute for other behavioral observations (Anastasi, 1976, p598).

Loevinger (1970, aangehaal in Anastasi, 1976) het na ekstensiewe ondersoeke 'n persoonlikheidstrek geformuleer wat sy sien as

"the capacity to conceptualize oneself or to assume distance from oneself and one's impulses." p399

Anastasi (1976) bespreek ook die benadering van ander sielkundiges wat hierdie trek van selfkonseptualisering of afstand van die self as 'n skans, weerstand, "response set," ensovoorts sien.

Loevinger meen egter dat die skans, weerstand of "response set" juis 'n hoofbron van geldige variansie in persoonlikheidsvraelyste is.

Die vraag ontstaan nou of selfkonseptualisering wat deur sommige navorsers as 'n skans gesien word, 'n struikelblok in die gebruik van die self-beskrywing vir beroepsleidingsdoeleindes kan wees.

Uit ondervinding ervaar die beroepsvoorligters by die NIPN dat verreweg die meeste jongmense wat na die NIPN kom vir beroepsleiding gemotiveerd is om gehelp te word. Daar kan dus verwag word dat die kliënt nie 'n doelbewuste poging sal aanwend om aspekte van die self te kamoefleer of meer positief aan te bied, om sodoende 'n meer positiewe beeld van die self te projekteer nie - 'n verskynsel wat byvoorbeeld dikwels by personeelkeuring waargeneem word.

Rover (1965) en Block (1965) aangehaal in Johnson (1981) stel dit inderdaad dat

> "response sets and styles do not play an important role in personality testing." (p763)

Taylor, Carithers & Coyne (1976) beweer dat mense 'n beeld van hulleself het wat ooreenstem met hoe hulle daarvan hou dat ander hulle sal waarneem. Dit gebeur inderdaad dat 'n mens 'n verhewe selfbeeld wat onrealisties is in sommige selfbeskrywings aantref. 'n Mens moet egter in ag neem dat die manier waarop die persoon homself in die selfbeskrywing presenteer, waarskynlik ooreenstem met die manier waarop hy homself gebruiklik presenteer

en dat sy selfbeskrywing dus ook 'n gedragspatroon reflekteer. Let dus daarop dat 'n mens hier te doen het met die manier waarop 'n persoon homself beleef en dat 'n mens nie hier met selfinsig te doen het nie.

7.2.1.5 Navorsing oor die selfbeskrywing.

Daar is nog baie min navorsing gedoen in verband met die selfbeskrywing as metode van self-evaluering. Dit is waarskynlik daaraan toe te skryf dat die selfbeskrywing 'n los struktuur het en nie sonder moeite gekwantifiseer kan word om empiriese navorsing moontlik te maak nie. Verder word dit eerder as 'n hulpmiddel tot die onderhoud gesien as wat dit as 'n toets gesien word.

7.2.1.6 Die vorm van die NIPN-selfbeskrywing.

Die selfbeskrywing word op 'n blanko vel papier sonder lyne gedoen, met die volgende opdrag bo-aan getik:

"Persone wat suksesvolle beroepskeuses maak, het gewoonlik deeglik oor hulle eie persoonlikhede besin, is bewus van hulle bekwaamhede en tekortkominge, hulle goeie en slegte punte, hulle vermoëns en belangstellings en hoe hulle met ander mense oor die weg kom. Beskryf uself so eerlik as moontlik in die beskikbare ruimte, asseblief. Tydsbeperking; 15 minute.".

7.2.1.7 Verskil tussen die selfbeskrywing en 'n questionnaire.

Waar beide die selfbeskrywing en die persoonlikheids-questionnaire poog om inligting omtrent die persoonlikheid te bekom, is die questionnaire meer gestruktureerd deurdat bepaalde stimuli daargestel word om reaksies uit te lok, byvoorbeeld 'n vraag word gevra, daar word verwag dat die kliënt op 'n sekere stelling reageer of 'n sin moet voltooi.

Daar is heelwat meer vryheid van uitdrukking in die selfbeskrywing al word daar in die aanwysings bepaalde riglyne aangegee.

7.2.1.8 Samevatting.

Die selfbeskrywing kan nuttig gebruik word in beroepsleiding aangesien dit beide die kliënt self sowel as die leser se insig in die persoonlikheid van die kliënt kan verbeter. Dit is egter 'n ongestruktureerde "toets" en moet met omsigtigheid en diskresie benader word deur die beroepsvoorligter.

7.2.1.9 Uiteensetting van die kwantifisering van die selfbeskrywing.

(i) Indeling en sinsnedes

Die eerste stap is om elke selfbeskrywing in te deel in sinsnedes. Die volgende beginsels word by die indeling gehandhaaf:

(a) Sinsnedes wat op mekaar volg, maar oor verskillende onderwerpe handel, word van mekaar geskei, byvoorbeeld "Ek hou van mense, maar wil ook soms alleen wees" is twee sinsnedes.

(b) Wanneer twee sinsnedes op mekaar volg en die inhoud van die tweede is in wese 'n herhaling van die eerste, word dit as een aanvaar, byvoorbeeld "Ek verloor my humeur gou en word maklik kwaad."

(c) As die sin gelui het "Ek verloor my humeur gou en raak maklik kwaad vir mense" word dit as twee sinsnedes getel, omdat slegs die tweede duidelik van toepassing is op mense, maar nie noodwendig die eerste nie.

(d) "Ek stel belang in tale, filosofie en geskiedenis" tel as een stelling, maar "Ek stel belang in musiek, sendingwerk en sport", word in drie dele opgedeel omdat hierdie drie onderwerpe wat beskryf word nie dieselfde lading sal kry by sekere van die persoonlikheidsdimensies nie.

Waar tale, filosofie en geskiedenis vakke is wat nie as sodanig mensgerig is nie en blote belangstellings in vakke aandui, is daar verskille in mensgerigtheid asook aktiwiteit/passiwiteit ter sprake in uiteenlopende bedrywighede soos musiek, sendingwerk en sport.

(e) Sommige sinsnedes is kort, byvoorbeeld "Ek speel rugby" of "Askies". 'n Sinsnede kan dus uit so min as een woord bestaan.

(f) Ander is weer lank, maar kan nie opgedeel word nie, byvoorbeeld "Soos alle ander mense het ek ook maar my goeie en slegte eienskappe, my sterktes en swakhede." Die lengte van die sin het dus nie 'n direkte uitwerking op die opdeel in sinsnedes nie.

(ii) Indeling in persoonlikheidsdimensies

Die selfbeskrywing word in terme van vyf persoonlikheidsdimensies gekwantifiseer. Elke dimensie word gesien in terme van 'n kontinuüm aangedui op 'n vyfpuntskaal. 'n Punt van drie word toegeken as die stelling geen lading dra nie of neutraal is.

| | 1 | 3 | 5 |
|---|---|---|---|
| * | Negatiewe (swak) selfkonsep | Neutraal | Positiewe selfkonsep |
| * | Swak sosiale selfvertroue | Neutraal | Sterk sosiale selfvertroue |
| * | Beweeg weg van mense (nie-mensgerig) | Neutraal | Beweeg na mense (mensgerig) |
| * | Passief | Neutraal | Aktief |
| * | Inskiklikheid onderdanigheid | | Sosiale aggressie, woede |

(i) Selfkonsep (Die waardebepalende, interpreterende siening van die self).

(a) 'n Vyf word toegeken aan sinsnedes waarin daar enige houding, waardebepaling of aksie beskryf word waarin daar 'n positiewe stelling gemaak word sonder 'n kwalifiserende of versagtende woord of sinsnede. Uitdrukking van twyfel, byvoorbeeld "miskien", "Dit lyk vir my" en "Ek dink" word as kwalifiserend beskou. Voorbeelde van positiewe stellings waaraan 'n 5 toegeken word, is "Ek hou van mense." "Ek stel belang in sport".

(b) Stellings wat 'n woord of sinsnede bevat wat 'n sterk positiewe stelling maak, byvoorbeeld "Ek het nog nooit met wiskunde gesukkel nie." "Ek sal my werk onder geen omstandighede verwaarloos nie." kry ook 'n vyf. Daar word dus nie onderskeid getref tussen sinsnedes wat 'n positiewe selfkonsep en 'n sterk positiewe selfkonsep reflekteer nie.

(c) Aan stellings wat normaalweg in die alledaagse lewe deur mense gemaak word, word positiewe of negatiewe waardes toegeken volgens die norme en waardes van die samelewing. Die nasiener van die selfbeskrywing moet so objektief moontlik wees en daarop konsentreer om nie sy eie waardes aan stellings toe te ken nie. 'n Stelling soos "Ek steur my nie aan mense nie" kan vanuit 'n sekere verwysingsraamwerk as negatief geïnterpreteer word. Die nasiener moet die stelling dus vanuit die benadering van die kliënt probeer sien. As die kliënt ingenome en vol

selfvertroue klink oor sy stelling en dit blykbaar as 'n positiewe eienskap beskou, moet die nasiener dit interpreteer as 'n manifestasie van 'n positiewe selfkonsep al is die stelling 'n skans waaragter die "ware self" skuil. Soos Taylor et al (1976) aandui, het ons in die selfbeskrywing waarskynlik te doen met die gebruiklike manier waarop 'n persoon homself aan ander presenteer. Die nasiener van die selfbeskrywing ken dus punte toe aan 'n gedragspatroon, houding of siening soos hy hom in die selfbeskrywing manifesteer, omdat hy nie subjektiewe betekenisse vanuit sy eie verwysingsraamwerk daaraan kan heg nie.

(d) Voorwaardes of kwalifiserings ten opsigte van 'n positiewe selfkonsep kry 'n vier. Die volgende voorbeelde van voorwaardes of kwalifiserings kom onder meer voor:

- 'n Woord: "Ek is soms gelukkig".
- Woorde: "Van tyd tot tyd voel ek tevrede met myself".
- 'n Verbuiging: "Ek is nou rustiger as eers"
- Verlede tyd: "Ek was altyd goed in sport."
- Omskrywing: "Ek haat mense as hulle diere mishandel."
- Sinsnedes kom soms voor as voorwaardelik of kwalifiserend maar is nie werklik nie, byvoorbeeld "Dit is lekker om iets te maak wat baie buitengewoon is." Dit is in werklikheid 'n sterk positiewe stelling en kry 'n vyf.

(e) Die woordjie "as" dui nie altyd voorwaarde aan nie en is nie altyd kwalifiserend nie. Dit kan ook tyd aandui ('n sinoniem van "wanneer") byvoorbeeld "Ek werk graag met masjiene as ek huis toe gaan naweke". Hierdie stelling kry 'n vyf.

(f) As 'n aksie deur iemand anders uitgevoer word, wat 'n positiewe selfkonsep impliseer, word 'n vier toegeken, byvoorbeeld "Mense kom goed met my klaar".

(g) 'n Twee word toegeken aan sinsnedes (oorwegend negatief, maar nie duidelik of sterk negatief nie) waarin daar 'n voorwaarde gestel word of waar die negatiewe selfsiening net in sekere omstandighede geld, byvoorbeeld "As mense met my sukkel, raak ek ongeskik." "Soms sukkel ek met wiskunde."

(h) Een word toegeken aan sinsnedes wat duidelik negatief is, byvoorbeeld "Ek druk myself swak uit" of "Ek is hopeloos om met mense te werk."

Die volgende riglyne word gevolg in die toekenning van 'n een.

- Die toekenning van 'n punt het niks te doen daarmee of dit 'n realistiese of onrealistiese selfkonsep is nie.

- Dit het ook niks te doen met selfinsig nie, want die persoon wat die puntetoekennings maak, het nie bewys van die mate van selfinsig wat die kliënt het nie.

. 'n Stelling mag ooglopend negatief lyk, byvoorbeeld "Ek is hopeloos in sport", maar hierdie stelling kan in 'n gees van gesonde aanvaarding of selfs trots gemaak word. As die persoon ingenome klink met 'n stelling, al kom dit vir die nasiener uit 'n waarde- of morele oogpunt negatief voor, moet dit as 'n vyf gemerk word. Die konteks waarin die sinsnede staan, die toon waarop die persoon homself beskryf en die algemene ingesteldheid jeens homself, kan waargeneem word en moet in ag geneem word by die puntetoekenning.

(j) Drie word toegeken aan 'n sin wat neutraal is, byvoorbeeld waar daar 'n stelling gemaak word wat nie as 'n positiewe of negatiewe selfsiening geïdentifiseer kan word nie: "Elke mens het sy positiewe en negatiewe eienskappe." Daar is min sinsnedes in die geval van die selfkonsep in die geval van die selfkonsep-persoonlikheidsdimensie wat 'n neutrale lading drie kry.

* Sosiale selfvertroue (Dit wil sê selfvertroue om effektief met mense om te gaan).

(a) Basies word dieselfde kwantifiseringsmetode gevolg as by die evaluaring van selfkonsep.

(b) Hier word egter veel meer neutrale sinsnedes (wat 'n drie kry) gevind, omdat sosiale selfvertroue beteken dat slegs sinsnedes waarin daar verwys word na 'n ander persoon of persone 'n lading kan kry. Alle sinsnedes wat nie 'n ander persoon of persone in ag neem of impliseer nie, kry outomaties 'n drie.

(c) Ook stellings in 'n sosiale konteks wat niks met selfvertroue te doen het nie, kry 'n drie. "Ek vaar beter in wiskunde as die meeste ander ouens" impliseer 'n erkenning van vermoë, maar nie noodwendig selfvertroue nie.

(d) Wanneer 'n persoon die stelling maak: "Ek is goed in sport", kan geredeneer word dat hy homself met ander moet vergelyk om so 'n stelling te kan maak en dat dit dus sosiale selfvertroue aandui. Weer eens het ons hier met 'n erkenning van vermoë te doen. Ook is 'n mens nie seker van watter soort sport hy praat en hoe (indien wel) hy homself met ander vergelyk nie. 'n Drie word dus toegeken. "Ek vaar goed in kompeterende sport" kan 'n vier kry, omdat die kompeterende element in 'n sosiale konteks duideliker na vore tree.

(e) Selfvertroue in terme van diere kry 'n drie, byvoorbeeld "Ek kan goed met perde werk".

(f) Selfvertroue wat 'n sosiale en 'n nie-sosiale betekenis kan hê, byvoorbeeld "Ek is aanpasbaar" kry normaalweg 'n drie. As die beoordelaar onseker is, moet hy na die konteks kyk waarin die stelling staan, byvoorbeeld "Verlede jaar was ek by 'n kamp waar daar baie vreemde mense was. Ek het gevind ek is baie aanpasbaar" Hier kry die stelling van aanpasbaarheid 'n sterk positiewe lading (vyf).

(g) Dieselfde woord of woorde wat kwalifiserend by die selfsiening is, is nie noodwendig kwalifiserend by sosiale selfvertroue nie. "Ek tree teen mense op as hulle daarna soek" kry 'n vier by die selfkonsep en 'n vyf by sosiale selfvertroue.

(h) 'n Oënskynlik neutrale sin, kan ook 'n gebrek aan sosiale selfvertroue aandui, byvoorbeeld "Almal kan seker nie van jou hou nie." As so 'n sin twyfel laat oor die telling wat daaraan toegeken behoort te word, gee dit eerder 'n vier as 'n vyf.

(j) Sosiale selfvertroue blyk soms uit die wyse waarop die kliënt die leser van die selfbeskrywing aanspreek, byvoorbeeld 'n seun begin sy selfbeskrywing: "Ek is Peet Kok en in standerd 10." Hy spreek die leser met selfvertroue aan.

* Mensgerigtheid (Dit wil sê dat 'n mens deur jou gedrag nà mense beweeg).

(a) Dieselfde beginsels wat by die basiese toekenning van punte op die skaal een tot vyf geld, is hier van toepassing.

(b) Dieselfde reëls wat by sosiale selfvertroue geld, byvoorbeeld die sosiale aspek, geld ook hier.

(c) Om vas te stel of iemand weg van mense of na mense toe beweeg (letterlik of figuurlik), is redelik voor die hand liggend. Daar moet egter op die volgende gelet word:

- 'n Mens kan nie aanneem dat as iemand daarna verwys hoe hy dinge alleen of selfstandig doen hy noodwendig weg van mense af beweeg nie. Dit moet in die konteks geïnterpreteer word.

- Daar moet gelet word op toenaderings tot die <u>leser</u> van die selfbeskrywing, byvoorbeeld "Ek kan nie mooi skryf nie. <u>Askies."</u> Dit kan in die konteks gesien word as 'n poging om nader aan die leser te beweeg en aan "Askies" word gevolglik 'n vyf toegeken.

- Soms is die beweging na mense nie sterk gestel nie, maar is tog waarneembaar en dus gelaai, byvoorbeeld "Ek word aanvaar in 'n groep". Dit kry 'n vier, want daar is die implikasie van beweeg na die groep maar die persoon is nie alleen instrumenteel nie - ander lewer ook 'n bydrae.

- 'n Mens kan ook in aggressie of irritasie na mense beweeg. Hierdie bepaalde persoonlikheidsdimensie (beweeg weg van of na mense) het niks met aggressie al dan nie te doen nie. "Ek stry met mense wat my nie glo nie" kry 'n vier. "Ek baklei graag met mense" kry 'n vyf.

* <u>Taakgeoriënteerdheid (passief/aktief)</u> (Dit is, of jy jou taak passief of aktief benader).

(a) Die basiese vorm van puntetoekenning op 'n vyfpuntskaal geld ook hier.

(b) Passiwiteit of aktiwiteit kan sosiaal of nie-sosiaal wees, byvoorbeeld "Ek doen nie my werk nie" is nie sosiaal nie, terwyl "Ek luister nie vir die onderwysers nie" wel sosiaal is. Of die stelling sosiaal of nie-sosiaal is, beïnvloed nie die kwantifisering van hierdie dimensie nie.

(c) Die grootste probleem duik op deur die gebruik van woorde of sinsnedes wat deur sommige mense (of onder sekere omstandighede) as óf aktief óf passief geïnterpreteer kan word, byvoorbeeld "stel belang in", "lees", "praat", "speel". Die volgende riglyne moet hierin gevolg word:

- Stel vas of die handeling konstruktief en doelgerig is en of dit iets van die persoon verg. "Ek speel graag met my hond" kry 'n drie. "Ek speel graag met kinders omdat ek daarvan hou om hulle te leer" kry 'n vier en 'n vyf.

- Die konteks waarin die sinsnede voorkom, kan aandui of die handeling aktief of passief is, byvoorbeeld "Ek lees liewer boeke as om te leer". Dit is ontvlugting, maar ook nie so 'n passiewe ontvlugting as byvoorbeeld "Ek kan ure in die son lê en bak, maar sukkel om by my boeke uit te kom". (Hier word twee ene toegeken). Nog 'n voorbeeld: "My algemene kennis is goed, want ek lees baie." Hier word die laaste sinsnede met 'n vyf gemerk. As 'n persoon homself uit 'n situasie onttrek, of ontvlug, kan 'n een of twee aan die sinsnede toegeken word afhangende van die graad van passiwiteit en mate van konstruktiwiteit.

- As 'n mens twyfel of 'n handeling werklik passiwiteit aandui, maar dit kan nie 'n neutrale lading dra nie, byvoorbeeld "Boeke verveel my", merk dit as twee.

- As 'n aktiewe handeling in die verlede plaasgevind het, byvoorbeeld "Ek het in ballet presteer", ken 'n vier toe.

- As die persoon van iets hou wat konstruktief is, opgewonde daaroor raak of entoesiasties daaroor is, word 'n waarde van vier toegeken. byvoorbeeld "Ek stel in alles om my belang". Vyf impliseer meer daadwerklike aktiwiteit (doen) byvoorbeeld "Ek doen graag eksperimente met my chemiese apparaat".

- As die skrywer 'n stelling maak wat die leser nie kan identifiseer as 'n handeling wat iets van die persoon verg nie of die handeling kom vanself en is bloot 'n erkenning van 'n vermoë, en daar is ook niks in die konteks wat meer inligting bied nie, merk dit as drie, byvoorbeeld "Ek verstaan wiskunde maklik".

- Die skrywer se reaksie op 'n negatiewe stelling wat hy omtrent homself maak, is soms passief, byvoorbeeld "Ek is selfsugtig. Maar alle mense is seker maar so". Die eerste sin is neutraal ten opsigte van aktiwiteit of passiwiteit. Die tweede word met 'n twee gemerk.

- 'n Mens kan aggressief aktief wees, byvoorbeeld: "Ek wys dit as ek nie van mense hou nie". Dit word as 'n vier gemerk, omdat dit aktiwiteit aandui, nie onkonstruktief is nie, maar nogtans nie sterk genoeg aktief om 'n vyf te regverdig nie. 'n Sterk aktief-aggressiewe stelling, hoe onaanvaarbaar ook al vir die nasiener uit 'n morele oogpunt, byvoorbeeld: "Ek slaan sommer 'n ou plat" kry 'n vyf.

* Sosiale aggressie (Dit wil sê aggressie wat op mense gerig is).

(a) Die sinsnedes word volgens die basiese metode op die een tot vyfpuntskaal geplaas.

(b) Die onderdanigheid of die teenoorgestelde, aggressie, moet in 'n sosiale konteks verskyn. "Ek voel soms of ek goed kan breek" kry 'n drie.

(c) In hierdie afdeling is daar weer die kwessie van 'n manifestasie of projeksie van aggressie, en sinsnedes word nie as aggressief geïnterpreteer by implikasie nie. "Ek hou nie daarvan om ingehok te sit agter my boeke nie" kan nie as manifestasie van aggressie teenoor byvoorbeeld 'n ouer gesien word nie, tensy dit duidelik so gestel word.

(d) Ander gevalle van indirekte sosiale aggressie by implikasie kry tog 'n vier, byvoorbeeld "Ek hou daarvan om mense poetse te bak". Hier het 'n mens egter met 'n overte aksie te doen.

(e) Sorg moet gedra word dat slegs emosies wat werklik met inskiklikheid of aggressie te doen het 'n lading ontvang. "Ek is trots", sonder verdere toeligting kry 'n drie.

(f) Of die aggressie konstruktief of destruktief is, daar word geen verskil in die puntetoekenning gemaak nie.

7.2.2 Die 16-PF Persoonlikheidsvraelys.

7.2.2.1 Motivering vir die gebruik van die 16-PF vir hierdie studie.

Die 16-PF word gebruik om persoonlikheidsdimensies te meet om sodoende inligting te verkry in verband met die selfkonsep. Die 16-PF is gekies op grond van sy betroubaarheid en op grond van die wye spektrum inligting wat verkry kan word omtrent die selfkonsep.

(i) Die 16-PF dien as kontrole vir die inligting verkry uit die kwantifisering van die selfbeskrywing.

(ii) Die toets word egter ook gebruik om onafhanklike inligting te bekom oor persoonlikheidsdimensies wat moontlik verband mag hou met die manifestasie van bepaalde belangstellingspatrone.

7.2.2.2 Geskiedenis.

Die 16-PF is deur Cattell ontwerp vir die ouderdomsgroep bo agtien jaar. Die vraelys is deur die RGN vir Suid-Afrikaanse toestande aangepas en gestandaardiseer. Dit bestaan uit 16 items wat 16 persoonlikheidsdimensies verteenwoordig.

7.2.2.3 Aard en inhoud van die 16 persoonlikheidsdimensies wat deur die 16-PF gemeet word.

Die volgende inligting omtrent die aard van die 16 persoonlikheidsdimensies is verkry uit Smit (1981) se omvattende bespreking daarvan. (p255 - 266)

(i) Faktor A: Teruggetrokke teenoor hartlik. Toetslinge met 'n hoë meting in hierdie faktor is goedhartig, na buite-lewend, goedgeaard en onkrities, beleefd teenoor andere en aanpasbaar. Die meer kenmerkende eienskappe van die persoon met 'n hoë telling is sy gemaklikheid, voorspelbare emosies, belangstelling in emosies en die oorheersing van affek. 'n Persoon met 'n lae telling in hierdie faktor het die geneigdheid om versigtig te wees in belewing van emosies, is onbuigsaam en krities in sy lewensuitkyk en koel in hulle optrede teenoor andere. Mense wat hoog op faktor A meet, gee voorkeur aan mensgerigte beroepe. Cattell (1950) het byvoorbeeld gevind dat sosiale werksters die hoogste gemiddelde A-telling van alle beroepe behaal.

(ii) Faktor B: Minder intelligent teenoor meer intelligent. Persone met 'n lae B-telling is geneig om stadig te leer, moeilik insig te kry en baie konkreet te wees in hulle optrede. Hierdie "stompheid" mag moontlik 'n aanduiding wees van 'n lae intellektuele vermoë of mag moontlik op swak funksionering as gevolg van psigopatologie dui.

Persone met 'n hoë B-telling is vlug van begrip en volgens Cattell is dit 'n teenindikasie van deteriorasie van breinfunksie as gevolg van patologie. Hierdie faktor het egter die laagste betroubaarheidstelling van die hele persoonlikheidsdimensie reeks en moet dus versigtig geïnterpreteer word.

(iii) <u>Faktor C:</u> Emosioneel stabiel teenoor emosioneel onstabiel. Persone wat laag op hierdie dimensie meet, is emosioneel minder stabiel, toon veranderlike houdings en belangstellings, raak maklik verward, ontwyk verantwoordelikheid en is geneig om vol kwellings te wees. Sulke mense word maklik deur mense en dinge geïrriteer, is ontevrede met die wêreldsituasie in geheel, maar ook met sy familie, voel ontoereikend om die lewenseise te hanteer. Hulle manifesteer dan ook 'n veralgemeende neurotiese responspatroon. Persone wat hoog op Faktor C meet, is emosioneel volwasse en stabiel, manifesteer meer stabiele houdings en belangstellings en is realisties in hulle lewensuitkyk.

(iv) <u>Faktor D:</u> Flegmaties teenoor prikkelbaar. Iemand met 'n hoë telling op hierdie faktor is prikkelbaar, ongeduldig, veeleisend, aandagtrekkerig, aanmatigend en toon simptome van senuagtigheid. Persone met 'n lae telling is meer terughoudend, inskiklik en bestendig.

(v) <u>Faktor E:</u> Onderdanig teenoor selfgeldend. 'n Hoë telling in Faktor E dui op selfgelding, mededinging, selfversekerdheid, eiewysheid en koppigheid. Persone wat 'n lae telling in die faktor behaal, word beskryf as gehoorsaam, toegeeflik, bedagsaam en konvensioneel. 'n Hoë telling dui nie noodwendig op baasspelerigheid nie, maar soms op 'n persoon wat ander graag lei en help.

(vi) Faktor F: Sober teenoor sorgeloos. 'n Lae F-telling dui op persone wat stil en introspektief, besorg, peinsend en getrou aan innerlike waardes is. Persone met 'n hoë telling in hierdie faktor is entoesiasties, onverskillig, spraaksaam, ekspressief, lewendig en wakker.

(vii) Faktor G: Laer super-egosterkte teenoor hoër superegosterkte. Toetslinge wat hoog op hierdie faktor meet, is konsensieus, volhardend, vasberade, verantwoordelik gedissiplineer en konsekwent, terwyl 'n lae G-telling op 'n verontagsaming van verpligtinge, opportunisme, ongeërgheid en wispelturigheid wys. 'n Hoë superegosterkte korreleer goed met skoolprestasie asook prestasie in die algemeen.

(viii) Faktor H: Skugter teenoor sosiaal vrypostig. Persone met 'n lae telling op hierdie faktor kan beskryf word as skaam, teruggetrokke, ingetoë in die teenwoordigheid van die teenoorgestelde geslag, emosioneel versigtig, afsydig en beperk in belangstelling. Hoë tellings in Faktor H dui op persone wat waaghalsig en ongebonde is, daarvan hou om ander mense te ontmoet, impulsief en joviaal is. Die persoon met 'n lae telling op hierdie skaal, vermy gewoonlik beroepe wat intieme interpersoonlike kontak impliseer, terwyl die persoon met 'n hoë telling 'n mate van dikvelligheid besit wat hom toelaat om emosioneel uitputtende sosiale kontak te kan hanteer.

(ix) <u>Faktor I:</u> Realisties teenoor emosioneel gevoelig. Persone wat laag op hierdie faktor meet, is realisties, selfstandig, aanvaar verantwoordelikheid, handel op praktiese logiese gronde en is nie kunssinnig nie. Hoë tellings op hierdie faktor is aanduidend van emosionele gevoeligheid, teerhartigheid, oorbeskerming, saggeaardheid en toegeeflikheid. Madge et al 1975, aangehaal in Smit 1981, wys daarop dat musici, skrywers, kunstenaars, beroepsvoorligters en psigiatriese verpleegpersoneel gewoonlik hoog meet op hierdie faktor, terwyl chemiese ingenieurs, vlieëniers, elektrisiëns en werktuigkundiges laag op die faktor meet.

(x) <u>Faktor J:</u> Lewenskragtig teenoor terughoudend. Persone wat laag op hierdie faktor meet, is lewensbly, hou van groepaktiwiteite en hou van aandag, terwyl persone wat hoog op die faktor meet individualisties, innerlik terughoudend en behep met hulleself is.

(xi) <u>Faktor L:</u> Geborge teenoor agterdogtig. Persone wat hoog op hierdie faktor meet, is wantrouig, agterdogtig en prikkelbaar, terwyl persone wat laag meet, vertrouend en aanvaardend is.

(xii) Faktor M: Prakties teenoor verbeeldingryk. Persone wat laag op dié faktor meet, is konvensioneel, begaan oor onmiddellike belangstellings en behoeftes, en word gerig deur die objektiewe werklikhede. 'n Hoë telling in dié faktor dui op verbeeldingrykheid, onkonvensionaliteit, nie 'n goeie praktiese oordeel nie en verstrooidheid. Lae M-tellings word gewoonlik geassosieer met meganiese beroepe (ingenieurs en elektrisiëns) terwyl hoë M-tellings dikwels gevind word by navorsers, uitvoerende beamptes, redakteurs en kunstenaars.

(xiii) Faktor N: Ongekunsteld teenoor skerpsinnig. Persone wat laag op hierdie faktor meet, is opreg, maar sosiaal onbeholpe, word maklik emosioneel betrek, en is onbedrewe in die ontleding van ander se motiewe. Hoë N-tellings gaan gepaard met skerpsinnigheid, emosionele afsydigheid, goeie selfinsig en insig in andere.

(xiv) Faktor O: Selfversekerd teenoor geneig tot skuldgevoelens. Persone wat hoog op hierdie faktor meet, is besorg, vol selfverwyt, angstig, teneergedruk en bekommerd. Lae O-tellings dui op selfversekerdheid, bedaardheid en opgeruimdheid.
Volgens Madge et al (1975, aangehaal in Smit, 1981) behaal persone in die volgende beroepe oor die algemeen hoë tellings in Faktor O: skrywers en redaksielede, terwyl lae tellings behaal word deur brandweermanne, verkoopsmanne, professionele atlete en verpleegsters.

(xv) Faktor Q1: Konserwatief teenoor ondersoekend. Iemand wat laag op hierdie faktor meet, is konserwatief, eerbiedig gevestigde idees en is verdraagsaam teenoor die tradisionele. Hoë tellings op die skaal wys op 'n individu wat ondersoekend, analities en vrydenkend is.

Navorsing toon aan dat die volgende beroepsvelde 'n hoë belading in hierdie faktor toon: uitvoerende beamptes, universiteitsprofessore en wetenskaplike navorsers. Dit is laag belaai in die volgende beroepe: polisie, verpleging, halfgeskoolde en ongeskoolde beroepe.

(xvi) Faktor Q2: Groepafhanklik teenoor selfgenoegsaam.

Persone wat laag op hierdie faktor meet, is sosiaal groepafhanklik en is eerder 'n aanhanger en volgeling. 'n Hoë telling op die faktor gaan gepaard met selfgenoegsaamheid en vindingrykheid.

(xvii) Faktor Q3: Ongeërg teenoor sosiaal beheers.

Persone met 'n lae telling op hierdie skaal, tree onbeheers op, volg hulle eie drange en minag sosiale etiket. 'n Hoë telling in hierdie faktor dui op 'n individu wat selfbeheers optree, 'n sterk wilskrag het en sosiaal korrek optree.

'n Lae Q3 telling is in wese 'n onbeheerste emosionaliteit en opgewondenheid Hoë Q3-tellings word geassosieer met meganiese, matematiese en organisatoriese beroepe, soos vlieëniers en administratiewe amptenare.

(xviii) Faktor Q4: Ontspanne teenoor gespanne.
Persone met 'n hoë telling op hierdie skaal is gespanne, prikkelbaar, rusteloos en ongeduldig, met 'n onvermoë om onaktief te bly, en word by neurote, psigopate en manies-depressiewe persone aangetref.

7.2.2.4 Evaluaring van die 16-PF.

(i) Aangesien die 16-PF 'n wye omvang en 'n goeie en wye diskriminasievermoë beoog, is die halfverdelingsbetroubaarheidskoëffisiënt betreklik laag, maar tog hoër as dié van baie toetse wat daagliks gebruik word. (Smit 1981)

(ii) Geldigheid.
Fischer (1956) aangehaal in Smit (1981) noem dat die persoonlikheidstrekke verteenwoordig in die 16-PF deur middel van herhaalde faktorontleding vasgestel is as brontrekke.

> "Daar is regressiegewigte bepaal vir die voorspelling van beroepsukses, ongeluksvatbaarheid, sukses van verskeie soorte leierskap, die seleksie van navorsers en kreatiewe persone en akademiese sukses. Genoemde aanwendings van die 16-PF en toetsresultate het betroubare en geldige resultate in die empiriese gebruik van die toets gelewer." (Smit, 1981, p254)

Fischer (1956) het bevind dat die 16-PF beduidend tussen normale en neurotiese persone onderskei ten opsigte van egosterkte (Faktor C), angs (Faktor I en O) en psigosomatiese angs (Faktor Q4) (Smit, 1981).

Smit (1971) het die volgende verband tussen metings op die 16-PF en akademiese prestasie gevind:

- Sorgvryheid korreleer beduidend negatief met akademiese prestasie van BA-studente ($r = 0{,}265$, $p < 0{,}01$).

- Pligsgetrouheid korreleer beduidend positief met die akademiese prestasie van BSc-studente ($r = 0{,}504$, $p < 0{,}01$), BA-studente ($r = 0{,}361$, $p < 0{,}01$) en BCom-studente ($r = 0{,}222$, $p < 0{,}05$).

Dit is dus duidelik dat daar heelwat studies gedoen is wat die geldigheid van die 16-PF demonstreer.

(iii) Gebruik.

Die toets word nie vry algemeen gebruik nie, want om dit effektief te kan benut, moet die verbruiker daarvan 'n deeglike kennis van die betekenisse van die skale, sowel as van faktorontleding hê.

### 7.2.3 Die Kuder-belangstellingsvraelys.

#### 7.2.3.1 Oorsprong.

Die Kuder Preference Record is deur Kuder in die vroeë 1930's ontwikkel. Dit is telkens hersien, aangevul en ontwikkel. (Super en Crites, 1969).
In 1956 verskyn die Kuder - Occupational wat baie soos die Strong Blank uitgesien het wat doel en konstruksie betref. Dit was egter makliker om na te sien as die Strong, en is verwelkom weens die wetenskaplike basis van die vraelys.

#### 7.2.3.2 Huidige status.

Vandag is die Kuder een van die belangstellingsvraelyste wat die meeste gebruik word. Daar word tans nog gedurig navorsing op die Kuder gedoen en daar word voortdurend navorsingsresultate daaroor gepubliseer.
Die Kuder is deur die Protea Opvoedkundige dienste vir Suid-Afrikaanse toestande vertaal en aangepas. (Smit 1981). Die N I P N se voorligtingsdiens maak gebruik van die Kuder.

#### 7.2.3.3 Belangstellingsvelde.

Veld 0 : Buitenshuis (Outdoor).
Veld 1 : Meganies (Mechanical).
Veld 2 : Berekening (Computational).
Veld 3 : Wetenskap (Scientific).
Veld 4 : Oorreding (Persuasive).
Veld 5 : Literêr (Literary).
Veld 6 : Musiek (Music).
Veld 7 : Kuns (Artistic).
Veld 8 : Sosiale dienslewering (Social Service).
Veld 9 : Klerklik (Clerical).

Die Kuder het ook nog 'n Verifikasieskaal (V-Score) wat nie soseer 'n geldigheidsmeting is nie, maar 'n aanduiding van die erns en/of korrektheid en/of begrip waarmee die proefpersoon op die items gereageer het. (Smit 1981).

7.2.3.4 Evaluering van die Kuder as belangstellingsvraelys.

(i) Konstruksie.

Gekoski (1960, aangehaal in Smit 1981) sê die volgende van die Kuder "... it is a well constructed inventory, is standardized on a representative population, and offers ease of administration and scoring ... Although it can be used to identify interest in specific occupations, it is best to identify broad areas of interest." (p138, aangehaal in Smit 1981, p297).

(ii) Betroubaarheid.

Navorsing het aangedui dat manlike, meer intelligente persone makliker daarin slaag om die response te vervals. (Super en Crites 1969). Die betroubaarheidskoëffisiënte wissel egter van ,84 tot ,93 wat 'n heel toereikende betroubaarheid verteenwoordig. Met langtermynvoorspellings moet 'n mens egter versigtig wees. Navorsing dui daarop dat die Kuder 'n effektiewe aanduiding kan gee van 'n persoon se belangstellings op 'n bepaalde oomblik in tyd, maar nie een wat genoegsaam stabiel is oor 'n periode wat oor 'n hele aantal jare strek nie.

(iii) Die Kuderbelangstellingsvraelys as ipsatiewe toets.

(a) Lourens (1970) noem dat in die geval van 'n ipsatiewe toets, (dit wil sê waar daar gedwonge keuses gemaak moet word, soos in die Kuder), items nie maklik ontleed of vervang kan word nie, aangesien hierdie items altyd meer as een belangstellingsdimensie verteenwoordig. Hierdie argument is egter aanvegbaar, aangesien items op nie-ipsatiewe belangstellingstoetse ook meer as een belangstellingsdimensie kan verteenwoordig, byvoorbeeld die openbare optrede-belangstelling op die 19-VBV kan 'n begeerte verteenwoordig om voor mense op te tree, leiding aan mense te bied, mense te beïnvloed of mag uit te oefen. Dit kan 'n poging tot sublimasie van aggressie verteenwoordig, of 'n begeerte tot groter selfgelding, of veelvuldige kombinasies van die dimensies reeds genoem. Bowendien gebeur dit nie in die praktyk dat items van 'n nie-ipsatiewe belangstellingsvraelys, soos die 19-VBV, verander word nie.

(b) Die itensiteitskomponent.
'n Verdere punt van kritiek deur Lourens genoem, is dat 'n gedwonge keuse-toets "per definisie slegs van ordinale items gebruik (maak), waarin

die intensiteitskomponent nie tot sy reg kan kom nie." Dit is juis as 'n punt van kritiek ten opsigte van die 19-VBV genoem dat baie mense neig om slegs effense voorkeure of afkeure te noem, sodat daar nie doeltreffend tussen die intensiteit van die verskillende belangstellings gedifferensieer word nie en die grafiek slegs oor drie tot vyf van die staneges strek. In die praktyk word gevind dat dit slegs by uitsondering is dat die Kuder nie doeltreffend differensieer tussen die verskillende belangstellingsvelde nie. Ook word uit ondervinding gevind dat as daar in die Kuder 'n hele aantal belangstellings op 'n min of meer gelyke vlak aangetref word en die differensiasie swak is, dit net so swak is op die 19-VBV.

(iv) Verband tussen die Kuderbelangstellings en persoonlikheid.

In 'n studie in 1947 gedoen (Super en Crites 1969) neig introverte om 'n laer belangstelling te toon in oorredend, terwyl ekstraverte neig om 'n bogemiddelde belangstelling in oorredend te hê. Oor die algemeen is daar egter teenstrydige resultate verkry wanneer die belangstelling en persoonlikheid gekorreleer is. Die beduidendste ooreenkomste het gelê in 'n studie deur Feather (Super en Crites 1969). "Normale" mense het hoër tellings vir meganiese en

wetenskaplik gekry en wanaangepaste mense het hoër tellings vir musiek, literêr en kuns gekry. Laasgenoemde studie word ondersteun deur resultate verkry deur Newman (1955), Sternberg (1956) en Steinberg (1952). Ander navorsers soos Klugman (1957) het weer bevind dat daar geen ooreenkoms bestaan tussen emosionele toestande, persoonlikheidstrekke en belangstellings, soos wat hulle in hierdie belangstellingsprofiel manifesteer nie. Die korrelasies tussen die Kuder en verskillende persoonlikheidsvraelyste is oor die algemeen laag.

(v) Korrelasies met skoolprestasie.

Die hoogste korrelasies tussen belangstellings soos gemanifesteer op die Kuder belangstellingsvraelys en skoolprestasie lê in wiskunde en wetenskap. Ander geringer korrelasies, veral op literêre gebied is ook gevind, maar kom minder sterk voor (Super en Crites 1969).

(vi) Korrelasies met beroepsukses.

Super en Crites bevind dat hoe meer algemeen of wyd die posisies of beroep byvoorbeeld voorman, hoe minder goed kan sukses voorspel word deur sterkte van belangstelling. Beroepe wat goed verteenwoordig word deur een of twee belangstellings laat voorspelling van sukses meer suksesvol toe as heterogene beroepe. Super en Crites wys daarop dat daar wel 'n ooreenkoms gevind is tussen belangstellings soos op die Kuder gemanifesteer en werksbevrediging.

7.2.4 Die Negentienveld belangstellingsvraelys.

Die 19-VBV is die tweede belangstellingsvraelys wat in hierdie studie gebruik word.

7.2.4.1 Oorsprong:

Die 19-VBV is deur die RGN (1970) saamgestel en gestandardiseer (Smit, 1981).

7.2.4.2 Huidige status in Suid-Afrika:

Die vraelys word ekstensief in Suid-Afrika deur skole, universiteite, die N I P N, RGN, privaat-praktisyns en ander instansies gebruik. Die 19-VBV is in aanvraag in Suid-Afrika weens die volgende faktore:

(i) Dit is in Suid-Afrika vir Suid-Afrikaners opgestel (St 8 - 10).

(ii) Dit meet aktiwiteite onderliggend aan beroepe (in teenstelling met sommige ander belangstellingsvraelyste waarin beroepe as sodanig deur die persoon in volgorde van voorkeur geplaas word, sonder dat hy soms weet watter aktiwiteite die beroep uitmaak).

(iii) Dit word redelik maklik nagesien.

(iv) 'n Verskeidenheid van velde word gedek, wat vir die beroepsvoorligter 'n verfyning van inligting bied. (Die Kuder meet byvoorbeeld slegs 10 velde).

7.2.4.3 Belangstellingsvelde:

Beeldende Kunste (Veld 1).
Uitvoerende Kunste (Veld 5).
Taal (Veld 16).
Histories (Veld 7).
Diens (Veld 17).
Welsynwerk (Veld 3).
Geselligheid (Veld 10).
Openbare Optrede (Veld 8).
Regte (Veld 14).
Kreatiewe Denke (Veld 11).
Wetenskap (Veld 6).
Prakties-Manlik (Veld 18).
Prakties-Vroulik (Veld 13).
Numeries (Veld 9).
Besigheid (Veld 19).
Klerklik (Veld 2).
Rondreis (Veld 12).
Natuur (Veld 4).
Sport (Veld 15).
Werk-Stokperdjie.
Aktief-Passief.

7.2.4.4 Interpretasie:

(i) Algemene faktore wat in ag geneem behoort te word:

(a) By die interpretasie van resultate moet daar na die totale belangstellingspatroon gekyk word in plaas van na enkele hoë of lae tellings (Smit, 1981), byvoorbeeld 'n regsbelangstelling moet liefs in 'n mindere of meerdere mate deur soveel as moontlik van die volgende belangstellings ondersteun word:

taal, histories, diens, geselligheid, openbare optrede, klerklik, besigheid, numeries.

(b) Die beroepsvoorligter moet ten volle vertroud wees met die betekenisse van die verskillende belangstellingsvelde.

(c) Daar moet ook op die Werk-Stokperdjie- en Aktief-Passief-skale gelet word, wat addisionele inligting omtrent werksgerigtheid en 'n aktiewe teenoor 'n passiewe werksingesteldheid bied.

(d) Daar moet in gedagte gehou word dat daar 'n mate van interafhanklikheid tussen sekere velde bestaan.

(e) Die standaardmetingsfout moet in ag geneem word.

(f) Die 19-VBV kan op drie maniere geïnterpreteer word:

- Groepering van belangstellingsvelde, byvoorbeeld die estetiese, handel, ensovoorts.
- Vergelyking met beroepsprofiele, soos beskikbaar in die handleiding.
- Interpretasie in terme van behoeftes.

(Hierdie is 'n opsomming van die uiteensetting van die interpretasie van die 19-VBV soos verduidelik deur Smit (1981 p301 - 304).

7.2.4.5 <u>Evaluering van die 19-VBV.</u>

Nicol (1978) kom tot die gevolgtrekking dat die 19-VBV in staat is om tussen individue op grond van hulle belangstellingspatrone te differensieer. Nicol (1978) sowel as Smit (1981) het deur hulle navorsing tot die gevolgtrekking gekom dat

twee belangstellingsvelde van die 19-VBV baie algemeen en moontlik misleidend mag wees, nl, wetenskap en numeries. Smit meen dat die waarde van die 19-VBV verhoog sal word indien hierdie belangstellingsvelde fyner verdeel kan word, byvoorbeeld in

- 'n biologies- en fisies-wetenskaplike rigting
- en 'n syferkundige en wiskundige belangstelling.

7.2.4.6 Verskille tussen die Kuder en die 19-VBV.

(i) Die Kuder is ingevoer vanaf die V.S.A. en aangepas by Suid-Afrikaanse toestande, terwyl die 19-VBV in Suid-Afrika ontwikkel en gestandaardiseer is vir Suid-Afrikaners.

(ii) Die Kuder is vir 'n wyer populasiegroep (byvoorbeeld 'n breër ouderdomsgroep) ontwerp, terwyl die 19-VBV spesifiek vir blanke standard nege- en matriekleerlinge ontwerp is.

(iii) Die Kuder is 'n ipsatiewe toets, dit wil sê daar moet geforseerde keuses gemaak word, terwyl daar in die 19-VBV grade van voorkeur en afkeer aan aktiwiteite toegeken word.

(iv) Die Kuder het 'n V-telling, wat 'n aanduiding gee daarvan of die tellings op die tien skale aanvaar kan word en of hulle in twyfel getrek moet word.

(v) Op die Kuder is daar oor die algemeen 'n beter verspreiding van belangstellings (persoonlike waarneming, nie deur navorsing bewys nie), terwyl daar soms op die 19-VBV 'n hele aantal belangstellings op dieselfde vlak aangetref word, of oor slegs enkele staneges versprei.

(vi) Die 19-VBV meet nege velde meer as die Kuder.

(vii) Die 19-VBV bied addisionele inligting op die Werk/Stokperdjie- en Passief/Aktief-skale, hoewel neigings tot passiwiteit en 'n gebrek aan werksgerigtheid ook uit die Kuder, in kombinasie met die biografiese en persoonlikheidsdata, opgetel kan word.

(viii) Adolessente geniet dit gewoonlik meer om die Kuder te voltooi, omdat hulle die metode interessant en stimulerend vind, terwyl die duidelik herhalende patroon van die 19-VBV hulle soms irriteer of laat voel dat die toets so deursigtig en manupuleerbaar is dat hulle aan die geldigheid twyfel. Aan die ander kant kritiseer sommige jongmense weer die Kuder op grond van die feit dat hulle gedwing word om keuses te maak, soms in verband met aktiwiteite of beroepe waarin hulle glad nie belangstel nie.

(ix) Daar is heelwat meer navorsing oor 'n lang tydperk in verband met die Kuder gedoen, maar hoofsaaklik in die V.S.A., terwyl die navorsing in verband met die 19-VBV op die Suid- Afrikaanse populasie vir die Suid-Afrikaanse populasie gedoen is. Deur middel van die gebruik van beide die Kuder en die 19-VBV in kombinasie word heelwat van die afsonderlike voordele van die twee belangstellingsvraelyste benut, terwyl heelwat van die swakhede uitgeskakel of verminder word.

7.2.5 Toets vir algemene intellektuele vermoë. (Die Hoëvlak Verstandelike Helderheidstoets van die NIPN).

Hierdie vyf meetinstrumente hierbo beskryf is nie die enigste meetinstrumente wat in die beroepsleidingsproses gebruik is nie, en het deel uitgemaak van 'n groter toetsbattery wat byvoorbeeld 'n sinsvoltooiingstoets en verskeie ander tipes van intellektuele vermoëtoetse ingesluit het.

## 7.3 STATISTIESE VERWERKING VAN GEGEWENS

7.3.1 Interkorrelasies word bereken om vas te stel watter persoonlikheidsdimensies, soos verkry uit die selfbeskrywing, met mekaar korreleer, asook met die belangstellingsvelde, soos gemeet deur die 19-VBV en die Kuder Belangstellingsvraelys.

7.3.2 Met elk van die vyf persoonlikheidsdimensies (verkry uit die selfbeskrywing) as kriterium word regressievergelykings van die belangstellingsvelde van die Kuder en 19-VBV uitgewerk. Die vyf regressievergelykings wat hieruit ontstaan en statisties beduidend blyk te wees, word gebruik om die ooreenstemmende persoonlikheidsdimensies te voorspel.

7.3.3 Met die proefpersoon se geslag as kriterium (seuns : 1, meisies : 2) en alle belangstellingsvelde as voorspellers word 'n agressie-ontleding gedoen. Die regressievergelyking word dan gebruik om 'n skaal te definieer waarvan die een pool vroulike belangstellings en die ander pool manlike belangstellings verteenwoordig. Elke lid van die steekproef se posisie op die skaal word bereken om 'n maatstaf te verkry van die effektiwiteit van geslagsrolidentifikasie.

7.3.4 Hierdie maatstaf word dan met die 16-PF-velde in verband gebring om persoonlikheidsdimensies te identifiseer wat verband hou met geslagsrolidentifikasie.

7.3.5 Die verband tussen elke persoonlikheidsdimensie (soos verkry uit die selfbeskrywing en die 16-PF) en intelligensie (verkry van die toetspunt op die Verstandelike Helderheidstoets) word bepaal. Hierna word skoolprestasie met intelligensie gekombineer om 'n maatstaf van oor- en onderprestasie te verkry, wat dan met elk van die persoonlikheidsdimensies in verband gebring word. 'n Regressie-ontleding met matriekpunte as kriterium en intelligensie as voorspeller word gebruik om die maatstaf te ontwikkel.

7.3.6 Verskille tussen gemiddeldes en frekwensies wat beduidend is op die 5%-peil, volgens die t-toets en die -toets respektiewelik, word in die teks bestempel as <u>beduidend</u>. Dieselfde geld vir die verskil tussen die twee korrelasies waar die t-toets toegepas is. Die beduidendheidspeil is nie aangepas vir die getal korrelasies bereken nie as gevolg van die eksploratiewe aard van hierdie studie. Alle statistiese ontledings is deur middel van die "Statistical Package for the Social Services" (Nie, et al, 1980) gedoen.

HOOFSTUK 8.

# BESPREKING VAN RESULTATE

## 8.1 GESLAGSVERSKILLE IN BELANGSTELLINGS EN PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE

### 8.1.1 Die Belangstellingsprofiele van die twee geslagsgroepe in tabelvorm

Die belangstellingsprofiele van die twee geslagsgroepe word in tabelle 1 en 2 saamgevat. 'n Plusteken agter 'n syfer beteken dat die betrokke geslag se belangstelling beduidend hoër is as dié van die ander geslag. Al die velde se verdelings manifesteer matige skeefhede en kurtoses (tussen -1,5 en 1,5), behalwe in die geval van die 19-VBV se aktief/passief-veld, waar die kurtose 3,2 is. In die algemeen kan dus aanvaar word dat die verdelings normaal is.

TABEL 1. KUDERBELANGSTELLINGS (ROUPUNTE)

| | DOGTERS n = 50 | | SEUNS n = 51 | |
|---|---|---|---|---|
| VELD | GEM. | S. AFW. | GEM. | S. AFW. |
| KV | 35,28 | 2,70 | 34,75 | 2,93 |
| KBUIT | 42,96 | 15,68 | 53,80++ | 15,85 |
| KMEG | 23,28 | 11,40 | 43,29++ | 13,96 |
| KREKEN | 22,82 | 9,42 | 29,6[illegible]++ | 9,74 |
| KWET | 36,66 | 11,93 | 48,10++ | 11,61 |
| KOORR | 38,34 | 12,44 | 35,84 | 10,99 |
| KKUNS | 31,60++ | 10,03 | 25,92 | 8,50 |
| KLET | 19,28++ | 9,04+ | 13,67 | 6,75 |
| KMUS | 12,88+ | 6,64 | 10,12 | 6,32 |
| KMAATSK | 51,06++ | 11,81 | 37,94 | 14,09 |
| KKLERK | 43,44 | 13,65 | 43,92 | 11,13 |

\+ = Beduidend op die 5%-peil.

++ = Beduidend op die 1%-peil.

TABEL 2. NEGENTIENVELD-BELANGSTELLINGS (ROUPUNTE)

| | DOGTERS | | SEUNS | |
|---|---|---|---|---|
| VELD | GEM. | S. AFW. | GEM. | S. AFW. |
| NBEEL | 24,78 | 11,51 | 20,63 | 11,24 |
| NUITV | 16,46+ | 10.06 | 11,10 | 12,35 |
| NTAAL | 19,22++ | 11,28 | 11,16 | 12,03 |
| NHIST | 15,66 | 10,50 | 20,18+ | 8,15 |
| NDIENS | 20,06 | 9,18 | 17,02 | 8,12 |
| NWELS | 27,68++ | 10,21 | 17,75 | 12,62 |
| NGESEL | 32,76+ | 9,18 | 28,65 | 8,65 |
| NOPEN | 13,58 | 11,01 | 15,94 | 11,36 |
| NREGTE | 20,38 | 13,86 | 19,14 | 10,96 |
| NKREAT | 31,00 | 7,72 | 34,00 | 8.25 |
| NWET | 19,74 | 10,55 | 29,14++ | 10,25 |
| NPRAKM | 17,74 | 13,27 | 30,00++ | 11,65 |
| NPRAKV | 23,40++ | 10,13 | 16,04 | 9,08 |
| NNUM | 15,64 | 11,53 | 26,84++ | 10,71 |
| NBESIG | 15,18 | 11,57 | 26,31++ | 11,44 |
| NKLERK | 13,86 | 8,87 | 12,55 | 7,86 |
| NREIS | 29,14 | 9,06 | 28,22 | 8,75 |
| NNAT | 18,44 | 12,26 | 28,10++ | 11,47 |
| NSFOR | 26,84 | 9,94 | 31,84+ | 11,36 |
| NWS | 15,34 | 1,79 | 15,16 | 2,10 |
| NAP | 8,62 | 2,29 | 9,24 | 2,29 |

\+ = Beduidend op die 5%-peil

++ = Beduidend op die 1%-peil

Die persoonlikheidsprofiele van die twee geslagte word in tabel 3 weergegee. Die plustekens dui beduidende verskille op die 5%-vlak aan. Weereens is daar geen ekstreme skeefhede en kurtoses nie.

8.1.2 Persoonlikheidseienskappe, soos weerspieël in die 16-PF, van die twee geslagsgroepe in tabelvorm.

TABEL 3. PERSOONLIKHEIDSPROFIEL (ROUPUNTE)

| | DOGTERS | | SEUNS | |
|---|---|---|---|---|
| VELD | GEM. | S. AFW. | GEM. | S. AFW. |
| HARTLIK | 12,70++ | 3,42 | 8,76 | 4,02 |
| INTEL | 8,10 | 1,46 | 8,49 | 1,49 |
| EMSTAB | 15,40 | 3,99 | 16,57 | 3,47 |
| SELFGEL | 13,48 | 3,93 | 14,65 | 4,02 |
| SORGL | 16,28++ | 4,13 | 14,08 | 3,98 |
| SUPER | 13,20 | 3,34 | 13,31 | 3,28 |
| SOSVRY | 13,36 | 4,55 | 12,45 | 5,36 |
| EMGEV | 9,90++ | 3,20 | 6,49 | 3,71 |
| AGTERD | 9,92 | 3,40 | 10,86 | 2,86 |
| VERBEEL | 13,18 | 3,26 | 12,45 | 3,43 |
| SKERP | 9,56 | 2,31 | 10,35 | 2,56 |
| SKULD | 12,54+ | 3,29 | 10,98 | 3,36 |
| ONDERS | 9,44 | 2,47 | 10,06 | 2,88 |
| SELFGEN | 10,18 | 3,14 | 10,43 | 4.04 |
| BEHEER | 10,36 | 2,93 | 10,98 | 2,98 |
| GESPAN | 12,82 | 4,54 | 11,31 | 4,44 |

\+ = Beduidend op die 5%-peil.

++ = Beduidend op die 1%-peil.

## 8.2 DIE VYF PERSOONLIKHEIDSKALE VAN DIE SELFBESKRYWING

Die proefpersone het tussen 9 en 36 sinne geskryf wat op die vyf skale beoordeel kon word. Die dogters het statisties beduidend meer sinne as die seuns geskryf (Gemiddeld 23 teenoor 20) ($\chi^2$-waarde beduidend op 5%-vlak). Die korrelasies tussen die twee beoordelaars se kwantifiseringsyfers word in tabel 4 saamgevat, tesame met die volskaal-betroubaarhede (bereken volgens Cronbach se alfa-tegniek). Slegs die eerste 24 sinne is vir hierdie berekenings gebruik omdat 53 persone nie verdere sinne geskryf het nie en die getal persone waarop ontledings doen kan word, dus te klein sal word wanneer meer sinne ingesluit word. Agtien seuns en 30 dogters is vir die betroubaarheidsberekenings gebruik.

### 8.2.1 Tabel 4. Betroubaarheid van Beoordelingskale

| | KORRELASIES TUSSEN BEOORDELAARS | | | VOLSKAAL-BETROUBAARHEID | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| SKAAL | MEDIAAN-KORRELASIE | MINIMUM-KORRELASIE | MAKSIMUM KORRELASIE | DOGTERS | SEUNS | VOLLE GROEP |
| SELFKONS | 0,77 | 0,65 | 0,91 | 0,78 | 0,86 | 0,82 |
| SELFVERTR. | 0,70 | 0,55 | 0,85 | 0,81 | 0,81 | 0,81 |
| MENSGERIGT. | 0,74 | 0,45 | 0,87 | 0,80 | 0,80 | 0,80 |
| PASAKTF. | 0,66 | 0,53 | 0,81 | 0,77 | 0,77 | 0,77 |
| SOSAGGR. | 0,67 | 0,40 | 0,83 | 0,76 | 0,76 | 0,76 |

Bespreking van Tabel 4

Die passief/aktiefmetings en die sosiale-aggressiemetings toon die laagste betroubaarheidsyfers. Volgens Smit (1981) is 'n betroubaarheid van 0,76 in die geval van persoonlikheidsevaluering nog aanvaarbaar. Die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys se betroubaarhede wissel byvoorbeeld tussen 0,57 en 0,88, en dié van die 16-PF tussen 0,71 en 0,90 (Smit, 1981, p249 en 254)

8.2.2 Kombinering van die vyf persoonlikheidskale met die 16-PF vraelys.

As die vyf persoonlikheidsbeoordelingskale van die selfbeskrywing gekombineer kan word met die 16-PF, bied dit die moontlikheid om die persoonlikheidskale se betroubaarheid te verhoog, omdat die 16-PF as 'n kontrole vir die persoonlikheidskale dien. Regressie-ontledings word dus gedoen met elk van die persoonlikheidbeoordelingskale as kriterium en die 16-PF-skale as voorspellers. Elk van die regressievergelykings sal dan die optimale samestelling van die 16-PF-skale wees om met die betrokke persoonlikheidskaal gekombineer te word. Stapsgewyse regressie word gebruik en voorspellers word ingesluit mits hulle p-waardes van kleiner as 0,100 lewer (volgens die F-toets op die inkrement in die verklaarde variansie). Ooreenstemmend word ingeslote voorspellers weer verwyder wanneer hulle p-waardes groter of gelyk aan 0,100 word nadat ander voorspellers ingesluit is.

In die geval van elke kriterium moet eers vasgestel word of die seuns en dogters dieselfde of verskillende regressieontledings vereis. Dit word gedoen deur drie groepe voorspellers gesamentlik in elk van die voorlopige regressies te gebruik: (a) die voorspellers (b) elk met die voorspellers vermenigvuldig met die kode vir geslag en (c) kode

vir geslag. Groep (a) toets die beduidendheid van elke voorspeller vir beide geslagte gesamentlik. Groep (b) toets of die bydrae van 'n voorspeller beduidend verskil tussen die geslagte. Die geslagskode (c) toets of die regressiekonstantes vir die twee geslagte beduidend verskil.

In die geval van die eerste twee skale (selfkonsep en selfvertroue) het groepe (b) en (c) as beduidende voorspellers te voorskyn getree, wat beteken dat seuns en dogters nie dieselfde voorspeller-kriteriumverband toon nie. In die geval van die ander drie kriteria het die twee geslagte egter dieselfde gereageer.

Die resultate van hierdie ontledings is soos volg:

(i) Selfkonsep

Voorspelde selfkonsep vir dogters = 0,053 SOSIAAL-BEHEERS + 0,03 SELFGELDEND + 3,04.

Voorspelde selfkonsep vir seuns = 0,038 EMOSIONEEL STABIEL + 0,019 SOSIAAL VRYPOSTIG - 0,04 GESPANNE + 3,43.

Die meervoudige korrelasie van die voorspelde selfkonsep met die selfkonsepskaal is 0,20 vir dogters en 0,63 vir seuns. Dit is moeilik om te verklaar waarom die verskil in die twee geslagte so groot is.

(ii) Sosiale Selfvertroue

Voorspelde selfvertroue vir dogters = 0,02 SOSIAAL VRYPOSTIG + 0.018 EMOSIONEEL STABIEL + 2,76.

Voorspelde selfvertroue vir seuns = 0,021 HARTLIK + 0,025 SORGELOOS + 0,028 SKERPSINNIG - 0,024 GENEIG TOT SKULDGEVOELENS - 0,023 GESPANNE - 0,029 ONDERSOEKEND + 3,23.

Die meervoudige korrelasie van die voorspelde sosiale selfvertroue met die sosiale selfvertroueskaal is 0,37 vir dogters en 0,71 vir seuns.

(iii) Mensgerigtheid

Voorspelde mensgerigtheid vir dogters en seuns = 0,025 HARTLIK + 0,019 SOSIAAL VRYPOSTIG - 0,014 VERBEELDINGRYK + 2,85.

Die meervoudige korrelasie van die voorspelde mensgerigtheid met die mensgerigtheidskaal vir albei geslagte is 0,53.

(iv) Passief/Aktief

Voorspelde passiwiteit/aktiwiteit vir dogters en seuns = 0,014 SOSIAAL VRYPOSTIG + 0,03 SOSIAAL BEHEERS + 0,014 SELFGELDEND + 2,8.

Die meervoudige korrelasie van voorspelde passief/aktief met die passief/aktiefskaal is 0,42.

(v) Sosiale Aggressie

Voorspelde sosiale aggressie vir dogters en seuns = 0,015 SELFGELDEND - 0,013 HARTLIK + 2,75.

Uit die regressie-vergelyking blyk dit dat daar 'n hoër ooreenkoms by die seuns as die dogters is tussen prestasie op die 16-PF-skale en beoordelings op selfkonsep en selfvertroue. In die geval van hierdie twee skale is daar ook geen ooreenkoms insoverre dit die bydraende 16-PF-skale betref nie. Tewens daar is 'n sterk ooreenkoms tussen die 16-PF-skale vir die dogters se selfvertroue en die seuns se selfkonsep.

8.3 Die interkorrelasies tussen die vyf persoonlikheidskale word in Tabelle 5 en 6 getoon.

8.3.1 Tabel 5. Interkorrelasies tussen persoonlikheidskale (Dogters)

| | SELFKONS | SELFVERT | MENSRIG | PASAKT | SOSAGGR |
|---|---|---|---|---|---|
| SELFKONS | 1,00 | ,61* | ,23 | ,73* | ,09 |
| SELFVERT | ,61* | 1,00 | ,67* | ,45* | -,05 |
| MENSRIG | ,23 | ,67* | 1,00 | ,30* | -,59* |
| PASAKTF | ,73* | ,45* | ,30* | 1,00 | -,03 |
| SOSAGGR | ,09 | -,05 | -,59* | -,03 | 1,00 |

*Beduidend op die 5%-peil.

8.3.2 Tabel 6. Interkorrelasies tussen persoonlikheidskale (Seuns)

| | SELFKONS | SELFVERT | MENSRIG | PASAKT | SOSAGGR |
|---|---|---|---|---|---|
| SELFKONS | 1,00 | ,48* | ,26 | ,67* | ,06 |
| SELFVERT | ,48* | 1,00 | ,61* | ,47* | -,03 |
| MENSRIG | ,26 | ,61* | 1,00 | ,42* | -,58* |
| PASAKTF | ,67* | ,47* | ,42* | 1,00 | -,14 |
| SOSAGGR | ,06 | ,03 | -,58* | -,14 | 1,00 |

*Beduidend op die 5%-peil.

8.3.3 Bespreking van Interkorrelasies tussen Persoonlikheidskale (Dogters en Seuns) (Tabelle 5 en 6).

Uit Tabelle 5 en 6 blyk die volgende beduidende korrelasies:

8.3.3.1 Omdat die selfkonsep in 'n sosiale konteks gevorm word, kan verwag word dat daar 'n hoë korrelasie tussen selfkonsep en sosiale selfvertroue sal wees. Die persoon met 'n positiewe selfkonsep beskou homself in staat om menslike kontak te hanteer en benader mense dus met selfvertroue. Die persoon met 'n negatiewe selfkonsep twyfel aan sy vermoëns, asook sy sosiale vaardigheid, en benader mense dus met minder selfertroue en met meer vrees vir mislukking en verwerping.

8.3.3.2 Die jongmens wat <u>aktief</u> is, het waarskynlik 'n meer positiewe <u>selfkonsep</u> omdat hy homself in beheer sien - hy kan sy wêreld hanteer omdat hy/sy in kontrole daarvan is deur aktiewe hantering daarvan.

8.3.3.3 Dogters en seuns wat oor goeie <u>sosiale selfvertroue</u> beskik, is meer <u>mensgerig</u> - om menslike kontak effektief te kan hanteer, word sosiale selfvertroue benodig. Die persoon wat goed met mense oor die weg kom, is seker van sy egogrense, terwyl die persoon wat nie sosiale selfvertroue het nie, se egogrense meer vloeibaar is en hy dus meer bedreig voel.

8.3.3.4 Die seun en dogter wat <u>aktief</u> ingestel is, het <u>sosiale selfvertroue</u> omdat hulle aktief op hulle sosiale omgewing ingestel is en voel dat hulle dit doeltreffend kan hanteer.

8.3.3.5 Hieruit spruit ook die waarneming dat <u>aktiewe</u> mense meer mensgerig is.

8.3.3.6 'n Gebrek aan sosiale aggressie <u>(inskiklikheid)</u> maak sosiale kontak makliker en is dus gekoppel aan <u>mensgerigtheid.</u>

## 8.4 <u>VERBAND TUSSEN BEPAALDE PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE EN BELANGSTELLINGSVELDE.</u>

Tabelle 7 en 8 toon die individuele korrelasies wat tussen die persoonlikheids- en belangstellingsmetings bestaan. Korrelasies beduidend op die 5%-peil word met sterretjies aangetoon. Waar die geslagte se korrelasies beduidend van mekaar verskil op die 5% peil (volgens die t-toets), word dit met 'n plusteken aangedui.

8.4.1 Tabel 7(A). Korrelasies tussen Persoonlikheidskale en Kudervelde. (Dogters).

| | SELFKONS | SELFVERT | MENSRIG | PASAKT | SOSAGGR |
|---|---|---|---|---|---|
| VH | 0,08 | 0,03 | -0,21 | -0,10 | 0,22 |
| MATR | -0,18 | -0,18 | -0,23 | -0,16 | 0,18 |
| MATRAF | -0,25 | -0,23 | -0,14 | -0,12 | 0,08 |
| KV | -0,02 | -0,16 | -0,14 | -0,06 | -0,10 |
| KBUIT | 0,35*+ | -0,01 | -0,28 | 0,24+ | 0,19 |
| KMEG | 0,20 | 0,02 | -0,02+ | 0,13+ | -0,10 |
| KREKEN | -0,08 | 0,10 | 0,25 | -0,04 | -0,18 |
| KWET | 0,17 | -0,11 | -0,17 | 0,11 | -0,07 |
| KOORR | -0,24 | 0,11 | 0,29* | -0,23 | -0,15 |
| KKUNS | 0,09 | -0,05 | -0,09 | -0,03 | 0,03 |
| KLET | -0,21 | -0,02 | -0,11 | -0,14 | 0,28 |
| KMUS | -0,15 | -0,04 | -0,03 | -0,12 | 0,16 |
| KMAATSK | -0,12 | -0,26 | -0,08 | 0,06 | -0,22 |
| KKLERK | -0,04 | 0,15 | 0,20 | 0,07 | -0,04 |

\+ = Verskil tussen geslagte se korrelasies beduidend op die 5%-peil

* = Korrelasie beduidend op die 5%-peil

8.4.2 Tabel 7(B). Korrelasies tussen persoonlikheidskale en Kuder (Seuns)

| | SELFKONS | SELFVERT | MENSRIG | PASAKT | SOSAGGR |
|---|---|---|---|---|---|
| VH | 0,12 | 0,08 | 0,10 | 0,01 | -0,07 |
| MATR | 0,21 | 0,17 | 0,19+ | 0,17 | -0,04 |
| MATRAF | 0,17+ | 0,15 | 0,16 | 0,21 | 0,01 |
| KV | -0,24 | -0,06 | 0,04 | -0,22 | -0,11 |
| KBUIT | -0,25 | -0,39* | -0,53* | -0,35* | 0,35* |
| KMEG | -0,16 | -0,36* | -0,48* | -0,29* | 0,36*+ |
| KREKEN | 0,17 | 0,09 | -0,01 | 0,03 | -0,02 |
| KWET | -0,08 | -0,08 | -0,26 | -0,16 | 0,19 |
| KOORR | -0,08 | 0,33* | 0,30* | 0,11 | -0,06 |
| KKUNS | 0,11 | -0,23 | -0,13 | 0,09 | -0,06 |
| KLET | -0,06 | 0,05 | 0,19 | 0,05 | -0,09 |
| KMUS | 0,20 | 0,14 | 0,32* | 0,21 | -0,19 |
| KSOS | -0,00 | 0,27+ | 0,44*+ | 0,01 | -0,36* |
| KKLERK | 0,10 | 0,11 | 0,06 | 0,09 | -0,11 |

+ = Verskil tussen geslagte se korrelasies beduidend op die 5%-peil

* = Korrelasie beduidend op die 5%-peil

8.4.3 Bespreking van korrelasies tussen persoonlikheidskale en die Kuder.

8.4.3.1 Dogters se sterk buitenshuise belangstellings gaan gepaard met 'n meer positiewe selfkonsep, terwyl dit nie by die seuns die geval is nie, trouens die seuns se selfkonsep korreleer negatief met 'n sterk buitenshuise belangstelling. 'n Moontlike afleiding wat dus uit die beduidende verskil tussen die meisies

en seuns se buitenshuise belangstelling gemaak kan word, is dat 'n buitenshuise belangstelling by seuns 'n ontvlugting van werk (aktiewe hantering van die omgewing) impliseer, terwyl meisies met 'n buitenshuise belangstelling hierdie belangstelling aktief in hulle beroep wil inkorporeer.

By meisies kan dit ook beteken dat hulle mobiel, en fisiek betrokke wil wees in hulle werk, soos in verpleging en die terapeutiese beroepe, terwyl die implikasie in die geval van die seuns is dat hulle take wat hulle staties hou of inperk, vermy en dat hulle vry wil wees - 'n geïmpliseerde gebrek aan realisme in hulle beroepskeuse. Let ook daarop dat sosiale aggressie beduidend met 'n buitenshuise belangstelling by seuns (maar nie by meisies nie) korreleer - wat ook frustrasie of opstand suggereer. Die seun wat buitenshuis georiënteer is, is ook nie mensgerig nie. Soos hierbo aangedui is mensgerigtheid gekoppel aan sosiale selfvertroue en aktiwiteit. Die prentjie wat dus gevorm word van die seun met 'n sterk buitenshuise belangstelling, is dié van 'n seun wat nie sy leefwêreld effektief kan hanteer nie, wat passief neig te wees, mense vermy en onrealisties in sy beroepskeuse is.

8.4.3.2 Goeie prestasie in matriekvakke is nie beduidend gekoppel aan enigeen van die persoonlikheidskale nie. Die selfbeskrywing bied dus nie in die geval van die meisies inligting wat gekoppel kan word aan hulle matriekresultate nie.

8.4.3.3 Die seun met 'n sterk meganiese belangstelling, manifesteer beduidend minder sosiale selfvertroue en mensgerigtheid. Dit kom dus voor of hy objekte

(meganiese voorwerpe) meer effektief kan hanteer as mense (of dat hy veiliger voel in die teenwoordigheid van objekte) en dat hy hom op meganiese aktiwiteite toespits omdat hy nie mense effektief kan hanteer nie. Interpersoonlike verhoudings is dus vir so 'n persoon moeilik om te hanteer. Hiermee saam kom 'n beduidende hoë sosiale aggressie voor wat ook mensgerigtheid teenwerk. So 'n persoon beweeg dus in aggressie weg van mense. Die feit dat die seun wat 'n sterk meganiese belangstelling toon, ook beduidend passief is, kan verskillende moontlike verklarings hê.

(i) Hy kan passief ingestel wees veral ten opsigte van sy sosiale omgewing en dus as kompensasie hom meer aktief toelê op slegs meganiese gebied.

(ii) Dit kan ook beteken dat sy meganiese aktiwiteite nie konstruktief is nie, maar dat hy rondpeuter byvoorbeeld met motorfietsenjins sonder dat hy konstruktief aktief is.

(iii) Ander aspekte kan moontlik ook bydra tot prestasie in die passief/aktiefskaal.

(Let egter daarop dat dieselfde nie bevind is ten opsigte van die passief/aktief-skaal op die 19-VBV nie).
By die meisies wat sterk meganiese belangstellings het, is daar beduidende verskille ten opsigte van mensgerigtheid en passiwiteit/aktiwiteit wanneer hulle met seuns vergelyk word. (Tabel 8A) Die dogter met 'n meganiese belangstelling kan nie

geklassifiseer word as mensgerig of nie-mensgerig nie en kan ook nie as oorwegend passief of aktief geklassifiseer word nie. Dit mag dus wees dat die seun se meganiese belangstelling 'n meer kompenserende element bevat as die dogter se meganiese belangstelling.

8.4.3.4 By die seuns gaan 'n sterk oorredingsbelangstelling gepaard met sosiale selfversekerdheid, terwyl dit nie die geval by meisies is nie. (Die korrelasie tussen sosiale selfvertroue en oorredend is nie beduidend by meisies nie.) Die moontlike implikasie hiervan is dat die manifestasie van 'n oorredingsbelangstelling by meisies 'n begeerte tot selfgelding of oorredingsvermoë aandui, terwyl die seun meestal oor die sosiale selfvertroue beskik om 'n oorredingsfunksie suksesvol te kan hanteer.

Soos verwag kan word, korreleer 'n oorredingsbelangstelling by beide seuns en meisies met mensgerigtheid, omdat 'n oorredingsbelangstelling 'n mensgerigte belangstelling is.

8.4.3.5 'n Musiekbelangstelling by seuns korreleer beduidend met mensgerigtheid, maar nie by meisies nie. Dit mag beteken dat seuns met mense wil kommunikeer deur medium van musiek, terwyl die meisies se musiekbelangstelling gepaard gaan met passiwiteit.

8.4.4 Verband tussen die Persoonlikheidsdimensies uit die Beskrywing, met die 19-VBV.

8.4.4.1 Tabel 8. Korrelasies tussen die vyf persoonlikheidskale en 19-VBV (Dogters)

| | SELFKONS | SELFVERT | MENSRIG | PASAKT | SOSAGGR |
|---|---|---|---|---|---|
| NBEELD | -0,06 | -0,14 | 0,04 | -0,15 | -0,14 |
| NUITV | -0,15 | -0,09 | -0,00 | -0,22 | 0,08 |
| NTAAL | -0,23 | -0,03 | 0,05 | -0,16 | 0,06 |
| NHIST | 0,01 | -0,03 | 0,18 | -0,08 | -0,23 |
| NDIENS | -0,10 | -0,18 | 0,03 | -0,23 | -0,24 |
| NWELS | -0,16 | -0,26 | -0,08 | 0,04 | -0,17 |
| NGESEL | -0,23 | 0,06 | 0,14 | -0,10 | 0,08 |
| NOPEN | 0,05 | 0,16 | 0,23 | 0,14 | 0,11 |
| NREGTE | 0,09+ | 0,14 | 0,14 | 0,18 | 0,08 |
| NKREAT | 0,03 | 0,06 | 0,17 | 0,14 | -0,13 |
| NWET | 0,18 | -0,03 | -0,09 | 0,07 | -0,13 |
| NPRAKM | 0,07 | -0,20 | 0,04 | -0,01 | -0,37* |
| NPRAKV | -0,13 | -0,30* | -0,26 | -0,23 | 0,12 |
| NNUM | -0,01 | -0,01 | 0,13 | -0,06 | -0,13 |
| NBESIG | -0,02 | 0,10 | 0,40*+ | -0,05 | -0,41* |
| NKLERK | -0,10 | -0,00 | 0,31* | -0,08 | -0,35* |
| NREIS | 0,02 | 0,03 | 0,14 | -0,12 | -0,10 |
| NNAT | 0,34*+ | 0,04 | -0,05+ | 0,18+ | -0,04 |
| NSPOR | -0,14 | -0,27 | -0,03 | -0,02 | 0,01 |
| NWS | -0,10 | -0,11 | -0,02 | -0,02 | -0,06 |
| NAP | 0,11 | 0,18 | 0,07 | 0,03 | -0,01 |

\+ = Verskil tussen geslagte se korrelasies beduidend op die 5%-peil

* = Korrelasie beduidend op die 5%-peil

8.4.4.2 Tabel 9. Korrelasies tussen Persoonlikheid en 19-VBV (Seuns)

| | SELFKONS | SELFVERT | MENSRIG | PASAKT | SOSAGGR |
|---|---|---|---|---|---|
| NBEELD | 0,11 | -0,02 | -0,07 | 0,17 | -0,06 |
| NUITV | 0,07 | 0,21 | 0,29* | 0,18+ | -0,25 |
| NTAAL | -0,04 | 0,18 | 0,28 | 0,14 | -0,22 |
| NHIST | -0,21 | -0,01 | -0,13 | 0,02 | 0,01 |
| NDIENS | -0,03 | 0,15 | 0,14 | 0,19+ | -0,16 |
| NWELS | -0,14 | 0,29*+ | 0,41*+ | 0,01 | -0,33* |
| NGESEL | 0,12 | 0,50*+ | 0,54*+ | 0,17 | -0,12 |
| NOPEN | 0,13 | 0,48* | 0,40* | 0,24 | -0,06 |
| NREGTE | -0,34* | 0,25 | 0,08 | -0,13 | 0,13 |
| NKREAT | 0,53*+ | 0,29* | 0,15 | 0,19 | 0,16 |
| NWET | 0,04 | -0,03 | -0,13 | -0,08 | 0,09 |
| NPRAKM | 0,14 | -0,10 | -0,29* | -0,07 | 0,37*+ |
| NPRAKV | 0,12 | 0,02 | -0,11 | 0,18+ | 0,08 |
| NNUM | 0,21 | 0,10 | -0,01 | 0,04 | 0,06 |
| NBESIG | 0,04 | 0,15 | -0,11 | -0,05 | 0,12+ |
| NKLERK | -0,01 | 0,21 | 0,20 | 0,22 | -0,22 |
| NREIS | 0,13 | 0,17 | 0,09 | 0,26 | 0,05 |
| NNAT | -0,17 | -0,29* | -0,48* | -0,29* | 0,31* |
| NSPOR | -0,18 | -0,08 | -0,12 | -0,19 | 0,18 |
| NWS | 0,00 | 0,07 | 0,11 | 0,18 | -0,08 |
| NAP | -0,21 | -0,19 | 0,08 | -0,02 | -0,24 |

\+ = Verskil tussen geslagte se korrelasies beduidend op die 5%-peil

* = Korrelasie beduidend op die 5%-peil

8.4.4.3 Bespreking van korrelasies tussen persoonlikheid (selfbeskrywing) en velde van die 19-VBV.

(i) Seuns wat in die uitvoerende kunste belang stel, is beduidend mensgerig, maar dit is nie die geval by meisies nie. Soos in die geval van die musiekbelangstelling van die Kuder word die seun se uitvoerende kunstebelangstelling dus as 'n poging tot kommunikasie met mense gesien. Dit kan wees dat die dogter in die beeld wat sy vir haarself skep van 'n uitvoerende kunstenaar eerder daarop ingestel is om bewondering van ander te kry om te kompenseer vir gevoelens van sosiale ontoereikendheid. 'n Meer aanvaarbare verklaring lê egter in die beduidende verskil wat daar bestaan tussen die seun en meisie wat in uitvoerende kunste belangstel se passiwiteit/aktiwiteit. Die seun is beduidend meer aktief ingestel as die meisie.

(ii) 'n Soortgelyke verskil om passiwiteit/aktiwiteit in die geval van 'n diensbelangstelling word aangetref. Die seun se diensbelangstelling is beduidend meer aktief as dië van die meisie.

(iii) Soos in die geval van die Kuder se maatskaplike diensleweringsbelangstelling toon die seun wat in welsynwerk belangstel sterk sosiale selfvertroue en mensgerigtheid, wat nie die geval by die meisies is nie. Weer eens neig die meisies wat in welsynwerk belang stel om minder sosiale selfvertroue te hê. Soos

in die geval van die Kuder, is die seuns se sosiale aggressie laag as hulle in welsynwerk belang stel. Die seun wat dus 'n sosiale diens wil lewer se sosiale aggressie is waarskynlik laag omdat hy sosiale selfvertroue het en dus nie so maklik sosiaal gefrustreer raak nie.

Die algemene afleiding wat uit die response op die welsyn- en maatskaplike diensleweringsbelangstellings gemaak kan word, is dat die persoonlikhede van seuns en meisies wat hoë belangstellings in die velde toon, verskillend is en dat 'n maatskaplike diensleweringsbelangstelling by 'n seun anders geïnterpreteer behoort te word as dié by 'n meisie.

(iv) 'n Mens sou verwag dat 'n geselligheidsbelangstelling beduidend moet korreleer met sosiale selfvertroue en mensgerigtheid. Dit is wel by seuns die geval, maar nie by meisies nie en die verskil in die twee geslagte se response is beduidend. (Tabel 8) Dit kom dus voor of die meisie se geselligheidsbelangstelling 'n begeerte tot sosiale insluiting en gesellige omgang met mense verteenwoordig, en dat dit mag spruit uit 'n gebrek aan selfvertroue en 'n gevoel van onvermoë om gesellig met mense om te gaan.

(v) Dieselfde neiging om 'n hoë sosiale selfvertroue en hoë mensgerigtheid by seuns aan te tref saam met 'n openbare optredebelangstelling word gevind, (Tabel 9) terwyl die meisies se korrelasies nie beduidend is nie. (Tabel 8) 'n Mens kan moontlik die afleiding maak dat die seun se belangstelling in openbare optrede spruit uit 'n vermoë om dit te kan hanteer en 'n werklike mensgerigtheid, terwyl dit by die meisie eerder neig om 'n begeerte te wees. Dit kan ook moontlik gedeeltelik toegeskryf word aan die stereotipe beeld dat die seun mededingend en selfgeldend moet wees.

(vi) By die seun met 'n positiewe selfkonsep word nie 'n regsbelangstelling aangetref nie. Die verskil in die twee geslagte wat betref 'n regsbelangstelling wat voorkom saam met 'n positiewe selfkonsep is beduidend. (Tabel 8) Die implikasie is dat die seun met die swak selfkonsep regte as beroepsbelangstelling kies as kompensasie - dit kan hom 'n gevoel van mag gee. Die meisie met die swak selfkonsep kies nie 'n regsberoep om te kompenseer nie - eerder 'n maatskaplike diensleweringsberoep.

(vii) Die seun met 'n sterk kreatiewe denke-belangstelling het 'n beduidende positiewe selfkonsep en sosiale selfvertroue. Dit impliseer dat die seun belang stel om kreatief op te tree in sy werk omdat hy seker is van homself.

(ix) Die seun met 'n sterk markties-manlike belangstelling is nie mensgerig nie en manifesteer sterk sosiale aggressie. Dieselfde resultate is gevind in die geval van die meganiese skaal op die Kuder. Die moontlikheid is dat die seun hom eerder wegkeer van mense en hom na voorwerpe wend. Ook is meganiese werk 'n voor die hand liggende uitvloeisel vir die uitlewing van sosiale aggressie.
Die meisie met 'n sterk meganiese belangstelling manifesteer weer 'n gebrek aan sosiale aggressie. Dit kom dus voor of die meisie wat 'n meganiese beroepsbelangstelling toon dit nie doen omdat sy nie mensgerig is nie en ook nie weens aggressie nie. Dit is inderdaad so dat baie vroulike beroepe wat meganiese aktiwiteite insluit juis mensgerig is (byvoorbeeld die terapeutiese beroepe, ensovoorts).

(x) Die meisie wat in prakties vroulike aktiwiteite belang stel, toon 'n gebrek aan sosiale selfvertroue - dieselfde tendens wat aangetref word by die seun wat in die Kuder se meganiese aktiwiteite belang stel (maar nie die 19-VBV se prakties-manlik nie.) Soos die seun wat nie mense doeltreffend kan hanteer nie, neig die meisie met minder selfvertroue om praktiese take te wil verrig - in haar geval prakties-vroulike take.

(xi) Die dogters wat in besigheid belang stel, is beduidend mensgerig en beduidend meer mensgerig as seuns met 'n besigheidsbelangstelling. Dit kom dus voor of die dogter met 'n besigheidsbelangstelling in die mens belang stel, en die seun eerder in die aktiwiteit van geld maak. Die meisie wat in besigheid belang stel is onaggressief (inskiklik). Die verskynsel koppel moontlik aan 'n begeerte om ook deur besigheid 'n diens aan mense te bewys soos in die geval van hulpverlenende beroepe. Die seun se benadering tot besigheid verskil dus drasties van dié van die meisie.

(xii) Die meisie wat in klerklike werk belang stel is mensgerig en sosiaal inskiklik. Dit wil dus voorkom of meisies klerklike werk sien as gekoppel aan mense met 'n moontlikheid van dienslewering aan mense - 'n bereidheid dus om hulle ondergeskik te stel en 'n behoefte daaraan dat andere vir hulle besluite moet neem.

(xiii) Soos by die buitenshuise belangstelling op die Kuder het die meisie met 'n hoë natuurbelangstelling 'n positiewe selfkonsep. Die seun met 'n sterk natuurbelangstelling is nie mensgerig nie, het 'n gebrek aan sosiale selfvertroue, is passief en aggressief. (Dieselfde bevindinge as by die Kuder). Die seun met 'n sterk natuurbelangstelling beweeg dus in onttrekking weg van menslike kontak (wat hy voel hy nie kan hanteer nie) na die natuur, wat veilig is. Sy aggressie spruit moontlik uit die frustrasie wat hy ervaar uit sy onvermoë om sy sosiale omgewing effektief te kan hanteer.

## 8.5 OPTIMALE KOMBINERING VAN TOETSDATA OM PERSOONLIKHEID TE VOORSPEL.

Meervoudige regressie-ontledings van 'n aantal voorspellers op 'n kriterium gee 'n stel gewigte waarmee die voorspellers geweeg moet word, as ook 'n konstante term om sodoende die beste skatting of voorspelling van die kriterium te bewerkstellig. Met die belangstellings- en ander toetsdata as voorspellers, gaan gepoog word om regressie-vergelykings te bepaal waarmee elk van die vyf persoonlikheidskonsepte voorspel kan word.

Indien die statistiese ontleding van so 'n regressie-vergelyking 'n p-waarde van hoër as 0,05 het, word afgelei dat die betrokke persoonlikheidskonsep nie uit die bestaande toetsdata voorspel kan word nie. Alle voorspellers is eers gekontroleer vir reglynigheid van verband tussen voorspeller en kriterium deur middel van variansie-ontleding. Hiervoor is die voorspellers se waardes eers in vyf klasintervalle gegroepeer en die gemiddelde kriteriumwaarde vir elke klasinterval bereken. Die beduidendheid van die afwykings van hierdie gemiddeldes van die verwagte gemiddeldes (verkry deur eenvoudige reglynige regressie), bepaal of die verband as reglynig beskou kan word al dan nie. (Die beduidendheid is bereken deur middel van eenrigtingvariasie-ontledings) Voorspellers wat beduidende afwykings van reglynigheid getoon het, se klasinterval-gemiddeldes is eers ondersoek en wanneer meer as een minimum- of maksimumpunt bestaan, is die nie-reglynigheid geïgnoreer. In die geval van die dogters het geen voorspeller aan beide vereistes voldoen nie, maar in die geval van die seuns het natuur (19-veld) nie-reglynig verband gehou met selfkonsep (p=0,003). 'n Natuur-belangstellingsroupunt van 25 het 'n minimum-selfkonseppunt tot gevolg gehad. Vir die regressie van belangstellings op selfkonsep moes natuur gevolglik getransformeer word deur middel van die volgende formule:

Natuur(getransformeer) = Absolute waarde van (Natuur - 25).

Die transformasie bereik 'n minimum-waarde wanneer die natuur-roupunt gelyk is aan 25 en neem toe namate die natuur-roupunt wegbeweeg vanaf 25. Regressie-gewigte met p-waardes kleiner as 0,10 is nie in die vergelyking opgeneem nie. Tabelle 10 tot 14 gee die regressie-vergelykings, tesame met beta-waardes, indiwiduele p-waardes en die persentasie-bydrae van elke voorspeller tot die voorspelling. Die beta-waardes is die regressie-gewigte indien die voorspellers almal gemiddeldes van nul en standaardafwykings van een sou gehad het en is dus 'n aanduiding van die relatiewe belangrikheid van elke voorspeller.

Die persentasie-bydrae tot die kriterium is 'n maatstaf wat alleenlik betekenis het as die voorspellers onderling laag korreleer, en word bereken as die produk van beta en die eenvoudige korrelasie tussen voorspeller en kriterium. In sommige gevalle gebeur dit dat die "Persentasiebydrae" 'n negatiewe waarde het. In die tabelle word hierdie waardes as nul aangegee. Voorspellers met negatiewe bydraes en waarvan die indiwiduele regressiegewig beduidend is, kan as suppressor-voorspellers optree en hulle het die funksie om voorspellers wat reeds in die regressie opgeneem is, te "modifieer" indien die korrelasie tussen die twee voorspellers hoog is. 'n Voorbeeld hiervan kan in tabel 11(B) gesien word. Die korrelasie tussen rekene (Kuder) en numeries (19-veld) is 0,74 en beide se korrelasie met selfvertroue (die kriterium) is 0,10. Nadat geselligheid en openbare optrede as voorspellers ingesluit is, het rekene (Kuder) se parsiële korrelasie verhoog na 0,24, terwyl numeries (19-veld) se korrelasie na 0,05 verlaag het. In hierdie stadium kan afgelei word dat indien belangstelling in openbare optrede en in geselligheid hoog is, die belangstelling in rekene

ook hoog moet wees vir goeie selfvertroue, maar, nadat rekene ook ingesluit is, swaai die parsiële korrelasie van numeries met selfvertroue om en word 'n beduidende -0,24. Numeries tree hier as 'n suppressor-voorspeller op omdat sy inhoudsgebied verskil van dié van die Kuder-rekene op so 'n wyse dat dit nie bevorderlik is vir selfvertroue nie.

Die belangstelling letterkunde as voorspeller illustreer dieselfde verskynsel in tabel 11(B). Die korrelasie van belangstelling in letterkunde met openbare optrede en geselligheid is hoog omdat al drie 'n taalkomponent het. Hoewel letterkunde per se nie 'n beduidende korrelasie met selfvertroue toon nie, word die parsiële korrelasie wel beduidend negatief nadat die ander twee voorspellers in aanmerking geneem is, omdat die letterkundige komponent uit hierdie twee verwyder moet word vir die bevordering van selfvertroue.

Die meervoudige korrelasies is beduidend teen die 1%-peil, behalwe in die geval van die dogters se selfvertroue- en passief/aktief-regressies, wat beduidend is teen die 5%-peil.

8.5.1 Voorspelling van Persoonlikheidsdimensies verkry uit Selfbeskrywing.

8.5.1.1 Tabel 10(A). Voorspelling van Selfkonsep (Dogters)

| VOORSPELLER | REGRESSIE-GEWIG | BETA GEWIG | BEDUIDENDHEID (p) | RELATIEWE BYDRAE |
|---|---|---|---|---|
| K MEG | 0,0074 | 0,38 | 0,007 | 13 |
| AFR | -0,0080 | -0,24 | 0,08 | 5 |
| KONSTANTE | 4,21 | | 0,000 | |

Die meervoudige korrelasie is 0,43 (0,38, gekorrigeer vir die getal gevalle en voorspellers.)

8.5.1.2 Tabel 10(B). Voorspelling van Selfkonsep (Seuns)

| VOORSPELLER | REGRESSIE-GEWIG | BETA GEWIG | BEDUIDENDHEID (p) | RELATIEWE BYDRAE |
|---|---|---|---|---|
| NKREAT | 0,019 | 0,38 | 0,001 | 20 |
| NREGTE | -0,016 | -0,43 | 0,001 | 14 |
| KV | -0,046 | -0,32 | 0,009 | 8 |
| KHIST | -0,016 | -0,31 | 0,016 | 6 |
| KOPEN | 0,0096 | 0,26 | 0,044 | 3 |
| KONSTANTE | 5,26 | | 0,000 | |

Die meervoudige korrelasie is 0,72 (0,68 gekorrigeer vir die getal gevalle en voorspellers). Die transformasie van natuur maak wel 'n beduidende bydrae tot die skatting van selfkonsep (p = 0,047) maar in die lig van kompliserende effekte wat hierdie transformasie het, word hierdie beduidendheid beskou as nie genoeg regverdiging vir insluiting van die getransformeerde veranderlike nie.

8.5.1.3 Tabel 11(A) Voorspelling van Sosiale Selfvertroue (Dogters)

| VOORSPELLER | REGRESSIE-GEWIG | BETA GEWIG | BEDUIDENDHEID (p) | RELATIEWE BYDRAE |
|---|---|---|---|---|
| NPRAKV | -0,0088 | -0,29 | 0,038 | 8 |
| KMAATSK | -0,0065 | -0,25 | 0,073 | 6 |
| KONSTANTE | 3,84 | | 0,000 | |

Die meervoudige korrelasie is 0,38 (0,33, gekorrigeer vir die getal gevalle en voorspellers).

8.5.1.4 Tabel 11(B). Voorspelling van Sosiale Selfvertroue (Seuns)

| VOORSPELLER | REGRESSIE-GEWIG | BETA GEWIG | BEDUIDENDHEID (p) | RELATIEWE BYDRAE |
|---|---|---|---|---|
| NGESEL | 0,011 | 0,35 | 0,007 | 18 |
| NOPEN | 0,013 | 0,55 | 0,000 | 26 |
| KREKEN | 0,014 | 0,52 | 0,006 | 5 |
| NNUM | -0,013 | -0,50 | 0,012 | 0 |
| KLET | -0,013 | -0,33 | 0,011 | 0 |
| NKREAT | 0,0085 | 0,26 | 0,040 | 1 |
| KONSTANTE | 2,42 | | 0,000 | |

Die meervoudige korrelasie is 0,71 (0,66, gekorrigeer vir die getal gevalle en voorspellers.)

8.5.1.5 Tabel 12(A). Voorspelling van Mensgerigtheid (Dogters)

| VOORSPELLER | REGRESSIE-GEWIG | BETA GEWIG | BEDUIDENDHEID (p) | RELATIEWE BYDRAE |
|---|---|---|---|---|
| NBESIG | 0,0090 | 0,39 | 0,003 | 16 |
| NPRAKV | -0,0084 | -0,32 | 0,015 | 8 |
| VH | -0,013 | -0,27 | 0,041 | 6 |
| KONSTANTE | 3,60 | | 0,000 | |

Die meervoudige korrelasie is 0,54 (0,50, gekorrigeer vir die getal gevalle en voorspellers).

8.5.1.6 Tabel 12(B). Voorspelling van Mensgerigtheid (Seuns).

| VOORSPELLER | REGRESSIE-GEWIG | BETA GEWIG | BEDUIDEND-HEID (p) | RELATIEWE BYDRAE |
|---|---|---|---|---|
| NGESEL | 0,019 | 0,57 | 0,000 | 31 |
| NNATUUR | -0,011 | -0,44 | 0,000 | 21 |
| KMAATSK | 0,0063 | 0,31 | 0,002 | 13 |
| NAP | 0,046 | 0,36 | 0,001 | 3 |
| KV | -0,025 | -0,26 | 0,014 | 0 |
| NSPORT | 0,0053 | 0,21 | 0,053 | 3 |
| KONSTANTE | 2,94 | | 0,000 | |

Die meervoudige korrelasie is 0,80 (0,77, gekorrigeer vir die getal gevalle en voorspellers).

8.5.1.7 Tabel 13(A). Voorspelling van Passief/Aktief (Dogters)

| VOORSPELLER | REGRESSIE-GEWIG | BETA GEWIG | BEDUIDEND-HEID (p) | RELATIEWE BYDRAE |
|---|---|---|---|---|
| KMEG | 0,0047 | 0,29 | 0,038 | 7 |
| NPRAKV | -0,0071 | -0,28 | 0,044 | 7 |
| KONSTANTE | 3,46 | | 0,000 | |

Die meervoudige korrelasie is 0,37 (0,32, gekorrigeer vir die getal gevalle en voorspellers.)

8.5.1.8 Tabel 13(B). Voorspelling van Passief/Aktief (Seuns)

| VOORSPELLER | REGRESSIE-GEWIG | BETA GEWIG | BEDUIDENDHEID (p) | RELATIEWE BYDRAE |
|---|---|---|---|---|
| KMEG | -0,0079 | -0,37 | 0,005 | 7 |
| KV | -0,047 | -0,40 | 0,005 | 9 |
| NWS | 0,048 | 0,29 | 0,021 | 5 |
| AFR | 0,026 | 0,91 | 0,002 | 28 |
| MATR | -0,022 | -0,76 | 0,008 | 0 |
| KHIST | -0,012 | -0,29 | 0,045 | 1 |
| KONSTANTE | 4,84 | | 0,000 | |

Die meervoudige korrelasie is 0,65 (0,58, gekorrigeer vir die getal gevalle en voorspellers.)

8.5.1.9 Tabel 14(A). Voorspelling van Sosiale Aggressie (Dogters).

| VOORSPELLER | REGRESSIE-GEWIG | BETA GEWIG | BEDUIDENDHEID (p) | RELATIEWE BYDRAE |
|---|---|---|---|---|
| NBESIG | -0,0079 | -0,38 | 0,003 | 16 |
| NPRAKM | -0,0045 | -0,25 | 0,063 | 9 |
| NPRAKV | 0,0094 | 0,40 | 0,004 | 5 |
| NHIST | -0,0063 | -0,28 | 0,038 | 7 |
| NREGTE | 0,0048 | 0,28 | 0,035 | 2 |
| NWELSYN | -0,0054 | -0,23 | 0,094 | 4 |
| KONSTANTE | 2,91 | | 0,000 | |

Die meervoudige korrelasie is 0,65 (0,59, gekorrigeer vir die getal gevalle en voorspellers.)

8.5.1.10 Tabel 14(B). Voorspelling van Sosiale Aggressie (Seuns).

| VOORSPELLER | REGRESSIE-GEWIG | BETA GEWIG | BEDUIDEND-HEID (p) | RELATIEWE BYDRAE |
|---|---|---|---|---|
| KMEG | 0,0067 | 0,35 | 0,006 | 12 |
| NAP | -0,036 | -0,27 | 0,029 | 7 |
| KMAATSK | -0,0071 | -0,33 | 0,009 | 12 |
| KONSTANTE | 3,08 | | 0,000 | |

Die meervoudige korrelasie is 0,56 (0,51, gekorrigeer vir die getal gevalle en voorspellers.)

Behalwe in die geval van sosiale aggressie is die meervoudige korrelasies hoër vir die seuns as vir die dogters. In die eerste drie skale se geval is die verskil beduidend op die 5%-peil en nie beduidend in die geval van die laaste twee skale nie.

Die kwalitatiewe beskrywing van die verband tussen belangstellings en die persoonlikheidskale kan beter aan die hand van eenvoudige korrelasies as van meervoudige regressie-resultate gedoen word, omdat regressie-ontleding sterk daarop steun om variansie wat tussen voorspellers bestaan in aanmerking te neem. Hierdie variansie is egter nie hier ter sprake nie. Regressie-ontleding gebruik slegs die beskikbare data om die beste meganisme te vind vir die skatting van persoonlikheidseienskappe. Gevolglik gaan geen sielkundige interpretasies op die regressie-ontledings gebaseer word nie.

## 8.5.2 VOORSPELLING VAN 16-PF-SKALE VANUIT TOETSDATA.

Om 'n meer volledige beeld te kry van persoonlikheid soos dit deur middel van belangstellingsmetings en ander toetsdata voorspel kan word, gaan die velde van die 16-PF om die beurt as kriteria gebruik word. Tabel 15 gee die korrelasies tussen toetsdata en 16-PF-velde. Die volgende veranderlikes het nie 'n beduidende verband getoon nie en is buite rekening gelaat.

Faktor O vir dogters.
Faktor B vir seuns.
Faktor G vir seuns.
Faktor Q3 vir seuns.

8.5.2.1. Tabel 15(A). Korrelasies tussen 16-PF en belangstellings (Dogters).

Kudervelde word met 'n K voor die naam van die veld aangedui en 'n N in die geval van die 19-VBV.

| | HARTLIK | INTEL | EMSTAB | SELFGEL | SORGL | SUPER | SOSVRY | EMGEV | AGTERD | VERBEEL | SKERP | ONDERS | SELFGEN | BEHEER | GESPAN |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| KV | -0,22 | -0,17 | 0,14 | -0,01 | -0,12 | 0,20 | -0,15 | -0,19 | -0,03 | -0,14 | 0,28* | 0,09 | 0,02 | 0,21 | -0,13 |
| KBUIT | -0,30* | -0,08 | 0,22 | -0,09 | -0,21 | 0,39* | -0,22 | 0,16 | 0,16 | -0,05 | 0,08 | -0,16 | 0,19 | 0,33* | -0,04 |
| KMEG | -0,28* | -0,10 | 0,09 | -0,19 | 0,12 | 0,19 | -0,18 | -0,00 | 0,08 | -0,14 | 0,04 | -0,30* | 0,01 | 0,11 | -0,08 |
| KREKEN | -0,09 | 0,09 | 0,21 | 0,03 | -0,01 | 0,03 | 0,05 | -0,39* | -0,33* | -0,18 | 0,18 | 0,10 | -0,08 | -0,05 | -0,14 |
| KWET | -0,28* | -0,12 | 0,36* | 0,02 | -0,00 | 0,28 | -0,05 | -0,38* | -0,05 | -0,17 | 0,20 | -0,07 | -0,12 | 0,18 | -0,24 |
| KOORR | 0,61* | 0,09 | -0,16 | 0,25 | 0,30* | -0,24 | 0,31* | -0,02 | 0,05 | 0,05 | -0,12 | 0,05 | -0,13 | -0,31* | 0,09 |
| KKUNS | -0,37* | -0,01 | -0,04 | 0,10 | 0,02 | -0,04 | -0,27* | 0,05 | 0,07 | 0,02 | 0,04 | 0,07 | 0,02 | 0,02 | -0,03 |
| KLET | 0,31* | 0,04 | -0,34* | -0,15 | -0,17 | -0,20 | 0,02 | 0,56* | 0,10 | 0,30* | -0,08 | -0,03 | 0,34* | -0,09 | 0,37* |
| KMUS | 0,12 | 0,08 | -0,38* | -0,03 | -0,13 | -0,36* | 0,11 | 0,20 | 0,16 | 0,31* | -0,27* | 0,09 | 0,22 | -0,28* | 0,24 |
| KSOS | -0,08 | -0,22 | -0,01 | -0,03 | -0,15 | 0,07 | -0,14 | 0,02 | -0,09 | -0,15 | 0,17 | 0,00 | -0,32* | 0,09 | -0,03 |
| KKLER | 0,22 | 0,33* | 0,06 | 0,05 | 0,02 | -0,02 | 0,25 | -0,25 | -0,24 | -0,06 | 0,00 | 0,15 | 0,12 | -0,05 | -0,11 |
| NBEEL | -0,16 | 0,00 | -0,20 | 0,00 | -0,04 | -0,04 | -0,31* | 0,12 | 0,17 | 0,15 | 0,11 | -0,04 | 0,08 | 0,00 | 0,06 |
| NUITV | 0,06 | -0,03 | -0,39* | -0,13 | -0,13 | -0,18 | -0,02 | 0,31* | 0,26 | 0,16 | 0,02 | -0,13 | 0,18 | -0,06 | 0,23 |
| NTAAL | 0,29* | 0,02 | -0,21 | -0,13 | -0,14 | -0,11 | -0,08 | 0,47* | 0,22 | 0,32* | 0,13 | -0,05 | 0,22 | -0,01 | 0,24 |
| NHIST | 0,16 | -0,12 | -0,08 | -0,08 | -0,15 | 0,07 | -0,12 | 0,24 | 0,15 | 0,09 | 0,20 | -0,12 | 0,04 | 0,19 | 0,11 |
| NDIENS | 0,26 | 0,13 | -0,02 | 0,01 | 0,20 | -0,06 | 0,12 | -0,05 | -0,12 | -0,04 | -0,10 | 0,05 | -0,44* | -0,13 | 0,01 |
| NWELS | 0,04 | -0,16 | -0,31* | -0,18 | -0,17 | -0,01 | -0,34* | 0,25 | 0,21 | -0,07 | 0,08 | -0,07 | -0,03 | 0,03 | 0,20 |
| NGESEL | 0,38* | -0,03 | -0,10 | 0,04 | 0,48* | -0,30 | 0,36* | -0,15 | -0,11 | 0,05 | -0,07 | 0,28* | -0,38* | -0,29* | 0,07 |
| NOPEN | 0,50* | -0,15 | -0,23 | 0,29* | 0,05 | -0,02 | 0,33* | 0,14 | 0,18 | 0,01 | 0,15 | -0,12 | -0,19 | -0,06 | 0,32* |
| NREGTE | 0,40* | 0,03 | -0,24 | 0,17 | -0,01 | -0,12 | 0,11 | 0,14 | 0,16 | -0,01 | 0,13 | -0,11 | -0,01 | -0,05 | 0,24 |
| NKREAT | -0,07 | 0,13 | -0,18 | 0,02 | 0,02 | -0,10 | -0,15 | 0,06 | 0,11 | 0,01 | 0,15 | -0,04 | 0,02 | -0,12 | 0,08 |
| NWET | -0,22 | -0,03 | 0,28* | -0,01 | -0,06 | 0,27* | -0,19 | -0,19 | - 09 | -0,13 | 0,30* | -0,13 | 0,02 | 0,18 | -0,25 |
| NPRAKM | -0,20 | -0,14 | 0,17 | -0,23 | 0,09 | 0,41* | -0,20 | -0,09 | 0,05 | -0,22 | 0,29* | -0,23 | -0,09 | 0,17 | -0,17 |
| NPRAKV | -0,01 | -0,11 | -0,29* | -0,31* | -0,13 | 0,18 | -0,10 | 0,12 | 0,06 | 0,03 | 0,03 | -0,01 | -0,11 | 0,20 | 0,03 |
| NNUM | -0,12 | 0,06 | 0,28* | 0,01 | 0,03 | 0,22 | -0,09 | -0,40* | -0,27 | -0,25 | 0,35* | 0,09 | -0,03 | 0,04 | -0,24 |
| NBESIG | 0,24 | 0,02 | 0,08 | 0,17 | 0,33* | -0,01 | 0,09 | -0,29* | 0,01 | -0,25 | 0,13 | -0,05 | -0,19 | -0,16 | -0,16 |
| NKLERK | 0,07 | 0,10 | 0,19 | -0,02 | 0,20 | 0,14 | 0,11 | -0,28 | -0,23 | -0,18 | 0,19 | 0,20 | -0,09 | 0,14 | -0,23 |
| NREIS | 0,24 | 0,12 | 0,05 | -0,17 | 0,16 | 0,04 | 0,23 | -0,15 | -0,27* | 0,06 | 0,07 | -0,11 | -0,17 | -0,02 | -0,08 |
| NNAT | -0,21 | -0,11 | 0,16 | -0,10 | -0,07 | 0,35* | -0,14 | 0,09 | 0,18 | -0,03 | 0,06 | -0,16 | 0,09 | 0,25 | 0,05 |
| NSPOR | -0,08 | -0,18 | 0,02 | -0,20 | 0,09 | 0,09 | -0,04 | 0,10 | 0,01 | 0,07 | -0,13 | -0,03 | -0,21 | 0,09 | -0,00 |
| NWS | 0,13 | 0,02 | 0,00 | 0,03 | -0,05 | 0,02 | 0,04 | 0,16 | 0,24 | 0,22 | 0,19 | -0,27* | -0,04 | 0,04 | 0,01 |
| NAP | 0,05 | 0,03 | 0,04 | -0,02 | -0,06 | -0,05 | 0,07 | 0,10 | -0,07 | 0,09 | -0,09 | 0,17 | 0,30* | -0,00 | -0,03 |

*Beduidend op die 5% peil.

8.5.2.2. Tabel 15(B). Korrelasies tussen 16-PF en Belangstellings (Seuns).

| | HARTL | EMSTAB | SELFG | SORGL | SOSVRY | EMGEV | AGTERD | VERBEEL | SKERP | SKULD | ONDERS | SELFGEN | GESPAN |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| KV | 0,24 | 0,02 | -0,25 | 0,09 | 0,16 | 0,02 | -0,10 | -0,06 | -,28* | -,03 | ,03 | ,06 | ,04 |
| KBUIT | -0,37* | 0,14 | -0,10 | -0,28* | -0,36* | -0,23 | 0,21 | -0,14 | -,06 | ,11 | -,03 | ,12 | ,04 |
| KMEG | -0,52* | -0,01 | 0,01 | -0,31* | -0,31* | -0,62* | 0,09 | -0,34* | ,13 | ,06 | -,01 | ,13 | ,01 |
| KREKEN | -0,13 | 0,03 | -0,06 | -0,24 | 0,03 | -0,24 | -0,15 | 0,04 | ,11 | ,02 | ,10 | ,15 | -,14 |
| KWET | -0,28* | 0,20 | 0,13 | -0,03 | -0,15 | -0,18 | -0,12 | -0,02 | -,04 | ,00 | ,17 | ,21 | ,09 |
| KOORR | 0,29* | -0,33* | 0,05 | 0,39* | 0,21 | 0,14 | 0,01 | 0,00 | -,02 | ,05 | -,21 | -,12 | ,04 |
| KKUNS | -0,03 | 0,19 | 0,02 | 0,03 | 0,11 | 0,01 | 0,04 | 0,04 | ,09 | -,04 | ,13 | ,00 | -,04 |
| KLET | 0,26 | -0,00 | 0,15 | 0,17 | 0,15 | 0,38* | 0,04 | 0,15 | -,04 | -,07 | ,11 | ,07 | ,07 |
| KMUS | 0,24 | -0,18 | -0,02 | 0,27* | 0,25 | 0,31* | -0,09 | 0,22 | -,21 | -,04 | -,07 | -,25 | ,10 |
| KSOS | 0,47* | 0,17 | -0,08 | 0,04 | 0,12 | 0,44* | -0,20 | -0,01 | -,08 | -,16 | -,06 | -,20 | ,02 |
| KKLER | 0,03 | -0,14 | -0,19 | -0,21 | -0,11 | -0,07 | 0,02 | 0,08 | ,15 | ,02 | -,03 | ,22 | -,16 |
| NBEEL | -0,04 | 0,08 | 0,08 | 0,10 | -0,02 | 0,04 | -0,13 | 0,14 | ,22 | -,04 | ,25 | ,08 | ,02 |
| NUITV | 0,29* | -0,09 | -0,02 | 0,14 | 0,15 | 0,35* | -0,24 | 0,30* | -,01 | ,01 | -,15 | -,14 | ,17 |
| NTAAL | 0,34* | 0,04 | 0,11 | 0,15 | 0,03 | 0,48* | -0,18 | 0,26 | ,13 | -,06 | ,12 | ,07 | ,16 |
| NHIST | -0,08 | -0,10 | 0,10 | -0,00 | -0,27* | 0,00 | 0,21 | 0,12 | ,01 | ,19 | -,22 | ,04 | ,19 |
| NDIENS | 0,21 | -0,27* | -0,07 | 0,06 | -0,05 | 0,37* | -0,31* | 0,04 | -,02 | ,03 | -,00 | -,05 | ,12 |
| NWELS | 0,43* | 0,04 | -0,05 | 0,16 | 0,01 | 0,38* | -0,40* | 0,09 | ,00 | -,03 | -,08 | -,08 | ,24 |
| NGESEL | 0,49* | -0,14 | 0,26 | 0,71* | 0,54* | 0,10 | 0,06 | -0,09 | -,37* | -,19 | -,02 | -,43* | -,10 |
| NOPEN | 0,31* | 0,04 | 0,39* | 0,40* | 0,36* | 0,19 | -0,10 | 0,05 | ,15 | -,15 | -,04 | -,26 | -,01 |
| NREGTE | 0,26 | -0,11 | 0,32* | 0,27* | 0,12 | -0,08 | 0,11 | -0,13 | ,12 | ,19 | -,19 | -,26 | ,28* |
| NKREAT | 0,00 | 0,29* | 0,28* | 0,15 | 0,31* | -0,12 | -0,03 | -0,02 | ,04 | -,47* | ,43* | -,12 | -,44* |
| NWET | -0,24 | 0,07 | 0,14 | 0,03 | -0,13 | -0,14 | -0,24 | 0,03 | ,00 | -,11 | ,44* | ,24 | ,03 |
| NPRAKM | -0,50* | 0,10 | 0,06 | -0,12 | -0,13 | -0,52* | -0,04 | -0,24 | ,13 | -,14 | ,09 | ,05 | -,14 |
| NPRAKV | -0,05 | -0,05 | -0,08 | -0,01 | -0,15 | 0,20 | -0,18 | 0,11 | ,18 | -,03 | ,15 | ,13 | -,04 |
| NNUM | -0,19 | -0,03 | 0,15 | -0,06 | 0,05 | -0,27* | -0,31* | 0,05 | ,09 | -,07 | ,40* | ,20 | -,15 |
| NBESIG | -0,15 | -0,07 | 0,11 | -0,02 | -0,12 | -0,44* | 0,20 | -0,03 | ,13 | ,03 | -,03 | ,06 | -,04 |
| NKLERK | 0,14 | -0,06 | -0,00 | -0,07 | -0,15 | 0,21 | -0,13 | 0,12 | ,11 | -,03 | ,05 | ,16 | ,10 |
| NREIS | 0,02 | -0,19 | 0,24 | 0,36* | 0,26 | -0,04 | 0,06 | 0,01 | -,08 | -,07 | ,04 | -,29* | -,03 |
| NNAT | -0,42* | 0,01 | -0,04 | -0,20 | -0,35* | -0,28* | 0,19 | -0,05 | -,00 | ,09 | ,05 | ,07 | -,04 |
| NSPOR | -0,21 | -0,13 | 0,15 | 0,17 | 0,04 | -0,34* | 0,27* | -0,23 | ,03 | ,14 | -,02 | -,28* | ,03 |
| NWS | -0,16 | 0,12 | -0,12 | -0,08 | -0,03 | -0,02 | 0,02 | -0,20 | -,11 | -,07 | -,28* | ,09 | -,02 |
| NAP | 0,06 | -0,14 | -0,30* | -0,31* | -0,22 | 0,15 | -0,05 | -0,04 | ,07 | ,20 | -,08 | ,14 | ,13 |

*Beduidend op die 5% peil.

### 8.5.2.3 Bespreking van die verband tussen belangstellings en Persoonlikheid vir Seuns en Meisies (Onderskeidelik)

FAKTOR A. TERUGGETROKKE TEENOOR HARTLIK.

Hartlikheid hou by seuns verband met lae belangstellings in buitelug, wetenskaplik en meganies (Kuder) asook prakties-manlik en natuur (19-VBV). Faktor A korreleer verder by seuns met hoë belangstellings in oorreding en sosiale dienslewering (Kuder) asook belangstellings in uitvoerende kunste, taal, welsyn, geselligheid en openbare optrede (19-VBV). Smit (1981) se bespreking van die verband tussen die 16 PF en bepaalde beroepsbelangstellings stem met hierdie bevindings saam dat:

> "... persone wat hoog op Faktor A meet, voorkeur gee aan mensgerigte beroepe terwyl toetslinge wat laag op Faktor A meet, meer objekgerig is in hulle beroepskeuse." (p256)

Soos blyk uit die vorige navorsingsresultate en hierdie studie het dit geblyk dat seuns se uitvoerende kunstebelangstelling 'n behoefte tot kommunikasie met mense is. Die belangstellings in uitvoerende kunste en taal is dus albei gekoppel aan kommunikasie met mense, wat inpas by die algehele neiging tot mensgerigtheid wat saamgaan met hartlikheid.

In die geval van meisies hou hartlikheid negatief verband met buitenshuise, meganiese, wetenskap- en kunsbelangstellings (Kuder), maar positief met oorreding, letterkunde (Kuder), taal (19-VBV), geselligheid, openbare optrede en regte. By die meisies is daar dus weer eens 'n aanduiding van die hartlike meisie wat belangstel in mensgerigte beroepe en kommunikasie met mense.

FAKTOR B.

Minder intelligent teenoor meer intelligent het in die geval van seuns hier beduidende korrelasies met belangstellingsvelde getoon nie en in die geval van meisies het dit 'n positiewe verband getoon met klerklike belangstellings op die Kuder. Let egter daarop dat die items op die klerklike skaal van die Kuder nie juis intellektueel uitdagend is nie en meer roetinetake bevat. Die resultaat is dus die teenoorgestelde van wat 'n mens sou verwag. Roos (1980, aangehaal in Smit 1981), het die lae verband van Faktor B met ander veranderlikes as volg probeer verklaar:

- Faktor B se lengte is relatief kort - slegs 10 items.
- Hierdie intellektuele vermoëmeting het nie 'n tydsbeperking nie en is dus minder geldig.
- Faktor B meet eerder uitgekristalliseerde vermoëns soos teweeggebring deur omgewing, kultuur en onderwys.

FAKTOR C. EMOSIONEEL ONSTABIEL TEENOOR EMOSIONEEL STABIEL.

Die emosioneel stabiele seun manifesteer nie 'n oorredende of diensbelangstelling nie, maar wel 'n kreatiewe denkebelangstelling. Die dienslewering wat hy verkies, is onpersoonlik en gedistansieerd. Soos voorheen aangedui, is die seun wat kreatief in sy werk wil dink, meer selfversekerd en stabiel.

Die meisies wat emosioneel stabiel is, stel in wetenskap en numeries belang, maar nie in letterkunde, musiek (Kuder), welsynswerk, uitvoerende kunste of prakties-vroulik nie. Anders gestel blyk dit dat die emosioneel temperamentele meisie in letterkunde, musiek, welsynswerk, uitvoerende kunste en prakties-vroulike beroepe belangstel. Hierdie bevinding stem ooreen met die resultaat wat verkry is uit die belangstellings van die geslagsrolafwykende meisie,

naamlik die meisie wie se belangstellings meer soos dié van seuns is (wetenskaplik, ensovoorts), minder soos dié van meisies (prakties-vroulik, ensovoorts) en dus meer rigied en realisties is. Dit kom nie ooreen met die stereotipe geslagsrolgedrag van die meisie, soos beskryf deur Wiechers (1979) nie.

FAKTOR E. ONDERDANIG TEENOOR SELFGELDEND.

Die seun wat selfgeldend is, wil kreatief wees in sy denke, stel belang in openbare optrede en regte, en is aktief (19-VBV). Hierdie neiging van die seun om regte te kies op grond van 'n behoefte aan selfgelding is vroeër in hierdie studie bespreek en manifesteer 'n element van eggressie.

Die dogter wat as selfgeldend manifesteer op die 16 PF stel nie in prakties-vroulike beroepe belang nie, maar wel in openbare optrede. Hierdie verskynsel stem ooreen met die beeld van die meer beroepsgerigte vrou, wat nie die huisvrourol van huishou en naaldwerk doen vervul nie, maar wat meer selfgeldend en dinamies is.

FAKTOR F. SOBER TEENOOR SORGELOOS.

Die seun wat as sorgeloos manifesteer, stel nie in buitelug- of meganiese beroepe belang nie. Beroepe waar geselligheid 'n groot rol speel, is vir hom besonder aantreklik. Hy wil ook ander oorreed, in die openbaar optree en stel in regte, reis en musiek belang. Sy beroepsbenadering is aktief.

Die sorgelose meisie wil ander oorreed, gesellig met mense omgaan, en besigheid bedryf. As 'n mens na die negatiewe korrelasie van die seun se sorgeloosheid met besigheid kyk, is dit duidelik dat die meisie besigheid in 'n ligter trant opneem as wat die seun dit doen.

Beide die meisie en seun wat sorgeloos en dus ekstravertief (Smit, 1981) is, wil dus gesellig (informeel) omgaan met mense in hulle beroep en wil mense oorreed óf met hulle debatteer.

FAKTOR G. LAER SUPEREGOSTERKTE TEENOOR HOëR SUPEREGO-STERKTE.

Daar bestaan geen beduidende verband tussen superegosterkte van seuns met gemete beroepsbelangstellings nie. Meisies met 'n hoë superego hou van buitenshuise aktiwiteite en wetenskap maar nie van musiek nie (Kuder). Hulle toon ook prakties-manlike en natuurbelangstellings op die 19-VBV. Hier word bevind dat die meisie wat manlike belangstellings, soos belangstellings prakties-manlik, wetenskap, buitenshuis en natuur toon, 'n volwasse, emosioneel gedissiplineerde, verantwoordelike persoonlikheidsamestelling het.

FAKTOR H. SKUGTER TEENOOR SOSIAAL VRYPOSTIG.

Die sosiaal vrypostige man het 'n lae belangstelling in geskiedenis, buitelug-, meganiese (Kuder) en natuur- (19-VBV) bedrywighede, maar stel wel in geselligheid, openbare optrede en kreatiewe denke belang. Anders gestel voel die seun wat emosioneel versigtig, afsydig en beperk in belangstelling is, meer aangetrokke tot buitelug en meganiese belangstellings, of tot geskiedenis, terwyl die sosiaal vrypostige seun mensgerig is en die selfvertroue het om kreatief te wil wees.

Die sosiaal vrypostige meisie toon nie 'n belangstelling in beeldende kunste nie. Beeldende kunste bied moontlik 'n veiligheid deurdat dit nie sosiale vrypostigheid vereis van die meisie wat dit beoefen nie. Wanneer die skaam, nieselfgeldende meisie 'n mensgerigte beroep kies, is dit moontlik dat sy 'n welsynberoep kies op grond van 'n behoefte aan aanvaarding deur hulp aan mense te verleen. Die tipes van menslike kontak wat meer selfvertroue en selfgelding verg, naamlik oorreding, geselligheid en openbare optrede, is weer in aanvraag by die sosiaal vrypostige meisie.

## FAKTOR I. REALISTIES TEENOOR EMOSIONEEL GEVOELIG.

Die emosioneel gevoelige seun stel glad nie in meganiese of prakties-manlike aktiwiteite belang nie, is ook nie aangetrokke tot besigheid of sport nie - albei velde waarin 'n mens sterk en meededingend moet wees om jouself te bewys en sukses te behaal. Hierdie seun is eerder aangetrokke tot belangstellings wat oor die algemeen as meer "vroulik" of esteties beskryf word, nl. letterkunde, musiek, maatskaplike dienslewering (Kuder), uitvoerende kunste, taal en welsyn (19-VBV). Hierdie navorsingsresultate stem sterk ooreen met dié van Madge et al, (1975) aangehaal in Smit, (1981). Sy natuurbelangstelling dui moontlik op 'n vermyding van werk of ontvlugting van lewenseise, want dit word nie deur 'n wetenskaplike of prakties-manlike (meganiese) belangstelling gesteun nie. Dit kan dus 'n onrealistiese belangstelling wees.

Die meisies wat as emosioneel gevoelig manifesteer, stel nie belang in berekenings- en wetenskaplike (Kuder) of besigheids- en numeriese (19-VBV) beroepsaktiwiteite nie. Hulle stel belang in letterkunde (taal) en uitvoerende kunste.

Beide die seun en meisie wat tot emosionele gevoeligheid neig, stel dus in letterkunde (taal) en uitvoerende kunste (estetiese belangstellingsvelde) belang.

FAKTOR L. GEBORGE TEENOOR AGTERDOGTIG.

Die agterdogtige seun stel nie in diens of welsynwerk belang nie. Die intieme betrokkenheid is vir hom bedreigend. 'n Ander tipe van sosiale konfrontasie interesseer die agterdogtige seun wel, naamlik sport. Hierdie seun stel dus meer daarin belang om mense mededingend maar georganiseerd, (soos in sport) te konfronteer as deur dienslewering.

Beide die agterdogtige seun en meisie stel nie in numeriese werk belang nie. Anders gestel: die geborge seun en meisie stel in 'n syferkundige beroep belang. Al moontlike verklaring vir hierdie verskynsel, is dat mense met 'n lae L-telling (die geborgenes) 'n gebrek aan ambisie toon (Smit 1981), en dus 'n laegraadse syferkundig-klerklike beroep kies.

FAKTOR M. PRAKTIES TEENOOR VERBEELDINGRYK.

'n Praktiese ingesteldheid kan ook as 'n konvensionele ingesteldheid gesien word. (Smit, 1981). Die praktiese, nie-verbeeldingryke seun is aangetrokke tot meganiese beroepe, terwyl uitvoerende kunste hom nie interesseer nie (wat ooreenstem met Smit, 1981, se opmerkings).

Die verbeeldingryke meisie stel belang in taal, letterkunde en musiek.

FAKTOR N. ONGEKUNSTELD TEENOOR SKERPSINNIG.

Die seun wat as skerpsinnig manifesteer, neig om nie in geselligheidsaktiwiteite in sy beroep belang te stel nie, waarskynlik omdat hy sosiaal onbedrewe is en intellektuele stimulasie sal verkies bo informele menslike kontak, wat moontlik aan diepte ontbreek.

Die skerpsinnige meisie stel in wetenskaplike, prakties-manlike en numeriese beroepe belang en nie in musiek nie. Sy soek dus na intellektuele stimulasie of uitdaging.

FAKTOR O. SELFVERSEKERD TEENOOR GENEIG TOT SKULDGEVOELENS.

Die selfversekerde seun wil kreatief in sy beroep dink, terwyl daar by die meisie geen beduidende korrelasies in die geval van Faktor O met bepaalde belangstellingsvelde voorkom nie. Om homself te waag aan innoverende optrede en die gebruik van eie inisiatief, is dit te verwagte dat die persoon selfversekerd sal wees.

FAKTOR Q. KONSERWATIEF TEENOOR ONDERSOEKEND.

Die ondersoekende seun is analities en wil eksperimenteer, dus stel hy belang in kreatiewe denke, wetenskaplike en numeriese beroepe en is werkgerig (19-VBV).

By die meisies is daar 'n negatiewe verband tussen 'n ondersoekende ingesteldheid en belangstelling in meganiese aktiwiteite op die Kuder. Dit kom dus weer voor asof die meisie met 'n manlike belangstelling (meganies) se persoonlikheid meer ooreenstem met die geslagsrolstereotipe van die seun as met dié van die meisie. Hierdie bevinding kom ooreen met dié van Matteson, et al (1974) (Sien bl. 64).

FAKTOR Q2. GROEPAFHANKLIK TEENOOR SELFGENOEGSAAM.

Die groepafhanklike seun wil graag gesellligheid nastreef in sy beroep, waarskynlik omdat hy afhanklik is van mense om hom en nie alleenheid maklik kan hanteer nie.

Die groepafhanklike meisie, verkies weer eens die hulpverlenende mensgerigte beroepsbedrywighede naamlik sosiale dienslewering (Kuder) en diens (19-VBV), maar kies ook geselligheid (informele sosiale kontak) as deel van haar beroep. Let daarop dat die meisies wat afhanklik van die goedkeuring van mense is hulle op hulpverlenende beroepe toespits, terwyl die groepafhanklike seuns nie belangstel in hulpverlenende beroepe nie.

Die selfgenoegsame meisie het 'n hoë letterkundige belangstelling, wat ook 'n behoefte aan kommunikasie kan impliseer. Haar vindingrykheid en gebrek aan groepafhanklikheid gaan gepaard met 'n letterkundige belangstelling Die selfgenoegsame meisie manifesteer ook as passief op die 19-VBV.

Die selfgenoegsame seun stel nie in sport of reis belang nie. Anders gestel: die groepafhanklike seun hou van sport en reis.

Die groepafhanklike meisie en die groepafhanklike seun se belangstellings in menslike kontak verskil dus. Waar die meisie belang stel om mense te help en informeel met hulle om te gaan, stel die seun in sport belang. Al moontlike oorsaak van 'n reisbelangstelling by die groepafhanklike seun is dat hy rondreis in 'n sosiale verband waarneem, byvoorbeeld, reis in 'n toergroep.

FAKTOR Q3. ONGEëRG TEENOOR SOSIAAL BEHEERS.

Daar was geen beduidende korrelasies by die seuns tussen Faktor Q3 en spesifieke belangstellingsvelde nie. Die sosiaal beheerste meisie (met sterk wilskrag en wat sosiaal korrek optree) toon nie 'n begeerte om mense te oorreed of om gesellig met mense om te gaan nie.

Die sosiaal beheerste meisie het 'n buitenshuise belangstelling. Dit kom dus voor uit haar buitenshuise belangstelling sowel as uit haar gebrek aan 'n oorredings- en geselligheidsbelangstelling dat die sosiaal beheerste meisie nie afhanklik is van mense om haar nie.

FAKTOR Q4. ONTSPANNE TEENOOR GESPANNE.

Die gespanne, prikkelbare, rustelose seun stel glad nie in kreatiewe denke belang nie, waarskynlik omdat hy sy geestesenergie gebruik om homself te handhaaf en te hanteer.

Die gespanne dogter stel in letterkunde en openbare optrede belang.

8.5.3 REGRESSIE-ONTLEDINGS VAN 16 PF.

Vir die regressie-ontledings is een bykomende voorwaarde as die wat vir die vorige ontledings gestel is, bygevoeg, naamlik praktiese bruikbaarheid. 'n Beduidende meervoudige korrelasie tussen voorspellers en 'n kriterium kan nog steeds 'n hoë standaard-skattingsfout geassosieer hê, waar die standaard-skattingsfout bereken word as

$$S\ (Y\ X) = S\ (Y) \times \sqrt{(1 - R^2)}$$

Neem ter illustrasie 'n kriteriumskaal wat 'n standaardafwyking van 2 het (soos die geval is by die stanegeskaal). Om 'n persoon se skaalpunt op hierdie kriterium te voorspel, sonder die beskikbaarheid van enige relevante inligting, sal hierdie voorspelling 'n 95%-betroubaarheidsinterval van ongeveer vier hê. 'n voorspelling van vyf sal hiervolgens 'n werklike punt van enigiets tussen een en nege verteenwoordig. Wanneer daar egter inligting beskikbaar is wat 'n korrelasie van 0,4 het met die kriterium, sal 'n skatting van vyf enigiets tussen een en 'n half en agt en 'n half verteenwoordig. 'n Korrelasie van 0,5 verteenwoordig enigiets tussen twee en agt; 0,6 tussen twee en 'n half en sewe en 'n half en 0,7 tussen drie en sewe. Laasgenoemde voorbeeld gaan vir hierdie doeleindes as prakties bruikbaar beskou word. Regressie-ontledings met meervoudige korrelasies minder as 0,65 gaan nie gerapporteer word nie.

Die laaste kolom gee die p-waarde van elke voorspeller se bydrae tot vermindering in foutvariansie.

8.5.3.1 Tabel 16(A). Voorspelling van Hartlikheid (Faktor A) (Dogters).

| VOORSPELLER | REGRESSIE-GEWIG | BETAGEWIG | BEDUIDENDHEID (p) |
|---|---|---|---|
| KOORRED | 0,13 | 0,48 | 0,000 |
| NOPEN | 0,10 | 0,34 | 0,004 |
| NREIS | 0,073 | 0,19 | 0,069 |
| KONSTANTE | 4,11 | | 0,011 |

Die meervoudige korrelasie is 0,71 (0,69, gekorrigeer vir die getal gevalle en voorspellers).

8.5.3.2. Tabel 16(B). Voorspelling van Hartlikheid (Faktor A) (Seuns).

| VOORSPELLER | REGRESSIE-GEWIG | BETAGEWIG | BEDUIDENDHEID (p) |
|---|---|---|---|
| KMEG | -0,083 | -0,29 | 0,033 |
| NGESEL | 0,11 | 0,24 | 0,061 |
| NMAATSK | 0,073 | 0,26 | 0,036 |
| NWET | -0,11 | -0,28 | 0,012 |
| NREGTE 0,086 | 0,23 | 0,045 | |
| KONSTANTE | 8,02 | | 0,032 |

Die meervoudige korrelasie is 0,72 (0,68, gekorrigeer vir die getal gevalle en voorspellers).

8.5.3.3 Tabel 17. Voorspelling van "Intelligent" (Faktor B) (Seuns).

| VOORSPELLER | REGRESSIE-GEWIG | BETAGEWIG | BEDUIDENDHEID (p) |
|---|---|---|---|
| VH | 0,17 | 0,62 | 0,000 |
| NHIST | -0,063 | -0,34 | 0,007 |
| NWET | 0,057 | 0,39 | 0,010 |
| NNUM | -0,055 | -0,40 | 0,019 |
| NSPORT | -0,032 | -0,24 | 0,039 |
| KONSTANTE | 6,60 | | 0,000 |

Die meervoudige korrelasie is 0,67 (0,62, gekorrigeer vir die getal gevalle en voorspellers).

8.5.3.4 Tabel 18(A). Voorspelling van Sorgeloos (Faktor F) (Dogters).

| VOORSPELLER | REGRESSIE-GEWIG | BETAGEWIG | BEDUIDENDHEID (p) |
|---|---|---|---|
| NGESEL | 0,24 | 0,54 | 0,000 |
| NBESIG | 0,13 | 0,37 | 0,002 |
| KMEG | 0,11 | 0,30 | 0,013 |
| NPRAKV | -0,090 | -0,22 | 0,058 |
| KONSTANTE | 5,89 | | 0,016 |

Die meervoudige korrelasie is 0,67 (0,63, gekorrigeer vir die getal gevalle en voorspellers).

8.5.3.5 Tabel 18(B). Voorspelling van Sorgeloos (Faktor F) (Seuns).

| VOORSPELLER | REGRESSIE-GEWIG | BETAGEWIG | BEDUIDENDHEID (p) |
|---|---|---|---|
| NGESEL | 0,33 | 0,72 | 0,000 |
| KKLERK | -0,15 | -0,42 | 0,000 |
| KMAATSK | -0,089 | 0,31 | 0,005 |
| NNATUUR | -0,14 | -0,39 | 0,001 |
| NSPORT | 0,085 | 0,24 | 0,014 |
| KWET | 0,051 | 0,15 | 0,096 |
| KONSTANTE | 13,31 | | 0,001 |

Die meervoudige korrelasie is 0,84 (0,81, gekorrigeer vir die getal gevalle en voorspellers).

8.5.3.6 Tabel 19(A). Voorspelling van Sosiale Vrypostigheid. (Faktor H) (Dogters).

| VOORSPELLER | REGRESSIE-GEWIG | BETAGEWIG | BEDUIDENDHEID (p) |
|---|---|---|---|
| VH | -0,35 | -0,42 | 0,001 |
| NWELSYN | -0,15 | -0,33 | 0,006 |
| NOPENB | 0,17 | 0,41 | 0,001 |
| NHIST | -0,12 | -0,28 | 0,030 |
| KONSTANTE | 24,97 | | 0,000 |

Die meervoudige korrelasie is 0,66 (0,62, gekorrigeer vir die getal gevalle en voorspellers).

8.5.3.7 Tabel 19(B). Voorspelling van Sosiale Vrypostigheid. (Faktor H) (Seuns).

| VOORSPELLER | REGRESSIE-GEWIG | BETAGEWIG | BEDUIDENDHEID (p) |
|---|---|---|---|
| NGESEL | 0,26 | 0,42 | 0,000 |
| NHIST | -0,15 | -0,23 | 0,045 |
| KKUNST | 0,47 | 0,74 | 0,000 |
| NOPENB | 0,22 | 0,47 | 0,000 |
| NBEELD | -0,31 | -0,65 | 0,001 |
| NREIS | 0,25 | 0,41 | 0,001 |
| KREKEN | 0,16 | 0,28 | 0,011 |
| KONSTANTE | -12,92 | 0,28 | 0,009 |

Die meervoudige korrelasie is 0,82 (0,79, gekorrigeer vir die getal gevalle en voorspellers).

8.5.3.8 Tabel 20(A). Voorspelling van Emosionele Gevoeligheid (Faktor I) (Dogters).

| VOORSPELLER | REGRESSIE-GEWIG | BETAGEWIG | BEDUIDENDHEID (p) |
|---|---|---|---|
| KLET | 0,30 | 0,84 | 0,000 |
| KMAATSK | 0,093 | 0,34 | 0,002 |
| KMEG | 0,098 | 0,35 | 0,003 |
| ENGELS | 0,056 | 0,19 | 0,060 |
| KKUNS | 0,088 | 0,28 | 0,012 |
| NWS | 0,44 | 0,25 | 0,016 |
| KV | -0,22 | -0,18 | 0,085 |
| KONSTANTE | -8,45 | | 0,146 |

Die meervoudige korrelasie is 0,78 (0,74, gekorrigeer vir die getal gevalle en voorspellers).

8.5.3.9 Tabel 20(B). Voorspelling van Emosionele Gevoeligheid (Faktor I) (Seuns).

| VOORSPELLER | REGRESSIE-GEWIG | BETAGEWIG | BEDUIDENDHEID (p) |
|---|---|---|---|
| KMEG | -0,13 | -0,51 | 0,000 |
| NBESIG | -0,082 | -0,25 | 0,030 |
| NNUM | -0,063 | -0,18 | 0,098 |
| KONSTANTE | 16,17 | | 0,000 |

Die meervoudige korrelasie is 0,69 (0,66, gekorrigeer vir die getal gevalle en voorspellers).

8.5.3.10 Tabel 21. Voorspelling van Skerpsinnigheid. (Faktor N) (Dogters).

| VOORSPELLER | REGRESSIE-GEWIG | BETAGEWIG | BEDUIDENDHEID (p) |
|---|---|---|---|
| NNUM | 0,10 | 0,51 | 0,000 |
| KV | 0,26 | 0,31 | 0,008 |
| NTAAL | 0,063 | 0,31 | 0,021 |
| ENGELS | -0,061 | -0,29 | 0,012 |
| NWS | 0,48 | 0,37 | 0,003 |
| KMUS | -0,11 | -0,31 | 0,011 |
| NREGTE | 0,47 | 0,28 | 0,030 |
| KONSTANTE | -5,35 | | 0,240 |

Die meervoudige korrelasie is 0,73 (0,68, gekorrigeer vir die getal gevalle en voorspellers).

8.5.3.11 Tabel 22. Voorspelling van Ondersoekend. (Faktor Q1) (Seuns).

| VOORSPELLER | REGRESSIE-GEWIG | BETAGEWIG | BEDUIDENDHEID (p) |
|---|---|---|---|
| NWET | 0,13 | 0,47 | 0,000 |
| NKREAT | 0,071 | 0,20 | 0,072 |
| NREGTE | -0,049 | -0,19 | 0,092 |
| NHIST | -0,16 | -0,45 | 0,001 |
| NBEELD | 0,11 | 0,41 | 0,001 |
| KONSTANTE | 5,77 | 0,41 | 0,001 |

Die meervoudige korrelasie is 0,73 (0,69, gekorrigeer vir die getal gevalle en voorspellers).

8.5.3.12 Tabel 23. Voorspelling van Selfgenoegsaamheid. (Faktor Q2) (Seuns).

| VOORSPELLER | REGRESSIE-GEWIG | BETAGEWIG | BEDUIDENDHEID (p) |
|---|---|---|---|
| NGESEL | -0,17 | -0,37 | 0,004 |
| NSPORT | -0,14 | -0,40 | 0,003 |
| NWET | 0,14 | 0,36 | 0,005 |
| NOORR | 0,17 | 0,45 | 0,003 |
| NUITV | -0,16 | -0,48 | 0,003 |
| NPRAKV | 0,23 | 0,51 | 0,001 |
| NREIS | -0,20 | -0,43 | 0,006 |
| KONSTANTE | 13,54 | | 0,000 |

Die meervoudige korrelasie is 0,75 (0,70, gekorrigeer vir die getal gevalle en voorspellers).

## 8.5.4 GESLAGSROLIDENTIFIKASIE

Geslagsrolidentifikasie insoverre dit belangstellings betref, kan bepaal word deur die kode vir geslag (manlik : 1, vroulik: 2) as kriteriumveranderlike en die belangstellingsmetings as voorspellers te gebruik. Vir hierdie ontleding gaan dieselfde metodes toegepas word soos bespreek in die voorspelling van die persoonlikheidskenmerke soos verteenwoordig deur die vyf persoonlikheidskale. Weer eens toon natuurbelangstelling 'n nie-reglynige verband met die kriterium ('n roupunt van 25 verteenwoordig die mees vroulike belangstelling.)
p = 0.015).
TABEL 24 gee 'n samevatting van die regressie-ontleding.

8.5.4.1 Tabel 24. Voorspelling van Geslagrolidentiteit.

| VOORSPELLER | REGRESSIE-GEWIG | BETAGEWIG | BEDUIDENDHEID (p) | RELATIEWE BYDRAE |
|---|---|---|---|---|
| KBUIT | -0,012 | -0,39 | 0,000 | 24 |
| NHIST | -0,0094 | -0,18 | 0,016 | 4 |
| NPRAKV | -0,014 | 0,28 | 0,000 | 10 |
| KMAATSK | 0,0063 | 0,18 | 0,018 | 8 |
| NOPENBK | -0,016 | -0,35 | 0,000 | 4 |
| NREGTE | 0,011 | 0,27 | 0,002 | 1 |
| KWET | -0,0088 | -0,23 | 0,003 | 10 |
| KONSTANTE | 1,91 | | 0 | |

Die meervoudige korrelasie is 0,79. (0,77, gekorrigeer vir die getal gevalle en voorspellers).

Die verdeling van "Geslagsrol" word in tabel 25 vir elk van die geslagte gegee.

8.5.4.2 Tabel 25. Geslagsrol vanuit Belangstellings - Verdelingseienskappe

| GESLAGSROL-SKAAL | DOGTERS N | DOGTERS % | SEUNS N | SEUNS % |
|---|---|---|---|---|
| 0,40 - 0,59 | 0 | 0 | 1 | 2 |
| 0,60 - 0,79 | 0 | 0 | 5 | 10 |
| 0,80 - 0,99 | 1 | 2 | 18 | 35 |
| 1,00 - 1,19 | 1 | 2 | 12 | 23 |
| 1,20 - 1,39 | 10 | 20 | 8 | 16 |
| 1,40 - 1,59 | 14 | 28 | 6 | 12 |
| 1,60 - 1,79 | 11 | 22 | 1 | 2 |
| 1,80 - 1,98 | 11 | 22 | 0 | 0 |
| 2,00 - 2,19 | 2 | 4 | 0 | 0 |
| (Kode vir seuns = 1,00) | | | | |
| (Kode vir dogters = 2,00) | | | | |
| TOTAAL | 50 | 100 | 51 | 100 |
| GEM | 1,59 | | 1,06 | |
| S. AFW | 0,26 | | 0,26 | |
| KURTOSE | 0,21 | | -0,57 | |
| SKEEFHEID | -0,05 | | 0,49 | |
| MINIMUM | 0,93 | | 0,57 | |
| MAKSIMUM | 2,19 | | 1,63 | |

Deur middel van die 'geslagsrolskaal' is 'n maatstaf gevind vir die mate waarin 'n persoon se belangstellings afwyk van dié van sy eie geslag en hierdie maatstaf gaan 'n 'geslagsrolafwyking' genoem word.

Die 'geslagsrolafwyking' is soos volg bereken:
Seuns : Geslagsrolafwyking = geslagsrolskaalpunt - kode vir geslag (1)
Dogters : Geslagsrolafwyking = kode vir geslag (2) geslagsrolskaalpunt.

Tabel 26 bevat die korrelasies tussen geslagsrolafwyking en ander veranderlikes.

<u>8.5.4.3</u> <u>Tabel 26 (A). Korrelasies met Geslagsrolafwyking (Dogters).</u>

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| VH | MATR | WIS | AFR | ENG | OORPR | S-KONS | S-VERT |
| 0,06 | 0,01 | -0,03 | -0,04 | 0,03 | -0,03 | 0,38* | 0,19 |
| MENS | P/A | KV | KBUIT | KMEG | KREKEN | KWET | KOORR |
| 0,11 | 0,26 | 0,01 | 0,67* | 0,15 | -0,08 | 0,46* | 0,20 |
| KKUNS | KLET | KMUS | KSOS | KKLER | NBEEL | NUITV | NTAAL |
| -0,15 | -0,17 | -0,18 | -0,12 | -0,16 | -0,10 | -0,01 | -0,01 |
| NHIST | NDIENS | NWELS | NGESEL | NOPEN | NREGTE | NKREAT | NWET |
| 0,23 | -0,11 | -0,21 | -0,38* | 0,16 | -0,02 | -0,16 | 0,36* |
| NPRAKM | NPRAKV | NNUM | NBESIG | NKLERK | NREIS | NNAT | NSPOR |
| 0,24 | -0,24 | 0,10 | 0,03 | -0,06 | -0,07 | 0,57* | -0,03 |
| NWS | NAP | HARTL | INTEL | EMSTAB | S-GEL | SORGL | SUPER |
| 0,12 | -0,04 | -0,10 | -0,16 | 0,44* | 0,20 | 0,03 | 0,36* |
| AGTERD | VERBEE | SKERP | SKULD | ONDERS | S-GEN | BEHEER | GESPAN |
| 0,15 | -0,11 | 0,20 | -0,05 | -0,20 | 0,06 | 0,20 | -0,07 |

S- = SELF
P/A = PASSIEF/AKTIEF

8.5.4.4 Tabel 26(B). Korrelasies met Geslagsrolafwyking (Seuns).

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| VH | MATR | WIS | AFR | ENG | OORPR | S-KONS | S-VERT |
| 0,03 | 0,13 | 0,03 | 0,16 | 0,19 | 0,14 | 0,05 | 0,15 |
| MENS | P/A | KV | KBUIT | KMEG | KREKEN | KWET | KOORR |
| 0,38* | 0,17 | 0,08 | -0,65* | -0,35* | -0,00 | -0,49* | 0,31* |
| KKUNS | KLET | KMUS | KSOS | KKLER | NBEEL | NUITV | NTAAL |
| 0,13 | 0,13 | 0,22 | 0,31* | 0,15 | 0,09 | 0,22 | 0,20 |
| NHIST | NDIENS | NWELS | NGESEL | NOPEN | NREGTE | NKREAT | NWET |
| -0,29* | 0,35* | 0,30 | 0,20 | -0,08 | -0,04 | -0,03 | -0,32* |
| NPRAKM | NPRAKV | NNUM | NBESIG | NKLERK | NREIS | NNAT | NSPOR |
| -0,30* | 0,20 | -0,12 | -0,26 | 0,13 | 0,10 | -0,63* | -0,14 |
| NWS | NAP | HARTL | INTEL | EMSTAB | S-GEL | SORGL | SUPER |
| -0,13 | 0,13 | 0,46* | -0,11 | -0,19 | -0,20 | 0,09 | -0,08 |
| AGTERD | VERBEE | SKERP | SKULD | ONDERS | S-GEN | BEHEER | GESPAN |
| -0,22 | 0,03 | 0,04 | 0,00 | -0,05 | -0,15 | -0,03 | 0,01 |
| SOSVRY | EMGEV | | | | | | |
| 0,20 | 0,38* | | | | | | |

S- = SELF

P/A = PASSIEF/AKTIEF

8.5.4.5 <u>Bespreking van die Korrelasies met Geslagsrolafwyking (Seuns en Dogters apart)</u>

Seuns met 'n hoë geslagsrolafwyking in soverre dit belangstellings betref (met ander woorde waar hulle belangstellings meer ooreenstem met dié van meisies), kry 'n hoë telling op die sosiale diensleweringsbelangstelling en oorredend op die Kuder, terwyl hulle ook lae buitenshuise, meganiese en wetenskaplike belangstellings op die Kuder toon.

Op die 19-VBV kry die hoë geslagsrolafwykende seuns hoë tellings op die volgende belangstellingsdimensies: diens en welsynwerk, terwyl hulle lae tellings kry op wetenskaplike, historiese, natuur en prakties-manlike belangstellings.

Die geslagsrolafwykende seun meet op die 16 PF as hartlik en emosioneel gevoelig. Op die selfbeskrywing manifesteer die geslagsrolafwykende seun as mensgerig en inskiklik (nie sosiaal aggressief). Die ooreenkoms op die twee persoonlikheidskale is opvallend, naamlik die seun is hartlik en mensgerig, en hy is nie selfgeldend en nie-aggressief.

Dogters met 'n hoë geslagsrolafwyking wat hulle belangstellings betref (met ander woorde waar hulle belangstellings meer ooreenstem met die van seuns) toon op die Kuder 'n hoë buitelug- en wetenskaplike belangstelling.

Op die 19-VBV toon die geslagsrolafwykende dogter 'n lae geselligheidsbelangstelling en 'n hoë wetenskaplike en natuurbelangstelling.

Op die 16 PF meet die geslagsrolafwykende dogter hoog op emosionele stabiliteit en superegosterkte. Op die selfbeskrywing toon sy 'n positiewe selfkonsep en 'n gebrek aan sosiale aggressie.

Op grond van bogenoemde bevindings word die volgende afleidings gemaak:
As 'n mens dus die geslagsrolafwykende seun met die geslagsrolafwykende dogter vergelyk, kom die dogter meer stabiel en realisties voor as die seun. 'n Moontlike verklaring is dat dit die dogter met 'n positiewe selfkonsep en 'n stabiele realistiese lewensbenadering is wat die vermoë of selfvertroue het om anders (meer ondernemend, dinamies) te wees as wat die stereotipe vroulike rol van haar vereis.

Soos in die besprekings van tabelle 6 - 8 vasgestel is, het die dogter geneig om 'n welsynsingesteldheid te hê om sosiaal aanvaar te word deur dienslewering, terwyl die seun 'n groter ego-sterkte getoon het. As die prentjie wat van die geslagsrolafwykende seun en die gemiddelde dogter gevorm word, ontleed word, wil dit ook voorkom of die geslagsrolafwykende seun mensgerig is om aanvaarding te soek.

## 8.6 DIE VERBAND TUSSEN DIE KUDER-, 19-VBV- EN 16-PF-VELDE MET VERSTANDELIKE HELDERHEID EN SKOOLPRESTASIES.

Tabel 27 toon die korrelasies tussen die belangstellings- en persoonlikheidsmetings met skoolprestasies. Alle velde wat nie op die 5%-peil (tweekantig) beduidend met enige van die kriteriumveranderlikes verband hou nie, is uitgelaat.

8.6.1 Tabel 27(A). Kuder-, 19-VBV en 16-PF-velde se verband met Verstandelike Helderheid en skoolprestasies. (Dogters)

| | VH | MATR | WIS (n = 44) | AFR | ENG |
|---|---|---|---|---|---|
| NTAAL | 0,17 | 0,14 | -0,11 | 0,31* | 0,20 |
| NKREAT | 0,26 | 0,17 | 0,29* | 0,12 | 0,10 |
| NWET | 0,31* | 0,14 | 0,25 | 0,13 | 0,03 |
| NNUM | 0,24 | 0,28* | 0,48* | 0,07 | 0,13 |
| NAP | -0,07 | -0,30* | -0,17 | -0,20 | -0,12 |
| SOSVRY | -0,37* | -0,24 | -0,27 | -0,33* | -0,23 |
| BEHEER | -0,11 | -0,18 | -0,09 | -0,11 | -0,33* |

8.6.2 Bespreking

Meisies met 'n taalbelangstelling op die 19-VBV het beduidend goed gevaar in Afrikaans. Hulle taalbelangstelling was dus 'n motiverende faktor om in hulle eie taal te presteer óf hulle goeie prestasie (vermoë) in Afrikaans het tot 'n belangstelling in Afrikaans bygedra.

Met 'n kreatiewe denke-belangstelling het die meisies beduidend in wiskunde presteer. 'n Begeerte on skeppend te dink en innoverend op te tree, gaan dus gepaard met 'n belangstelling in wiskunde, wat intellektueel 'n relatief uitdagende vak is.

Die meisies se wetenskaplike belangstelling op die 19-VBV het beduidend gekorreleer met 'n hoë verstandelike helderheid (intelligensie).

Die meer intelligente meisie stel dus in wetenskap belang, skynbaar uit 'n behoefte aan intellektuele stimulasie.

Meisies met 'n numeriese belangstelling het beduidend goed gevaar in wiskunde, wat óf beteken dat sy goed presteer weens belangstelling en motivering óf belangstel weens goeie prestasie of aanleg. Haar hoë matriekpunt onderskraag hierdie afleiding.

Die meisie wat as passief op die 19-VBV gemanifesteer het, het beduidend swakker matriekpunte behaal. Passiwiteit impliseer dat sy minder leer en dus kan swakker matriekprestasie verwag word.

Die meisie wat as sosiaal vrypostig op die 16-PF gemanifesteer het, het 'n beduidend laer intellek gehad en swak presteer in Afrikaans.

Die meisie wat sosiaal beheers is, het weer beduidend swakker in Engels gevaar.

8.6.3 Tabel 27(B). Kuder-, 19-VBV en 16-PF-velde se verband met Verstandelike Helderheid en Skoolprestasies. (Seuns)

| | VH | MATR | WIS (n = 44) | AFR | ENG |
|---|---|---|---|---|---|
| KBUIT | -0,30* | -0,32* | -0,24 | -0,28 | -0,33* |
| KMEG | -0,04 | -0,27 | -0,19 | -0,38* | -0,30* |
| KREKEN | 0,40* | 0,40* | 0,38* | 0,23 | 0,24 |
| KLET | 0,18 | 0,23 | 0,04 | 0,35* | 0,21 |
| NOPEN | 0,22 | 0,28 | 0,19 | 0,29* | 0,34* |
| NREGTE | 0,07 | 0,15 | 0,08 | 0,15 | 0,30* |
| NKREAT | 0,36* | 0,46* | 0,43* | 0,35* | 0,36* |
| NWET | 0,26 | 0,36* | 0,18 | 0,24 | 0,37* |
| NNUM | 0,48* | 0,47* | 0,40* | 0,26 | 0,35* |
| INTEL | 0,52* | 0,39* | 0,36* | 0,31* | 0,31* |
| SELFGEL | 0,27 | 0,28 | 0,33* | 0,20 | 0,24 |
| SOSVRY | 0,18 | 0,25 | 0,32* | 0,23 | 0,31* |

8.6.4 Bespreking:

Die seun met 'n sterk buitenshuise belangstelling op die Kuder se intelligensie meet beduidend laag en hy het swak gevaar in Engels en matriek as geheel. Die implikasie is dus dat die seun wat uit 'n intellektuele oogpunt nie aan die lewenseise kan voldoen nie, hom terugtrek in die natuur. Die swak skoolprestasie van die seun met 'n buitenshuise belangstelling kan ook op 'n vermyding van werk (volgens die Kuder se gedwonge keuse-antwoordmetode) of luiheid dui.

Die seun met 'n meganiese belangstelling het swak gevaar in Engels en Afrikaans. 'n Moontlike oorsaak is dat hy nie graag stil sit om te lees nie, omdat hy liewer met sy hande werk. 'n Gebrek aan taalkundige vermoëns kan egter ook in meganiese belangstelling versterk.

'n Hoë berekeningsbelangstelling op die Kuder gaan by die seun gepaard met 'n hoër intellek en goeie prestasie in wiskunde sowel as matriekvakke oor die algemeen. 'n Mens verwag dat die seun met 'n hoër intellek beter sal presteer in wiskunde en matriekvakke oor die algemeen. Of sy hoë berekeningsbelangstelling 'n bydrae lewer tot sy goeie prestasie en of hy in berekeningswerk belang stel ómdat hy goed presteer, is moeilik om te sê.

Die seun met 'n hoë letterkundige belangstelling het beduidend goed gevaar in Afrikaans, maar nie in Engels nie. (Dieselfde het by die meisies voorgekom) Dat die seun wat in oorredend belangstel ook goed in Afrikaans en Engels presteer het, is moontlik toe te skryf aan die feit dat openbare optrede kommunikasie deur medium van die taal impliseer en dat 'n bepaalde taalvaardigheid nodig is om openbare optrede (byvoorbeeld debattering) effektief te kan hanteer.

Die seun met 'n hoë openbare optredebelangstelling het goed gevaar in Afrikaans. Taal en kommunikasie deur openbare optrede is inderdaad aan mekaar gekoppel.

Die seun met 'n hoë regsbelangstelling het goed gevaar in Engels. Inderdaad speel taal 'n belangrike rol in regstudie, maar 'n mens kan nie hier 'n oorsaaklike faktor uithaal nie.

Waar die seun 'n kreatiewe denke-belangstelling getoon het, het sy intelligensie hoog gemeet en hy het goed gevaar in wiskunde, Afrikaans, Engels en matriek oor die algemeen. Intelligensie is hier 'n oorsaaklike of gedeeltelik oorsaaklike faktor, omdat dit nie as sodanig beïnvloed kan word nie.

Die seun met 'n wetenskaplike belangstelling op die 19-VBV het beduidend goed gevaar in Engels en matriek.

'n Numeriese belangstelling (19-VBV) het beduidend gekorreleer met 'n hoër intellek, goeie prestasie in wiskunde, Engels en in matriek oor die algemeen. Hierdie numeriese belangstelling gekoppel aan prestasie kom dus sterk ooreen met die berekeningsbelangstelling op die 19-VBV.

Hoër intelligensie by die seun gaan gepaard met goeie prestasie in tale, wiskunde en matriek oor die algemeen. Intelligensie moet in 'n mate oorsaaklik wees.

Die feit dat die selfgeldende seun goed gevaar het in wiskunde het moontlik iets met sy mededingende ingesteldheid en selfversekerdheid te doen. Mense met 'n swak selfvertroue kan maklik tyd verspil in 'n wiskundevraestel omdat hulle soms antwoorde oor en oor nagaan om seker te maak dat 'n berekening korrek is.

Die sosiaal vrypostige seun se goeie prestasie in wiskunde kan moontlik aan sy gesonde waaghouding toegeskryf word deurdat hy nie onnodig tyd verspil nie. Sy goeie prestasie in Engels is moontlik toe te skryf aan sy sosiale selfvertroue en uitgaande geaardheid, sodat hy vrymoedigheid het om die taal te praat.

## 8.7 VERBAND TUSSEN 19-VBV SE PASSIEF/AKTIEF MET BELANGSTELLINGS (KUDER EN 19-VBV).

### 8.7.1 Tabel 28(A). Korrelasies tussen Passief/Aktief (19-veld) en ander veranderlikes (Dogters).

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| VH | MATR | AFR | ENG | WIS | MATRAF | KV | KBUIT | KMEG | KREKEN |
| -,07 | -,30* | -,12 | -,12 | -,20 | -,31* | -,08 | -,21 | -,21 | ,01 |
| KWET | KOORR | KKUNS | KLET | KMUS | KSOS | KKLER | NBEEL | NUITV | NTAAL |
| -,29* | ,27* | -,11 | ,24 | ,29* | -,38* | .20 | -,20 | ,02 | ,01 |
| NHIST | NDIENS | NWELS | NGESEL | NOPEN | NREGTE | NKREAT | NWET | NPRAKM | NPRAKV |
| -,08 | -,19 | -,33* | -,01 | -,16 | -,23 | -,18 | -,36* | -,38* | -,32* |
| NNUM | NBESIG | NKLERK | NREIS | NNAT | NSPOR | NWS | | | |
| -,17 | -,15 | -,19 | -,17 | -,26 | -,42* | ,22 | | | |

'n Nuwe veranderlike, matriekafwyking, is in hierdie stadium geskep wat 'n maatstaf van oor- en onderprestasie is.

'n Regressieontleding is gedoen met matriekgemiddele as kriterium en intelligensie (verstandelike helderheid) as voorspeller omdat die geslagte verskillende regressievergelykings gelewer het, is geslag ook ingesluit. Die regressievergelyking is: voorspelde matriekgemiddelde = 1,9. Verstandelike Helderheid + 17,9 geslag - 0,56 (verstandelike helderheid) (geslag) + 11,2.

Meervoudige korrelasie = 0.60.

Oor- en onderprestasie is gedefinieer as werklike matriekgemiddeld minus voorspelde matriekgemiddeld.

8.7.2 Tabel 28(B). Korrelasies tussen Passief/Aktief (19-Veld) en ander Veranderlikes (Seuns).

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| VH | MATR | AFR | ENG | WIS | MATRAF | KV | KBUIT | KMEG | KREKEN |
| -,10 | -,24 | -,16 | -,22 | -,26 | -,22 | ,26 | ,09 | ,12 | ,13 |
| KWET | KOORR | KKUNS | KLET | KMUS | KSOS | KKLERK | NBEEL | NUITV | NTAAL |
| -,18 | -,05 | -,02 | -,03 | -,13 | ,00 | ,18 | -,21 | -,09 | -,06 |
| NHIST | NDIENS | NWELS | NGESEL | NOPEN | NREGTE | NKREAT | NWET | NPRAKM | NPRAKV |
| -,29* | -,13 | -,11 | -,35* | -,28* | -,19 | -,38* | -,25 | -,06 | -,21 |
| NNUM | NBESIG | NKLERK | NREIS | NNAT | NSPOR | NWS | | | |
| -,02 | -,18 | -,03 | -,48* | -,07 | -,25 | ,13 | | | |

8.7.3 Bespreking.

Die dogter wat as aktief manifesteer op die 19-VBV, presteer goed in matriek en is ook 'n oorpresteerder. 'n Aktiewe ingesteldheid impliseer dus dat sy hard leer op skool.

Die aktiewe dogter stel belang in maatskaplike dienslewering en wetenskap (Kuder en 19-VBV), prakties-manlik, prakties-vroulik en sport. Sy is dus aktief, prakties en hulpverlenend in haar benadering van haar omgewing.

Die passiewe dogter stel belang in oorredend en musiek. Moontlik is 'n oorredende belangstelling gebore uit frustrasie omdat sy haarself nie kan laat geld nie; of uit haar eie onsekerheid; vandaar 'n begeerte om mense te oorreed. Om na musiek te luister is inderdaad 'n passiewe belangstelling, maar terselfdertyd 'n aanvaarde metode van emosionele uitlewing.

Die aktiewe seun stel belang in histories, geselligheid, openbare optrede, kreatiewe denke en reis.

Geen beduidende korrelasies tussen die passief/aktief-skaal en skoolprestasie of intelligensie kristalliseer vir die seuns uit nie.

Dit is opvallend dat aktiwiteit nie in die seun se skoolprestasie waargeneem word soos in die dogter se geval nie, maar dat sy aktiewe ingesteldheid sosiaal gerig is, op kreatiewe denke betrekking het en 'n begeerte tot mobiliteit impliseer. Selfs die historiese belangstelling impliseer 'n bepaalde mobiliteit, omdat die items op die 19-VBV wat op 'n historiese belangstelling betrekking het dikwels gaan om besoeke aan historiese areas, eerder as om stil te sit en geskiedenis te lees.

Die passiewe seun toon nie hoë belangstellings nie. Dit kan beteken dat hy onentoesiasties is oor werk oor die algemeen.

## 8.8 OPSOMMING VAN BELANGSTELLINGS EN PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE.

Die belangstellings van die seuns en dogters in die steekproef soos op die Kuder en 19-VBV gemanifesteer, word voorts weergegee met die persoonlikheidseienskappe en ander waarnemings wat beduidend met die belangstellings gekorreleer het. Om die resultate te vereenvoudig, is die ooreenkomstige belangstellings (byvoorbeeld berekening en numeries, of letterkunde en taal) saamgevoeg. Waar daar 'n (2) agter 'n persoonlikheidseienskap verskyn, beteken dit dat hierdie persoonlikheidseienskap op beide die Kuder en 19-VBV se ooreenkomstige belangstellingsvelde beduidend gemanifesteer het.

8.8.1 <u>Hoë V-telling (Kuder) (Seuns).</u>

Ongekunsteld.

<u>Hoë V-telling (Kuder), (Dogters).</u>

Skerpsinnig.

8.8.2 <u>Buitenshuis (Kuder), natuur (19-VBV) (Seuns).</u>

| | |
|---|---|
| Teruggetrokke (2) | Skugter (2) |
| Nie-mensgerig (2) | Gebrek aan sosiale Selfvertroue (2) |
| Passief (op selfbeskrywingskaal)(2)- | |
| Sosiale aggressie (2) | Sober. |

Realisties.

Presteer swak in Engels en ook in sy matriekvakke oor die algemeen.

Lae intelligensie.

<u>Buitenshuis, (Kuder), natuur (19-VBV) (Dogters).</u>

| | |
|---|---|
| Positiewe selfkonsep (2) | Hoë superego (2) |
| Teruggetrokke | Sosiaal beheers. |

8.8.3 <u>Meganies (Kuder), prakties-manlik (19-VBV) (Seuns).</u>

| | |
|---|---|
| Teruggetrokke (2) | Realisties (2) |
| Nie-mensgerig (2) | Sosiaal aggressief (2) |
| Sober | Skugter |

Gebrek aan sosiale selfvertroue.

Presteer swak in Afrikaans en Engels

| | |
|---|---|
| Passief (Persoonlikheidskaal) | Prakties (16P-PF) |

<u>Meganies (Kuder), prakties-manlik (19-VBV) (Dogters).</u>

| | |
|---|---|
| Sober | Konserwatief |
| Inskiklik | Hoë superegosterke |
| Aktief (19-VBV) | Teruggetrokke |
| | Skerpsinnig |

8.8.4 Berekening (Kuder), numeries (19-VBV) (Seuns).

Ondersoekend
Realisties
Geborge
Beskik oor goeie intellek. (2) Presteer goed in wiskunde, (2) Engels en matriekvakke (2) oor die algemeen.

Berekening (Kuder), numeries (19-VBV) (Dogters).

Realisties (2)
Geborge
Skerpsinnig
Emosioneel stabiel
Presteer goed in wiskunde.
Hoë matriekpunte

8.8.5 Wetenskap (Kuder en 19-VBV), (Seuns).

Teruggetrokke.
Presteer goed in Engels en in matriekvakke oor die algemeen.
Aktief (19-VBV). (2)

Wetenskap (Kuder en 19-VBV), (Dogters).

Emosioneel stabiel (2)
Realisties.
Hoë superegosterkte (2)
Skerpsinnig
Teruggetrokke
Goeie intellektuele vermoë
Aktief 19-VBV.

8.8.6 Oorreding (Kuder), (Seuns.

Hartlik
Emosioneel onstabiel
Sorgeloos
Sosiale selfvertroue
Mensgerig.

Oorreding (Kuder), (Dogters).

Hartlik
Sorgeloos
Sosiaal vrypostig
Ongeërg
Mensgerig
Passief (19-VBV).

8.8.7 Kuns (Kuder), beeldende kunste (19-VBV) (Seuns).

-

Kuns (Kuder), beeldende kunste (19-VBV) (Dogters).

Teruggetrokke | Skugter (2).

8.8.8 Letterkunde (Kuder), taal (19-VBV) (Seuns).

Emosioneel gevoelig (2) | Hartlik

Presteer goed in Afrikaans.

Letterkunde (Kuder), taal (19-VBV) (Dogters).

Hartlik(2) | Emosioneel gevoelig (2)

Verbeeldingryk (2) | Emosioneel onstabiel

Selfgenoegsaam.

Presteer goed in Afrikaans.

Gespanne.

8.8.9 Musiek (Kuder), uitvoerende kunste (19-VBV) (Seuns).

Emosioneel gevoelig (2) | Mensgerig (2)

Hartlik | Verbeeldingryk

Sorgeloos.

Musiek (Kuder), uitvoerende kunste (19-VBV) (Dogters).

Emosioneel onstabiel (2) | Lae superego

Emosioneel gevoelig | Verbeeldingryk

Passief (19-VBV) | Ongekunsteld.

Ongeërg

8.8.10 Sosiale dienslewering (Kuder), welsynwerk (19-VBV) (Seuns).

Hartlik (2) | Emosioneel gevoelig (2)

Mensgerig (2) | Inskiklik (2)

Geborge | Sosiale selfvertroue.

Sosiale dienslewering (Kuder), welsynwerk (19-VBV) (Dogters).

Groepafhanklik | Emosioneel onstabiel

Skugter | Aktief (19-VBV) (2)

8.8.11 <u>Klerklik (Kuder en 19-VBV), (Seuns).</u>

-

<u>Klerklik (Kuder en 19-VBV) (Dogters).</u>

| | |
|---|---|
| Mensgerig | Inskiklik |
| | Hoër intellek (16-PF) |
| | Nie verstandelike |
| | helderheidstoets nie.) |

8.8.12 <u>Histories (19-VBV) (Seuns).</u>

| | |
|---|---|
| Aktief (19-VBV) | Skugter |

<u>Histories (19-VBV) (Dogters).</u>

-

8.8.13 <u>Diens (19-VBV) (Seuns.</u>

| | |
|---|---|
| Emosioneel gevoelig | Emosioneel onstabiel |
| Vertrouend. | |

<u>Diens (19-VBV) (Dogters).</u>

Groepafhanklik.

8.8.14 <u>Geselligheid (19-VBV) (Seuns).</u>

| | |
|---|---|
| Hartlik | Sorgeloos |
| Sosiaal vrypostig | Groepafhanklik |
| Mensgerig | Sosiale selfvertroue. |
| | Aktief (19-VBV) |
| | Ongekunsteld |

<u>Geselligheid (19-VBV) (Dogters).</u>

| | |
|---|---|
| Hartlik | Sorgeloos |
| Sosiaal vrypostig | Ongeërg |
| Groepafhanklik | Ondersoekend |

8.8.15 Openbare optrede (19-VBV) (Seuns).

Hartlik
Sorgeloos
Sosiale selfvertroue
Selfgeldend
Sosiaal vrypostig
Mensgerig
Presteer goed in Engels en Afrikaans. Aktief (19-VBV)

Openbare optrede (19-VBV) (Dogters.

Hartlik
Sosiaal vrypostig
Selfgeldend
Gespanne.

8.8.16 Regte (19-VBV) (Seuns).

Negatiewe selfkonsep
Gespanne
Selfgeldend
Sorgeloos
Presteer goed in Engels.

Regte (19-VBV) (Dogters).

Hartlik.

8.8.17 Kreatiewe Denke (19-VBV) (Seuns).

Emosioneel stabiel
Selfversekerd
Positiewe selfkonsep
Ontspanne
Sosiaal vrypostig
Ondersoekend
Sosiale selfvertroue
Selfgeldend

Presteer goed in wiskunde, Afrikaanse, Engels en in sy matriekvakke oor die algemeen. Aktief (19-VBV). Intelligent.

Kreatiewe Denke (19-VBV) (Dogters).

Presteer in Wiskunde

8.8.18 Prakties-vroulik (19-VBV) (Seuns).

-

Prakties-vroulik (19-VBV) (Dogters).

Emosioneel onstabiel
Onderdanig
Gebrek aan sosiale selfvertroue.
Aktief (19-VBV).

8.8.19 Besigheid (19-VBV) (Seuns).

Realisties.

Besigheid (19-VBV) (Dogters).

| | |
|---|---|
| Sorgeloos | Inskiklik |
| Mensgerig | |

8.8.20 Reis (19-VBV) (Seuns).

| | |
|---|---|
| Sorgeloos | Aktief (19-VBV). |
| Groepafhanklik | |

Reis (19-VBV) (Dogters).

Geborge.

8.8.21 Sport (19-VBV) (Seuns).

| | |
|---|---|
| Agterdogtig | Groepafhanklik. |
| Realisties | |

Sport (19-VBV) (Dogters).

Aktief (19-VBV)

# HOOFSTUK 9.

## BEVINDINGS, AFLEIDINGS EN AANBEVELINGS.

### 9.1 INLEIDING.

Die eventuele doel van hierdie studie was om uit gemanifesteerde beroepsbelangstellings (soos verkry uit die Kuder en 19-VBV) afleidings omtrent die persoonlikheidsamestelling te kan maak sonder gebruikmaking van die 16-PF (omdat daar selde genoeg tyd in die beroepsleidingsessie is vir die kliënt om dit te voltooi) of die kwantifisering van die selfbeskrywing (wat 'n tydrowende taak is en slegs gedoen kan word deur iemand wat 'n deeglike studie van die kwantifiseringsproses gemaak het, en verkieslik deur 'n tweede persoon gekwantifiseer is).

### 9.2 ENKELE BEVINDINGS EN AFLEIDINGS GEMAAK UIT DIE KORRELASIES VAN BELANGSTELLINGS MET PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE.

9.2.1 Daar bestaan soms aansienlike verskille in die persoonlikheidsamestelling wat beduidend met 'n bepaalde belangstelling korreleer, byvoorbeeld die seun wat in wetenskap belangstel, manifesteer slegs as teruggetrokke, aktief en 'n goeie presteerder in matriek, terwyl die dogter 'n baie meer geskakeerde positiewe persoonlikheidsamestelling toon : emosioneel stabiel, realisties, hoë superegosterkte, skerpsinnig, teruggetrokke, goeie intellek, aktief. 'n Ander belangstelling waar die verskil ook duidelik na vore tree, is dié in sosiale dienslewering, maar daar is nog ander, byvoorbeeld musiek, regte, ensovoorts waar die persoonlikhede van die seuns en meisies sterk verskil. 'n Algemene afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat dieselfde belangstelling verskillende behoeftes in seuns en dogters mag vervul en in werklikheid verskillende betekenisse vir die twee geslagte kan hê.

9.2.2 Dit is slegs by 'n <u>letterkunde-(taal-)belangstelling</u> en <u>musiek-(uitvoerende kunste-)belangstelling</u> waar daar aanduidings van verbeeldingrykheid en emosionele gevoeligheid voorkom. By die seuns wat in <u>kuns</u> belangstel, kristalliseer geen beduidende persoonlikheidskenmerke uit nie en die dogter manifesteer slegs as teruggetrokke en skugter, wat haar kunsbelangstelling na 'n ontvlugting of poging tot kompensasie laat voorkom Hieruit kan moontlik afgelei word dat daar by 'n musiek-, letterkunde- en uitvoerende kunstebelangstelling meer van 'n kreatiewe ingesteldheid voorkom as by 'n kunsbelangstelling. Nogtans is die emosionele gevoeligheid wat saam met belangstellings in letterkunde en uitvoerende kunstebelangstelling voorkom moontlik 'n aanduiding van emosionaliteit wat gepaard kan gaan, onder sekere omstandighede, met 'n gebrek aan realisme.

9.2.3 Die dogter met 'n musiekbelangstelling en die seun met 'n diensbelangstelling projekteer die mees emosioneel onstabiele van die persoonlikheidsamestellings.

9.2.4 By die seuns projekteer die persoon wat in kreatiewe denke belangstel die mees geïntegreerde, realistiese, toereikende, konstruktiewe persoonlikheidsamestelling en by die meisies diegene wat in numeries (berekenings) en wetenskap belangstel.

## 9.3 <u>AFLEIDINGS EN GEVOLGTREKKINGS TEN OPSIGTE VAN DIE HIPOTESES GESTEL IN HOOFSTUK 1.</u>

9.3.1 Hipotese 1 het as volg gelui:

'n Positiewe selfkonsep en sosiale selfvertroue hou verband met oorredings- geselligheids- en openbare optredebelangstellings.

9.3.1.1 Oorreding.

(i) Seuns.

Sosiale selfvertroue, maar nie die gemete positiewe selfkonsep nie, hou beduidend verband met 'n oorredingsbelangstelling. Die res van die persoonlikheidseienskappe wat saam met die oorredingsbelangstelling voorkom word voorts beskryf. Dit kan lig werp op die aard van die seun se selfkonsep wat in oorreding belangstel.

Die seun wat in oorreding belangstel, is uit die aard van die saak mensgerig. Die ander persoonlikheidseienskappe wat uitkristalliseer, is hartlikheid, emosionele onstabiliteit en sorgeloosheid. Daar blyk dus 'n mate van emosionaliteit by hierdie seun teenwoordig te wees. Afgesien van die beduidende gemete neiging tot emosionele onstabiliteit of emosionaliteit dui hartlikheid ook op 'n oorheersing van die affek, terwyl sorgeloosheid 'n onverskilligheid impliseer wat ook op 'n gebrek aan emosionele kontrole kan dui. Ekstraversie word deur beide hartlikheid en sorgeloosheid geïmpliseer (Smit, 1981).

(ii) Dogters.

Nie sosiale selfvertroue as sodanig of die gemete positiewe selfkonsep korreleer beduidend met die meisie se oorredingsbelangstelling nie. Hierdie dogter is mensgerig, hartlik, sorgeloos, sosiaal vrypostig, ongeërg en passief. 'n Mens sou hierdie versameling van persoonlikheidseienskappe wel kon interpreteer as 'n aanduiding van sosiale selfvertroue, maar persoonlikheidseienskappe wat

sterker gesuggereer word, is ekstraversie en 'n sekere mate van oppervlakkigheid.

9.3.1.2 Geselligheid.

(i) Seuns.

Weer eens manifesteer die seuns met 'n geselligheidsbelangstelling as mense met sosiale selfvertroue, maar nie met 'n positiewe selfkonsep nie. Die seun wat in geselligheid belangstel, neig tot hartlikheid, sorgeloosheid, sosiale vrypostigheid, groepafhanklikheid, aktiwiteit en ongegekunsteldheid. Hierdie manifestasies kan moontlik op 'n oënskynlike ongeërgdheid dui maar ook van 'n intense behoefte aan aanvaarding. Die seun is uit die aard van die saak ook mensgerig. Let daarop dat afgesien van groepafhanklikheid hierdie reeks persoonlikheidseienskappe almal by die persoon (seun of meisie) voorkom wat in oorreding belangstel. Hierdie seun manifesteer egter nie as emosioneel onstabiel nie en verskil dus in hierdie opsig van die seun wat in oorreding belangstel. Hierdie bevinding kan moontlik as volg verklaar word:

'n Oorredingsbelangstelling kan 'n drang na selfgelding impliseer by die seun wat neig tot emosionele onstabiliteit. As die seun nie as emosioneel onstabiel manifesteer nie, maar nogtans ook nie 'n positiewe selfkonsep het nie, soek hy mense op met wie hy gesellig kan verkeer omdat hy sosiale selfvertroue het, en op 'n ligte trant met mense kan omgaan, wat aan hom 'n bepaalde bevrediging bied.

(ii) Meisies.

'n Positiewe selfkonsep en selfvertroue wat nie op mense betrekking het nie kristalliseer nie as sodanig uit by meisies wat in geselligheid belangstel nie, maar die persoonlikheidseienskappe wat by 'n oorredingsbelangstelling vir albei geslagte en 'n geselligheidsbelangstelling vir seuns na vore gekom het, word ook hier opgemerk, naamlik hartlikheid, sorgeloosheid, sosiale vrypostigheid, groepafhanklikheid en ongeërgdheid. Hierdie meisie is ook ondersoekend ingestel, uiteraard in 'n sosiale konteks. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat die meisie se geselligheidsbelangstelling op 'n begeerte tot aanvaarding deur mense dui, of terugvoering van mense nodig het om haar selfkonsep te verbeter en met sosiale selfvertroue te ontwikkel.

9.3.1.3 Openbare optrede.

(i) Seuns.

Sosiale selfvertroue kom beduidend na vore by die seun wat in openbare optrede belang stel maar nie 'n positiewe selfkonsep nie. Benewens die hartlikheid, sorgeloosheid, sosiale vrypostigheid en mensgerigtheid wat na vore gekom het by mense wat belangstel in oorreding en geselligheid, toon die seun ook die eienskappe van selfgelding en aktiwiteit. Hierdie bevinding impliseer dat die seun wat 'n negatiewe selfkonsep, maar tog sosiale selfvertroue het, homself aktief rig op mense en homself deur openbare optrede wil laat geld om sy selfkonsep te verbeter.

(ii) Meisies.

Die meisies wat in openbare optrede belangstel manifesteer nie as mense wat sosiale selfvertroue as sodanig of 'n positiewe selfkonsep het nie, maar is hartlik, sosiaal vrypostig, selfgeldend en gespanne. Die element van spanning wat manifesteer by meisies wat in die openbaar wil optree is opvallend. Dit is moontlik dat die spanning of rusteloosheid van hierdie meisies in 'n meerdere of mindere mate uit 'n behoefte aan selfgelding spruit, moontlik omdat selfgelding by meisies minder aanvaarbaar is weens die geslagstereotipe as by seuns. Die gespannenheid kan ook aan 'n gebrekkige selfkonsep toegeskryf word.

9.3.1.4 Algemene Afleidings en Voorstelle vir Verdere Navorsing.

(i) Daar kom wel 'n bepaalde patroon van persoonlikheidseienskappe voor by meisies en seuns wat belangstel in oorreding, geselligheid en openbare optrede.

(ii) Persoonlikheidseienskappe wat verdere navorsing mag regverdig, is die gebrek aan emosionele stabiliteit wat manifesteer in die seun wat 'n oorredingsbelangstelling toon, veral as 'n mens dit vergelyk met die seun wat in besigheid belangstel wat as realisties manifesteer en waar daar geen aanduiding van 'n gebrek aan emosionele stabiliteit voorkom nie. Die seun wat in regte belangstel, manifesteer egter spanning, 'n negatiewe selfkonsep, gepaard met selfgelding, wat wel op 'n kompenserende gedragspatroon dui, en wat dus emosionele ondertone kan hê.

(iii) Die groepafhanklikheid wat by beide meisies en seuns met 'n geselligheidsbelangstelling, maar nie by die ander twee belangstellings onder bespreking voorkom nie, is te verwagte. Dit mag egter juis ook 'n gebrek aan sosiale selfvertroue en 'n negatiewe selfkonsep impliseer omdat die groepafhanklike persoon ingestel is op die goedkeuring van die groep.

(iv) Die addisionele persoonlikheidstrekke van selfgelding en spanning wat voorkom by seuns en meisies wat in openbare optrede belangstelling toon, gee aan openbare optrede 'n meer dinamiese of leierseienskap as aan 'n geselligheids- en oorredingsbelangstelling wat skynbaar 'n meer lighartige of oppervlakkige persoonlikheid trek.

(v) As 'n mens Sarbin (1954) se siening onderskryf dat die selfkonsep bestaan uit die manier waarop 'n persoon homself en andere waarneem, asook Burke en Starishevsky (1968) se standpunt dat die persoon se psigologiese beeld van andere 'n integrale deel van sy selfkonsepsisteem is, kan 'n mens die persoon se selfkonsep aflei uit die wyse waarop hy ander benader, byvoorbeeld hartlik, sosiaal vrypostig, ensovoorts.

(vi) By vier van die ses groepe (seuns, meisies : oorreding, geselligheid, openbare optrede) het mensgerigtheid as sodanig uitgekristalliseer.

As die persoonlikheidseienskappe wat by hierdie vier mensgerigte groepe voorkom, ontleed word, word die volgende beeld van die mensgerigte persoon verkry:

Hartlik (4), sorgeloos (4), sosiale selfvertroue (3), sosiale vrypostigheid (3), ongeërgdheid (2), aktief (2), groepafhanklik (1), emosioneel onstabiel (1), selfgeldend (1), passief (1) ongekunsteld (1).

Groepafhanklikheid en mensgerigtheid het net in een van die ses gevalle saam voorgekom. Die groepafhanklike persoon rig homself dus nie aktief op ander nie.

By die seuns wat meer egosterkte openbaar het, het mensgerigtheid sterk na vore getree, terwyl die meisie wat minder selfvertroue en emosionele sekerheid gehad het (sien bespreking van hipotese 2) as groepafhanklik gemanifesteer het.

(vii) Die <u>mensgerigtheid</u> (beweeg na of weg van mense) soos gemeet deur die kwantifisering van die selfbeskrywing stem dus ooreen met die persoonlikheidsdimensie <u>selfgenoegsaamheid</u> op die 16-PF.

(viii) <u>Samevattend</u> ten opsigte van die drie belangstellings : <u>oorredend, geselligheid en openbare optrede</u> kan die volgende gesê word:

(a) Die matriekleerlinge wat in hierdie velde belangstel, is oorwegend ekstravertief (Smit, 1981) en moontlik in 'n mate oppervlakkig of lighartig.

(b) Die matriekleerlinge wat in openbare optrede belangstel kom meer dinamies en selfgeldend voor.

(c) Hartlikheid, sorgeloosheid, sosiale selfvertroue, sosiale vrypostigheid, mensgerigtheid en ongeërgdheid is die persoonlikheidseienskappe wat met hierdie drie belangstellings saamhang. Hierdie persoonlikheidseienskappe impliseer tog 'n positiewe selfkonsep, omdat die persoon homself in terme van ander waarneem. ( Starishevski, 1968).

(d) As 'n mens egter ondersoek instel na die belangstellings waar 'n positiewe selfkonsep gemanifesteer het (meisies : buitenshuis, seuns : kreatiewe denke), is dit duidelik dat die <u>positiewe selfkonsep in terme van objekte eerder as mense na vore gekom het.</u> Die selfkonsep, soos saamgestel deur kwantifisering van die selfbeskrywing was dus nie hoofsaaklik in terme van mense verkry nie. Inderdaad het die proefpersone soms meer sinne aan hulle hantering of belewing van <u>objekte</u> as aan mense gewy. Die afleiding wat hieruit gemaak word, is dat die selfkonsep, soos verkry uit die selfbeskrywing moontlik te swaar gelaai was ten opsigte van voorwerpe of nie-mensgerigte aangeleenthede. Nogtans was daar 'n beduidende korrelasie tussen die selfkonsep- en sosiale-selfvertroueskale, hoewel dit meer in die geval van seuns as van dogters gegeld het.

9.3.2 <u>Hipotese 2</u> lees soos volg:

Mensgerigtheid in kombinasie met minder sosiale selfvertroue en/of 'n minder positiewe selfbeeld, hou verband met 'n sosiale diensleweringsbelangstelling.

9.3.2.1 Sosiale diensleweringsbelangstelling by meisies.

Hierdie meisies is groepafhanklik, wat beteken dat hulle eerder navolgers en aanhangers is, waardeur 'n gebrek aan sosiale selfvertroue geïmpliseer word. Ook hulle skugterheid impliseer 'n gebrek aan sosiale selfvertroue. Mensgerigtheid kristalliseer nie by dié meisies uit nie. Die geheelbeeld wat dus verkry word van die meisie wat sosiale dienslewering wil onderneem, is dié van 'n skugter, groepafhanklike en aktiewe mens met 'n neiging tot emosionele onstabiliteit, wat onder andere kan impliseer dat hierdie meisie dit moeilik vind om die sosiale kontak doeltreffend te hanteer. Die groepafhanklikheid impliseer 'n soeke na aanvaarding en goedkeuring.

Die meisie wat sosiale dienslewering as beroep kies doen dit dus op grond van 'n behoefte aan aanvaarding wat sy verkry deur hulpverlening aan mense. Sy neig dus om hierdie beroep te kies uit 'n gebrek aan egosterkte en die beroep kan dus as 'n aanpassingsmeganisme gebruik word.

9.3.2.2 Sosiale diensleweringsgelangstelling by seuns.

Die persoonlikheidsamestelling van die seun wat 'n sosiale diens wil lewer, sien aansienlik anders uit as dié van die meisie. Die seun wil 'n diens lewer vanuit 'n groter egosterkte as dié van die meisie

Hoewel hy emosioneel gevoelig en inskiklik is, is daar geen aanduiding van 'n gebrek aan emosionele stabili- teit nie. Hy is trouens hartlik, geborge en beskik oor sosiale selfvertroue. Daarby is hy mensgerig op 'n nie-aggressiewe manier.

9.3.2.3 Samevattend.

Die hipotese is dus in meer opsigte waar in die geval van meisies as van seuns, behalwe dat meisies nie mensgerig is in die sin dat hulle graag na mense beweeg nie. Hulle rig hulleself egter op mense wat hulle kan help as aanpassingemeganisme om hulle eie tekortkominge te oorbrug en aanvaar te word deur ander.

In die geval van die seun spruit sy sosiale diensleweringsbelangstelling dus inderdaad uit mensgerigtheid, maar 'n mensgerigtheid gebaseer op geborgendheid en egosterkte.

9.3.3 Hipotese 3 lees as volg:

Passiwiteit, soos gemanifesteer in die selfbeskrywing, hou verband met passiewe belangstelling, byvoorbeeld buitelug, kuns, musiek, letterkunde, ensovoorts. (dit wil sê belangstellings wat nie veel inspanning vereis in die uitlewing daarvan nie, byvoorbeeld luister na musiek).

9.3.3.1 Aktiwiteit/passiwiteit soos gemeet op die 19-VBV het geen beduidende korrelasies gehad met belangstelling in buitelug, letterkunde of kunste nie. Die 19-VBV se passief/aktiefskaal het egter in die geval van meisies 'n hoë belangstelling in musiek gemanifesteer waar die meisie as passief geklassifiseer is.

9.3.3.2 Vir seuns het die selfbeskrywing se passief/aktiefskaal aangetoon dat seuns wat passief is hoë belangstellings in buitenshuis, natuur en meganies getoon het. Vir meisies het daar nie beduidende belangstellings uitgekristalliseer nie, maar daar is wel bevind dat meisies wat aktief is beduidend hoër tellings op buitenshuis, natuur en meganies kry as wat die geval is met seuns.

9.3.3.3 Op die 19-VBV se passief/aktiefskaal het die aktiewe seun 'n hoë historiese, openbare optrede, kreatiewe denke en reisbelangstelling getoon. Hierdie belangstellings impliseer almal 'n ondernemende benadering tot die omgewing of 'n behoefte aan beweeglikheid. Selfs die historiese belangstelling soos gemeet op die 19-VBV impliseer beweeglikheid omdat die items besoeke aan historiese geboue dek eerder as leeswerk oor die geskiedenis.

9.3.3.4 Op die 19-VBV se passief/aktiefskaal het die aktiewe meisie 'n hoë wetenskaplike, welsyn-, prakties-vroulike, prakties-manlike, en sportbelangstelling getoon, terwyl die passiewe meisie in oorreding en musiek belanggestel het. As die passiewe meisie in musiek belang stel kan afgelei word dat hierdie belangstellings nie beroepsgerig is nie.

9.3.3.5 Die 19-VBV se passief/aktiefskaal blyk 'n goeie aanduiding te kan gee van 'n meisie se gemiddelde matriekprestasie. Die aktiewe meisie se gemiddeld is beduidend beter. Die aktiewe dogter kristalliseer ook beduidend uit as 'n oorpresteerder op skool.

9.3.3.6 Die enigste beduidende korrelasie wat daar met die passief/aktiefskaal van die selfbeskrywing met skoolprestasie verkry is, is dat die aktiewe seun goed presteer in Afrikaans in matriek ($r = 0{,}31$).

9.3.3.7 Daar is geen beduidende korrelasie tussen die passief/aktiefskaal soos saamgestel uit die selfbeskrywing, en die passief/aktiefskaal op die 19-VBV nie. Dit is verder duidelik dat die 19-VBV se passief/aktiefskaal 'n meer effektiewe voorspeller van prestasie en belangstellings is as die passief/aktiefskaal van die persoonlikheidskale. Vir die doel van hierdie studie was die passief/aktiefskaal van die selfbeskrywing dus nie suksesvol nie. Dit moet egter in ag geneem word dat die passiwiteit en aktiwiteit wat op die selfbeskrywing gemanifesteer het, nie beroepsgerig was nie en baie met die persoon se vryetydsbesteding, sport, ensovoorts te doen gehad het. Dit kan dus ook beteken dat die persoon wat aktief in sy vryetydsbesteding is, nie noodwendig aktief beroepsgerig of aktief in sy skoolwerk is nie. Inderdaad manifesteer die ondersoekende seun wat analities en eksperimenteel ingestel is (Smit, 1981) as stokperdjie- (en nie werkgerig nie) op die 19-VBV. Daar kan in hierdie geval van die ondersoekende seun gespekuleer word dat die skoolprogram nie genoeg stimulasie en geleentheid tot vrydenkende ondersoek bied nie en dat hy dit dus eerder in sy vryetydsbesteding tot uiting bring.

9.3.3.8 Die passief/aktiefskaal soos ontwikkel uit die selfbeskrywing het skynbaar te min verband met beroepsaktiwiteit of -passiwiteit en die 19-VBV se passief/aktiefskaal is 'n meer effektiewe aanduider van die persoon se ingesteldheid (passief/aktief) jeens sy skoolwerk en beroep.

9.3.4 Hipotese 4 lui as volg:

Ontoereikende realisme, soos waargeneem in die selfkonsepskaal, hou verband met geslagsrolidentifikasieprobleme, soos afgelei uit die 19-VBV.

9.3.4.1 Om hierdie hipotese te toets, is beide die 16-PF en die Kuder bygebring as addisionele meetinstrumente.

9.3.4.2 Die selfkonsepskaal soos verkry uit die selfbeskrywing korreleer nie as sodanig beduidend met die geslagsrolafwykende seun nie. Die enigste twee persoonlikheidsdimensies op die 16-PF wat beduidend aan hierdie seun gekoppel kan word, is hartlikheid en emosionele gevoeligheid. Inderdaad is die teenpool van emosionele gevoeligheid op die 16-PF realisme, dus manifesteer 'n gebrek aan realisme inderdaad maar nie uit die selfkonsepskaal nie.

9.3.4.3 By geslagsrolafwykende dogters word presies die teenoorgestelde bevind. Hierdie dogter het 'n beduidende positiewe selfkonsep soos verkry uit die selfbeskrywing en is emosioneel stabiel. Haar benadering tot haar omgewing is meer daadwerklik en prakties, soos blyk uit die kombinasie van haar natuur- en wetenskaplike belangstellings. By die seun is daar 'n vermyding van buitelug-wetenskaplike en meganiese beroepe, terwyl hy meer mensgerig is.

9.3.4.4 Die hipotese word dus verwerp vir meisies, en eintlik kan dit ook nie beweer word dat die seun onrealisties in sy beroepskeuse is nie, want hy vermy dit wat hy nie kan doen nie en lê hom toe op sy beste vermoëns, naamlik om mense te oorreed, 'n diens of 'n sosiale diens aan hulle te lewer. Dit is opvallend dat beide die onpersoonlike dienslewering en die meer persoonlike sosiale dienslewering deur die geslagsrolafwykende seun gekies word. Die seun (oor die algemeen, en nie beperk tot geslagsafwykend nie, maar moontlik tog ook van toepassing) wat in sosiale dienslewering belangstel, projekteer ten spyte van sy emosionele gevoeligheid 'n groter egosterkte as die seun wat 'n diensberoep kies. Die seun wat 'n diensberoep kies manifesteer inderdaad as emosioneel gevoelig, emosioneel onstabiel en agterdogtig.

9.3.5 Hipotese 5 lui as volg:
Sekere persoonlikheidsdimensies, byvoorbeeld passiwiteit, selfkonsep, ensovoorts hou verband met

(i) intelligensie
(ii) skoolprestasie
(iii) oor/onderprestasie op skool.

9.3.5.1 Die persoonlikheidsdimensies saamgestel uit die selfbeskrywing en die 16-PF het as volg beduidend met intelligensie, skoolprestasie en onder/oorprestasie gekorreleer:

| | 16 PF-skaal | Intelligensie en Akademies |
|---|---|---|
| (i) | Seuns. | |
| | selfgelding | - goeie Wiskundeprestasie |
| | sosiale vrypostigheid | - goeie Wiskunde en Engels |
| | emosionele gevoeligheid | - oorprestasie |
| | intelligent | - goeie matriek en goed in alle vakke, intelligensie |
| (ii) | Meisies. | |
| | hartlik | - oorprestasie |
| | aktief | - goeie matriekresultate en oorprestasie |
| | skugter | - hoë intelligensie, hoë prestasie in Afrikaans |
| | ongeërg | - hoog in Engels |

9.3.5.2 Dit is opvallend dat dit juis die sosiaal vrypostige seun wat waaghalsig en mensgerig is wat goed presteer in wiskunde. So ook die selfgeldende seun. Albei hierdie eienskappe (sosiaal vrypostig en selfgeldend) impliseer 'n bepaalde selfvertroue. Die indruk word dus hier verkry dat die seun uit 'n bepaalde egosterkte goed presteer in wiskunde.

9.3.5.3 Die meisie wat egter oorpresteer, het 'n beduidend swakker selfbeeld as die oorpresterende seun (sien tabel 7 en 8) wat prestasie as kompensasie of aanpassingsmeganisme aanwend om sodoende erkenning te kry.

9.3.5.4 Tog kry 'n mens 'n soortgelyke verskynsel by die seun wat emosioneel gevoelig is en ook oorpresteer. Die persoonlikheid van die emosioneel gevoelige seun verskil sterk van die sterker persoonlikheid van die sosiaal sorgvrye en selfgeldende seun.

9.3.5.5 Oorprestasie kom dus beide by die seun en die dogter as 'n kompenserende gedragspatroon voor en is 'n poging om erkenning of aanvaarding te kry.

9.3.5.6 Soos verwag kan word presteer die aktiewe seun en dogter beter in matriek as die passiewe seun en dogter.

## 9.4 EVALUERING VAN DIE BEROEPSTEORIEë SOOS BESKRYF IN HOOFSTUK 3.

9.4.1 In hierdie studie is daar tog ten spyte van Super en Bachrach (1957) se kritiek ondersteuning gevind vir die teorieë van Trekke en Faktore, aangesien bepaalde persoonlikheidstrekke beduidend saam met sekere beroepsbelangstellings voorgekom het.

9.4.2 Hoewel die teorieë geformuleer in terme van psigodinamiese aspekte 'n skynbare teenstelling met die teorieë van Trekke en Faktore vorm, is daar vir hierdie teorie ook ondersteuning in hierdie studie gevind, omdat daar aangetoon is hoedat matrikulante beroepsbelangstellings toon wat aangedryf word deur motiewe en dryfvere, byvoorbeeld 'n behoefte aan aanvaarding neig om 'n dogter te lei na 'n maatskaplike diensleweringsberoep.

9.4.3 Ook die <u>Psigo-analitiese</u> teorieë vind ondersteuning omdat daar beduidende aanduidings is dat die matrikulant se beroepsbelangstellings sy persoonlikheid reflekteer, byvoorbeeld die emosioneel gevoelige mense wat beroepe in die lettere en kunste wil beoefen waar sublimasie deur kreatiwiteit moontlik is. Bordin (1943) sien vryheid ten opsigte van beroepskeuse as 'n voorvereiste vir die toepassing van die psigo-analitiese teorieë. Inderdaad het die jongmens in die Suid-Afrikaanse blanke gemeenskap soos verteenwoordig deur die steekproef vir hierdie studie 'n hoë mate van vryheid - wat beroepskeuse betref.

9.4.4 Die teorie van <u>Behoeftebevrediging</u> word ook ondersteun deur die resultate van dié studie. So kan dieselfde beroep deur die verskillende geslagte gekies word om uiteenlopende behoeftes te bevredig, byvoorbeeld die seun kies 'n besigheidsberoep om geld te maak, maar die meisie kies 'n besigheidsberoep meer uit mensgerigtheid en neig selfs om inskiklik in haar benadering tot mense te wees.

9.4.5 Ook <u>Ginzberg</u> se teorie van <u>ontwikkeling</u> is van toepassing op die resultate van hierdie studie omdat die matrikulant in 'n bepaalde ontwikkelingsfase is en omdat elkeen in 'n praktiese situasie verkeer waarin hy 'n kompromis tussen die ideaal en die eise van die realiteit moet tref. Hierdie is 'n aangeleentheid wat in die onderhoud met die kliënt bespreek behoort te word.

9.4.6 <u>Super se teorie</u> word ook in die resultate gedemonstreer, byvoorbeeld dat mense verskil ten opsigte van vermoëns, belangstellings en persoonlikhede, dat hierdie eienskappe hulle geskik maak vir 'n <u>aantal</u> beroepe en dat elke beroep 'n verskeidenheid van individue toelaat. Die selfkonsep word deur Super beklemtoon in sy teorie, asook die noodsaaklikheid van 'n kompromis.

9.4.7 Die interpretasie van beroepskeuse in terme van algemene ontwikkeling soos op die Arden House-konferensie uiteengesit is, word goed gedemonstreer in hierdie studie, naamlik dat beroepskeuse daarin bestaan dat daar 'n kompromis of sintese van persoonlike en sosiale faktore, selfkonsep en realiteit, nuut aangeleerde response en bestaande reaksiepatrone bewerkstellig word.

9.4.8 Samevattend is dit dus duidelik dat heelwat van die bestaande beroepsteorieë sinvol in beroepsleiding geïnkorporeer kan word en dat dit die beroepsvoorligter kan help om meer effektiewe beroepsleiding te gee deur op hoogte te wees van die verskillende beroepsbenaderings, waaruit hy vir homself 'n eklektiese benadering kan ontwikkel met behulp van praktiese ervaring in die beroepsleidingsveld.

## 9.5 BESPREKING VAN ENKELE NAVORSINGSRESULTATE UIT DIE LITERATUURSTUDIE, GESIEN IN DIE LIG VAN DIE RESULTATE VAN HIERDIE STUDIE.

9.5.1 Thompson (1972) se bevinding was dat mense met 'n positiewe selfkonsep selfgeldend is en geneë is om hulle gevoelens en behoeftes teenoor ander uit te druk. Die volgende is bevind ten opsigte van die mate waarin hierdie eienskappe 'n beduidende verband met beroepsbelangstellings toon:

9.5.1.1 Die enigste belangstellingsveld waarin selfgelding voorkom asook 'n geneëntheid om behoeftes en gevoelens teenoor ander uit te spreek, is die openbare optredebelangstelling vir beide meisies en seuns. 'n Positiewe selfkonsep as sodanig is nie in hierdie geval vasgestel nie, maar wel sosiale selfvertroue by die seun.

9.5.1.2 In die geval van die seun wat 'n regsbelangstelling het, is die bevinding teenstrydig met dié van Thompson, omdat die seun selfgeldend en sorgeloos (dit wil sê spraaksaam en ekspressief) is, maar 'n negatiewe selfkonsep toon.

9.5.1.3 Wat 'n sosiale dienslewerings belangstelling betref, word wel gevind dat die seun se persoonlikheidstrekke 'n meer positiewe selfkonsep suggereer en dat hy meer sosiale selfvertroue, hartlikheid en sosiale ekspressiwiteit toon. Hy is egter geneig tot inskiklikheid. Die dogter, daarenteen, wie se persoonlikheidstrekke 'n meer negatiewe selfkonsep suggereer, is inderdaad skugter en groepafhanklik. Thompson se bevindings in sy studie word dus die sterkste ten opsigte van die sosiale diensleweringsbelangstelling gesteun, hoewel ook nie ten volle nie.

9.5.1.4 Samevattend word Thompson se bevindings in 'n beroepsleidingkonteks nie werklik deur hierdie navorsing ondersteun nie, hoewel dit ook voorkom asof sy bevinding meer van toepassing is op bepaalde mensgerigte belangstellingsvelde as op ander.

9.5.2 Burke en Reitzes (1981) se bevinding was dat selfkonsep direk gekoppel is aan gedrag. Dit word duidelik gedemonstreer deur die daadkragtigheid van die seun met 'n positiewe selfkonsep wat in kreatiewe denke belangstel sowel as die dogter met die positiewe selfkonsep wat in wetenskap belangstel. Hoewel nie as sodanig beduidend gemeet nie, is 'n geïmpliseerde negatiewe selfkonsep byvoorbeeld by die dogters se welsynbelangstelling en die seun se diensbelangstelling ook aanleidend tot die dienslewerende beroepe wat erkenning mag bring.

9.5.3 Le Roux (1955) se bevinding dat die goedaangepaste groep meer in wetenskap belangstel as 'n ongeselekteerde groep is waar van meisies in hierdie studie, maar nie beduidend ten opsigte van die seuns nie.

9.5.4 Super en Crites (1969) se bevinding dat die introvert 'n laer belangstelling in oorredend het en die ekstravert 'n bo-gemiddelde belangstelling in oorredend, is deur die resultate van hierdie studie onderskryf.

9.5.5 Feather (aangehaal in Super en Crites, 1969) het bevind dat normale mense hoër tellings in meganies en wetenskap behaal het en wanaangepastes hoër tellings vir musiek, literatuur en kuns. Die resultate van hierdie studie dui daarop dat sekere tipes van persoonlikhede wat veral in 'n duidelik waarneembare persoonlikheidsgroepering by bepaalde groepe meisies en bepaalde groepe seuns voorkom, neig om sekere belangstellings te hê. Die stelling wat Feather maak, is egter te wyd en te vaag. Differensiasie tussen die geslagte moet gemaak word. Ook is dit nie altyd so maklik om te onderskei tussen "waanaangepaste" en "normale" mense nie.
Super en Crites (1962) se bewering dat persoonlikheidsaanpassing in die sin daarvan dat jy gevoelens van toereikendheid en sekuriteit ervaar nie verband hou met belangstellingspatrone nie, is foutief bewys.

In die bespreking van die 19-VBV se prakties-vroulike belangstellings (p110) is dit genoem dat 'n beduidende prakties-vroulike belangstelling by 'n seun op moontlike identifikasieprobleme kan dui. Dit is nie in hierdie studie bevind nie. Ander belangstellings, byvoorbeeld diens, of 'n gebrek aan 'n meganiese belangstelling was 'n meer effektiewe aanduider van "geslagsrolafwyking". Hiervoor kan daar verskeie moontlike redes wees:

- Die geslagsrolafwyking wat in hierdie studie bereken is op grond van "manlike" en "vroulike" belangstellings mag moontlik nie 'n beduidende verband hê met geslagsrolidentifikasieprobleme nie.
- Die seun wat tot vroulikheid neig, mag op grond van selfbewustheid nie sy prakties-vroulike belangstellings op die 19-VBV toon nie, terwyl 'n normale seun dit onbedreigend mag vind om aan te dui dat hy van koskook hou.

Opmerking:
Indien die relatiewe vlakke van prakties-manlik en prakties-vroulik by die seun 'n beduidende rol gespeel het om "geslagsrolafwyking" aan te dui, sou die regressie-ontleding dit uitgewys het.

### 9.5.6 Navorsing in verband met selfkonsep.

9.5.6.1 Die selfkonsep soos in hierdie studie saamgestel uit die kwantifisering van die selfbeskrywing voldoen net gedeeltelik aan die vereiste van geldigheid.

9.5.6.2 Sarbin (1964) definieer selfkonsep as dit wat die persoon glo hyself is - die kombinasies van al die dinge wat hy omtrent homself waarneem. Die selfkonsep, soos in hierdie studie gemeet, kom ooreen met hierdie definisie van Sarbin. Starishevski beklemtoon dit egter dat die selfkonsep nie net dit is wat die persoon omtrent homself waarneem nie, maar ook dit wat hy omtrent ander waarneem. Hierin het die selfbeskrywing as meetinstrument tekort geskiet, omdat die klem is op beskrywing van die self, terwyl die beskrywing van ander en hoe die persoon ander waarneem, nie prominent in die selfbeskrywing van matrikulante voorgekom het nie, trouens, dit het dikwels glad nie voorgekom nie.

9.5.6.3 Rockeach (1980) sê die selfkonsep is hoe jy jouself aanbied - ook jou behoeftes (van Rooyen, 1980) waartoe jy dink jy in staat is en jou aspirasies (Healy, 1975). In die selfbeskrywing het die matrikulant oorwegend al hierdie velde gedek, maar waar dit weer eens tekort geskiet het, is in die beskrywing van ander. Starishevski (1968) beweer dat die persoon se psigologiese beeld van ander 'n integrale deel van sy selfkonsepsisteem is. Soos voorheen aangedui, het die selfkonsep (positief of negatief) meer ten opsigte van voorwerpe na vore gekom as ten opsigte van mense. Die enigste mensgerigte belangstelling (maar ook slegs by implikasie) waar die selfkonsep beduidend na vore gekom het, was by die seun wat in regte belangstel. Hy het 'n negatiewe selfkonsep getoon.

9.5.7 Navorsing oor geslagsrolverskille.

9.5.7.1 Pitman en Hansen (1972) se bevinding dat meisies oor die algemeen 'n meer negatiewe selfbeeld het as seuns, is deur hierdie studie se bevindings ondersteun.

9.5.7.2 Die navorsingsresultate van Manharat (1972, aangehaal in Lee et al, 1981) word in hierdie studie ondersteun. Hy bevind dat die verskille wat daar bestaan in die houding van vrouens teenoor hulle beroep nie aan geslag as sodanig toegeskryf kan word nie, maar aan die oriëntasie van die vroulike werker. Vrouens wat hulle beroep sien as 'n loopbaan (langtermyn) se werkshoudings stem ooreen met dié van mans. Hoewel Manharat sy navorsing gedoen het met vrouens wat reeds beroepe beoefen, word

hierdie tendens in hierdie studie reeds waargeneem by die matriekmeisie wat in beroepe tipies van seuns belangstel eerder as in dié beroepe van die dogter wat aan die stereotipe vroulike rol van huislikheid en versorging voldoen (prakties-vroulike en maat- skaplike diensleweringsbelangstellings). Hierdie dogter wat meer manlike belangstellings het en beroepe kies wat vir haar 'n loopbaan gaan bied en waarskynlik daartoe sal lei dat sy 'n beroepsvrou word (wetenskap, meganies, natuur, berekenings) is realisties, emosioneel stabiel, het 'n hoër superegosterkte en is meer dinamies. Haar persoonlikheid stem ooreen met dié van die normale seun wat homself toereikend kan handhaaf en realisties en dinamies op sy toekoms gerig is.

9.5.7.3 Die bewerings van Wiechers (1979) dat die meisie graag met waardes wat hoog geag word vir haar geslag identifiseer (vroulik, versorgend) en dat akademiese prestasie nie deur haar hoog geag word nie, word as as volg deur hierdie studie toegelig:
Dit is die emosioneel onstabiele, onseker dogter wat belangstellings in prakties-vroulike en sosiale dienslewerende beroepe toon.

## 9.6 DIE WAARDE VAN HIERDIE STUDIE MET BETREKKING TOT BEROEPSLEIDING.

Hierdie studie bied ten spyte van bepaalde beperkinge heelwat bruikbare inligting omtrent die verband tussen belangstellings, persoonlikheidseienskappe, intellek en prestasie, en toon bepaalde tendense aan wat met sekere belangstellings en belangstellingspatrone saamhang. Die beroepsvoorligter kan hierdie inligting gebruik om perspektief in sy metode van beroepsleiding te ontwikkel. Die resultate van hierdie studie behoort die beroepsvoorligter ook op te skerp ten opsigte van moontlike persoonlikheidstendense wat saam met bepaalde belangstellings voorkom.

## 9.7 AANBEVELINGS.

Heelwat navorsing is nog nodig veral ten opsigte van die selfkonsep voordat meer duidelike uitsprake gegee kan word oor die rol van die selfkonsep in beroepsleiding. 'n Groter steekproef behoort gebruik te word en 'n meer verteenwoordigende steekproef van die Afrikaanse matriekleerling kan byvoorbeeld by 'n skool of skole in teenstelling met die NIPN se geselekteerde beroepsleidingskliënte verkry word. Dit sal ook interessant wees om Afrikaans- en Engelssprekende matrikulante te vergelyk wat betref die selfkonsep se invloed op beroepskeuse.

Die gehalte van beroepsleiding in Suid-Afrika kan aansienlik verbeter. In baie instansies word daar op 'n meganistiese wyse beroepsleiding gedoen, hoofsaaklik op grond van gemete belangstellings en vermoëns. Dit is noodsaaklik dat daar meer aandag aan die persoonlikheidsamestelling, veral die selfkonsep gegee word.

Die beroepsleidingsonderhoud kan verbeter word deur die kliënt meer inligting omtrent homself te gee en hom te help om hierdie inligting te benut en te verwerk om sodoende 'n realistiese kompromis in sy beroepskeuse te bewerkstellig.

# BIBLIOGRAFIE


1. Alberts N.F.
Kernelemente in Voorligting.
J.L. van Schaik Bpk., Pretoria, 1974.

2. Anastasi A.
Psychological Testing.
Macmillan Publishing Co., Inc., New York, 1976

3. Ashby J.D., Wall H.W., & Osipow S.H.
Vocational Certainty and Indicision in College Freshmen.
Personnel & Guidance Journal Vol. 44, 1966, p.1037 - 1041

4. Baizerman M. & Cooper N.C.
Working Youths : Select Findings from an Exploratory Study.
Journal of Youth & Adolescence, Vol.3, No.1, 1974.

5. Batson C.D., Duncan B.D., Ackerman P., Buckley T., & Birch K.
Is Empathic Emotion a source of altruistic motivation?
Journal of Personality & Social Psychology, Vol. 40, No. 2 1981, p290 - 302.

6. Bem S.L., Martyna W., & Watson C.
Sex-typing & androgyny : Further explorations of the expressive domain.
Journal of Personality & Social Psychology, Vol. 43, 1976, p1016 - 1023.

7. Bledsoe J.C.
Vocational orientation of college women as related to selected personality characteristics.
Psychological Reports, Vol. 42, 1978, p835 - 841.

8. Blocher D.H.
Wanted: A science of human effectiveness.
Personnel & Guidance Journal Vol. 44, Maart 1966.

9. Bottoms G & Sharpe D.
Career Education : A broadening educational perspective.
The School Counselor, Vol. 21, 1973, p.121 - 128

10. Boy A.V. & Pine G.J.
Avoiding Counselor Burnout Through Role Renewal.
The Personnel & Guidance Journal Nov. 1980, p.161 - 163.

11. Brammer L.M. & Shostrum E.L.
Therapeutic Psychology (2nd Ed).
Prentice Hall Inc., Engelwood Cliffs, New Jersey, 1968.

12. Brissett D.
Toward a Clarification of self-esteem
Psychiatry, Vol.35(3) 1972 p.255 - 263.

13. Burke P.J. & Reitzes D.C.
The Link Between Identity and Role Performance.
Social Psychology Quarterly, Vol.44, No. 2, 1981 p.83 - 92.

14. Burke P.J. & Tully J.
The Measurement of Role Identity.
Social Forces 55, 1977, p.881 - 897.

15. Champoux J.E.
An exploratory Study of the Role of Job Scope, Need for Achievement, and Social Status in the Relationship between Work and Non-work.
Sociology & Social Research Vol. 65, No. 2, 1981, p.153 - 176.

16. Christierson V.A.B.
A Framework for Vocational Counselling within the Organizational Context.
Special Report NIPR. PERS 294, Johannesburg S.A., Sept 1979.

17. Connolly S.G.
Changing Expectancies : A Counseling Model based on Locus of Control.
The Personnel & Guidance Journal, November 1980, p.176 - 179.

18. Cook B. & Stone B.
Counseling Women.
Houghton Mifflin Co., Boston 1973.

19. Crites J.O.
Vocational Psychology
McGraw Hill Book Co., New York, 1969.

20. CSIR Contract Report C/Pers 298
Careers Counselling and Vocational Information Services in Johannesburg.
Submitted to the Johannesburg Regional Committee of Manpower 2000.
NIPR, Johannesburg, R.S.A. Nov. 80.

21. Diggory James C.
Self-evaluation : Concepts and Studies.
John Wiley & Sons, New York, 1966.

22. Division of Industrial-Organizational Psychology American Psychological Association 1980.
Principles for the Validation and Use of Personnel Selection Procedures, Second edition.

23. Dunlop C.R.S.
Professional Educators, Parents & Students Assess the Counselor's Role.
Personnel & Guidance Journal, Vol. 3, June, 1965, p.1924 - 1028.

24. Durandt B.J.V.
'n Ondersoek na die Betekenis van Toekomsperspektief en Toekomsgerigtheid by die doen van 'n Beroepskeuse.
M.Ed-verhandeling U.P. 1968.

25. Epperson D.L. & Hammond D.C.
Use of Interest Inventories with Native Americans : A Case for Local Norms.
Journal of Counseling Psychology, Vol. 28, No.3, 1981, p.213 - 226.

26. Farmer H.S.
What Inhibits Achievement and Career Motivation in Women.
The Counseling Psychologist, Vol. 1, 1976, p.5 - 20.

27. Feinberg M.
Development of a Vocational Counselling Programme at Secondary School.
NIPR, CSIR, Special Report, PERS 99 Johannesburg, RSA, Nov. 1979.

28. Flake M.H., Roach A.J.Jr & Stenning W.F.
Effects of Short-term Counseling on Career Maturity of Tenth-grade Students.
Journal of Vocational Behaviour, Vol. 6, 1975, p.73 - 80.

29. Frey D.H. & Heslet F.E.
Existential Theory for Counsellors.
Houghton Mifflin Co., 1975.

30. Fyfe B.
Counselling and Human Sexuality : A Training Model.
The Personnel and Guidance Journal, Nov. 1980, p.147 - 150

31. Ginzberg E.
Toward a Theory of Occupational Choice; A Restatement.
Vocational Cuidance Quarterly Vol.20, 1972, p.169 - 176.

32. Gladstein, G.A.
Client Expectations, Counseling Experience and Satisfaction.
Journal of Counseling Psychology, Vol. 16, Nov. 1969. p.476 - 481.

33. B. Glazer & H. Kirschenbaum
Using Values Clarification in Counseling Settings.
The Personnel & Guidance Journal May 1980. p.569 - 575.

34. Gottfredson G.D. & Holland J.L.
Vocational Choices of Men and Women. A Comparison of Predictors from the Self-directed Search.
Journal of Counseling Psychology 1975, Vol 22, No.1, p.28 - 34.

35. Gray J.D.
Counseling Women who want both a Profession and a Family.
The Personnel & Guidance Journal September 1980. p.43 - 46.

36. Gynther M.D., Burkhart, B.R. & Hovanitz C.
Do face-valid items have more predictive validity than subtle items? The case of the MMPI PD scale.
Journal of Consulting & Clinical Psychology, Vol. 47, 1979, p.295 - 300.

37. Healy C.C.
Career Counseling for Teachers & Counselors.
Houghton Mifflin Co., 1975.

38. Healy C.C.
Interrelationships among indexes of Vocational Maturity
Vocational Guidance Quarterly, Vol 23(2), Dec.1974, p.146 - 151.

39. Hohenshil T.H.
The vocational education view of Guidance and Counseling.
The Personnel and Guidance Journal, June 1980, p.668 - 669.

40. Holden R.R. & Jackson D.N.
Subtlety, information and Faking Effects in Personality Assessment.
Journal of Clinical Psychology, Vol.37, Nr.2, April 1981.

41. Holland J.L.
Making Vocational Choices : A Theory of Careers.
Prentrice Hall, Englewood Cliffs : 1973.

42. Holland J.L. & Holland J.E.
Vocational Indecision : More evidence & speculation.
Journal of Counseling Psychology, Vol. 24, 1977, p.404 - 414.

43. Holland J.L. & Nichols R.C.
Explorations of Vocational Choice III
A longitudinal Study of Change in Major Field of Study
Personnel & Guidance Journal, Vol. 43, 1964, p.235 - 242.

44. Holland J.L. & Nichols R.C.
The Development & Validation of an Indecision Scale : The Natural History of a Problem in Basic Research.
Journal of Counseling Psychology Vol. 11 1964, p.27 - 34.

45. Hollander J.
Sex differences in sources of Social Self-esteem.
Journal of Consulting and Clinical Psychology, Vol. 28, 1972, p.129 - 156.

46. Hudson J. & Danish S.J.
The Acquisition of Information : An Important Life Skill.
The Personnel & Guidance Journal, November, 1980.
p164 - 167.

47. Jaccard J.
Toward Theories of Persuasion & Belief Change
Journal of Personality & Social Psychology, Vol. 40 No. 2,
1981, p.260 - 269

48. Jackson D.
Alienation and Identity - role diffusion in late adolescence
Journal of Psychology, 83, 1973. p.251 - 255

49. Jackson, D.W.
Stage Factors relating alienation and self-role diffusion.
Journal of Vocational Behaviour, 5, 1974, p.269 - 274.

50. Johnson J.A.
The "self-disclosure" and "Self-Presentation" views of item response dynamics and personality scale validity.
Journal of Personality & Social Psychology. Vol.40, No. 4,
1981, p.761 - 769

51. Jones L.K. & Chenery M.F.
Multiple Subtypes among vocationally undecided college students : A model and assessment instrument.
Journal of Counseling Psychology. Vol.27, No.5, 1980, p.469 - 477.

52. Kahn T.C. & Cameron J.T. & Griffen M.B.
Methods and Evaluation in Clinical & Counseling Psychology.
Pergamon Press, New York, 1975.

53 Kavanagh H.B.
Some appraised instruments of values for Counselors.
The Personnel and Guidance Journal, May 1980.
p.613 - 616.

54. Kelly, Helen Marguerite Ph.D.
The University of Alabama, 1978. 78pp.
Self-esteem as a correlate of the vocational attitude of high school students.
Abstract from Education, Guidance and Counseling 2066-A order no. 7819187.

55. King P.T. & Neal R.
Ego Psychology in Counseling.
Houghton Mifflin Co., Boston 1968.

56. Kohlberg L. & Wasserman E.R.
The cognitive - developmental approach and the practising counselor : an opportunity for counselors to rethink their roles.
The Personnel & Guidance Journal, May 1980. p.559 - 575.

57. Korman H.K.
Self-Esteem variable in vocational Choice p.221 - 230.
in
Zytowski D.G.
Vocational Behavior, Holt, Rinehart & Winston Inc., New York, 1968.

58. Korman, H.K.
Toward a hypothesis of work Behavior.
Journal of Applied Psychology, Vol. 54, 1970, p.31 - 41.

59. Kruger O.
Psychological Techniques for the assessment of an individual's potential, and for the prediction of his future behaviour in the work situation
Paper submitted to the Professional Board for Psychology, S.A. Medical & Dental Council, in accordance with the requirements for admission to the examination for unregistered Industrial Psychologists. Jhb., R.S.A. Nov. 1977.

60. Krumboltz J.D.
Parable of the Good Counselor, Personnel & Guidance Journal, Vol. 43, Oct. 1964.

61. Kuder F.
Career Matching
Personnel Psychology Vol. 30, 1977, p.1 - 4.

62. Kuhlen R.G.
Needs, Perceived Need satisfaction opportunities and satisfaction with occupation in
Zytowshi D.G.
Vocational Behavior, Holt., Rinehart & Winston, New York, 1968.

63. Lake, D.G. et al
Measuring human behaviour
Teacher's College Press, Columbia University, New York & London
1973.

64. Lätti V.I.
Die NIPN se voorligtingsdiens en navorsing oor loopbaanvoorligting.
Referaat gelewer by die jaarlikse kongres van die Genootskap van Universiteitsvoorligters. Universiteit van Pretoria, 22 en 23 Sept. 1980.

65. Lätti V.I., Marnitz U., Ramsay S.A., Raubenheimer L.
Vocational Counselling - Proceedings of symposium held on 14th October 1977 at NIPR, Johannesburg
NIPN, WNNR. S164, Johannesburg R.S.A. Oct. 1977

66. Lätti V.I., Shannon B.A., Visser B.L.
Personnel and Careers Counselling Practices and facilities for the development of black workers in S.A.
The Urban Foundation.
NIPR, CSIR. Contract Report C/Pers 261, Johannesburg, R.S.A., Dec. 1977.

67. Leach, J.J.
The Career Planning Process
Personnel Journal, April 1981, p.283 - 287.

68. Lee R., Mueller L.B. & Miller K.J.
Sex, Wage-earner status, occupational level & job satisfaction.
Journal of Vocational Behavior Vol. 18, 1981, p.362 - 373.

69. le Roux A.G.
'n Vergelykende studie oor beroepsbelangstelling en persoonlikheidseienskappe by 'n groep hoërskoolseuns.
M.A.-verhandeling U.P. 1955.

70. Lindhard, N.
Beroepe en Studierigtings
Tafelberg, 1978.

71. Lourens, P.J.D.
Die opstel van 'n Suid-Afrikaanse Belangstellingstoets.
D.Litt. et Phil. proefskrif R.A.U. 1970.

72. McCall G.J. & Simmons J.L.
Identities & Interactions.
Collier-MacMillan Canada, Ltd., Toronto, 1966.

73. D.B. McFarlin & J. Blascovich
Effects of self-esteem and performance feedback on future affective preferences and cognitive expectations
Journal of Personality & Social Psychology, Vol. 40, No.3 1981, p.521 - 531.

74. Marr, E.
Some behaviours and attitudes relating to vocational choice. Journal of Counseling Psychology, Vol. 12, 1965, p.404 - 408.

75. Martin A.M.
The Theory of Practice of Communicating Educational & Vocational Information
Houghton Mifflin Co., Boston, 1971.

76. Melamed S. & Meir E.I.
The Relationship between interests - Job incongruity and selection of avocational activity.
Journal of Vocational Behaviour Vol. 18, 1981, p.310 - 325.

77. Metcalfe Beverly M. Alban
Self-concept and attitude to School
Br. J. Educ. Psychology, Vol. 51 1981, p.66 - 76

78. Matteson M.T., McMahon J.T. & McMahon M.
Sex differences and job attitudes: Some unexpected findings.
Psychological Reports, Vol. 35, 1974, p.1333 - 1334.

79. Miley William M.
Self-awareness and altruism
The Psychological Record, Vol. 30, 1980, p.3 - 8.

80. Miller S Jr.
Relationship of Personality to Occupation, Setting and function in
Zytowski D.G., Vocational Behavior Holt, Rinehart & Winston Inc., New York, 1968.

81. Miller M.J. & Cochran J.R.
Comparison of the effectiveness of four methods of reporting interest inventory results.
Journal of Counseling Psychology, Vol. 26 no. 3, 1979, p.263 - 266.

82. Miner, J.B.
Studies in Management Education
Springer Publishing Co., Inc., New York, 1965.

83. Momberg A.P. & Page H.W.
Self-esteem of coloured and white scholars and students in South Africa.
The Journal of Social Psychology, 102, 1977, p.179 - 182.

84. Mursell James L.
Psychological Testing
Columbia University, Longmans, Green & Co., New York, London, Toronto.

85. Nie N.H., Hill C.H., Jenkins J.G. et al
Statistical Packages for the Social Sciences, Second Edition.
Mc Graw-Hill, New York. 1975.

86. O'Leary V
Some attitudinal barriers to occupational aspirations in Women.
Psychological Bulletin
Vol.81, No. 11, 1974, p.809 - 826.

87. O'Leary V.E.
Toward understanding women.
Monteray, California, Brookes/Cole, 1978.

88. Oliver, L.W.
Outcome measurement in career counseling research.
Journal of Counseling Psychology, Vol. 26, No. 3, 1979, p.217-226.

89. Oppenheimer E.A.
The Relationship between certain self constructs and occupational Preferences p214 - 221.
in
Zytowski, D.G.
Vocational Behavior, Holt Rinehart & Winston Inc., New York, 1968.

90. Orlofsky J.L.
Relationship between Sex Role attitudes and Personality Traits and the sex role behaviour Scale - 1:
A new measure of Masculine and Feminine Role behaviours and Interests.
Journal of Personality and Social Psychology, Vol. 40, No. 5 1981, p.927 - 940.

91. Osipow S.H.
Theories of Career Development.
Appleton - Century - Crofts, New York, 1968.

92. Personnel & Careers Counselling
Practices and facilities for the development of black workers in S.A.
NIPR Contract report C/PERS 261. Johannesburg, Dec. 1977.

93. Putnam B & Hansen J.C.
Relationship of self-concept and feminine role concept to vocational maturity in young women.
Journal of Counseling Psychology, Vol. 19, 1972, p.436 - 440.

94. Rekers G.A., Sanders J.A. & Strauss C.C.
Developmental Differentiation of Adolescent Body Gestures.
The Journal of Genetic Psychology 138, 1981, p.123 - 131.

95. Resnick H. Fauble M.L. & Osipow S.H.
Vocational crystallization and self-esteem in college students.
Journal of Counseling Psychology, Vol. 17, 1970, p465 - 467.

96. Richardson M.S.
Self-concepts and role concepts in career orientation of college women.
Journal of Counseling Psychology Vol. 22, No. 2, 1975, p.122 - 126.

97. Roberts A.L.
Transactional Analysis Approach to Counseling
Houghton Mifflin Co., 1975.

98. Rogers C.R.
On becoming a person.
Houghton Mifflin Co., Boston, 1961, p39 - 40.

99. Rokeach M , J.F. Regan
The Role of Values in the Counseling Situation
The Personnel & Guidance Journal, May 1980, p.576 - 581.

100. Rossi A.S.
Life-span Theories and Women's Lives
Sighns, Vol. 6, No. 1, 1980, p.4 - 32.

101. Rubinstein M.R.
Integrative Interpretation of Vocational Interest inventory results.
Journal of Counseling Psychology, Vol. 25, No. 4, 1978, p.306 - 309.

102. Sanford N.
Self and Society.
Atherton Press, New York, 1967.

103. Schenk G.E., Murphy P.P. & Shelton R.L.
Computerised Career Information Systems on the College Campus; A Low-cost Do-it-yourself approach.
The Personnel & Guidance Journal, April 1980, p.516 - 520.

104. Schlenker B.R., Soraci S. & McCarthy B.
Self-esteem & group performance as determinants of egocentric perceptions in co-operative groups
Human Relations, Vol. 29, 1976, p.1163 - 1176.

105. B.A. Shannon
Five Year follow-up of NIPR Vocational Councelling Clients
NIPT, CSIR PERS 258, Johannesburg R.S.A., Jan 1977.

106. Shertzer B & Stone S.C.
Fundamentals of Counseling, Second Edition
Houghton Mifflin Co., Boston 1974.

107. Shrauger J.S. & Lund A.K.
Self-evaluations and reactions to evaluations from others.
Journal of Personality, Vol. 43, 1975, p.94 - 108.

108. Skawran R.F. & de Jager J.J.
Die NIPN se beroepsleidingsdiens - 'n opvolgstudie
NIPN, WNNR Spesiale Verslag PERS 232, Pretoria, R.S.A. Aug. 1975.

109. Slaney R.B. & Russell J.E.A.
An investiation of different levels of agreement between expressed and inventoried vocational interests among college women.
Journal of Counseling psychology, Vol. 28, No. 3, 1981, p.221 - 228.

110. Starishevsky R.
A Model for the Translation of Self Concepts into Vocational Terms in
Zytowski D.G., Vocational Behaviour, Holt, Rinehart & Winston Inc., New York, 1968.

111. Stefflre B & Matheny K.
The function of Counseling Theory.
Houghton Mifflin Co., Boston 1968.

112. Stewart A.J. & Winter D.G.
Self-definition and social definition in women
Journal of Personality Vol.42, 1974, p238 - 259.

113. Stewart D. & Nejedlo R.J.
Pyramid Power in Career development.
The Personnel & Guidance Journal, April 1980, p.531 - 534.

114. Stulac J.T. & Stanwyck D.J.
The Revolution in Counseling : A Sociological Perspective.
The Personnel & Guidance Journal, March 1980, p.491 - 495.

115. Super D.E.
A Theory of Vocational Development in
Zytowski D.G. Vocational Behavior, Holt Rinehart & Winston Inc., New York, 1968.

116. Super, Donald E.
Psychic determinants of professional Choice. Revista de Psicologia General y Aplicada, Vol. 29 (128), May - June, 1974.

117. Super D.E.
Self Concepts and Vocational Development in
Zytowski D.G., Vocational Behaviour
Holt, Rinehart & Winston Inc., New York, 1968.

118. Super D.E.
The Psychology of Careers.
Harper & Row, New York, 1957.

119. Super D.E. & Crites J.O.
Appraising Vocational Fitness.
Harper & Row, New York, 1962.

120. Super D.E., Kowalski R.S. & Goskin E.H.
Floundering and Trial after High School.
Teachers' College Press, New York, 1969.

121. Taylor J.B., Carithers M. & Coyne L.
MMPI Performance, Response set, and the "Self-concept Hypothesis."
Journal of Consulting and Clinical Psychology, Vol. 44, 1976, p.351 - 362.

122. Tegtmeyer V.
The role of the School Counselor in facilitating Sexual Development.
The Personnel and Guidance Journal, Feb. 1980. p.430 - 433.

123. Thompson Warren
Correlates of the self concept.
Prepared for: Social & Rehabilitation Service - June 1972.
Distributed by National Technical Information Service U.S. Dept. of Commerce, Springfield Va. 22151.

124. Thorndike R.L. & Hagen E.
Measurement & Evaluation in Psychology and Education
John Wiley & Sons., Inc.,
New York, London, 1961.

125. Turock A.S.
Immediacy in Counseling: Recognizing Clients' Unspoken Messages.
The Personnel & Guidance Journal, Nov. 1980 p.168 - 172.

126. Tyler L.E.
The Work of the Counselor, Third Edition.
Appleton - Century-Crofts., Inc., New York, 1969.

127. Tyler L.E.
Values Clarification - A reaction.
The Personnel and Guidance Journal, May 1980, p.574 - 575.

128. van Rooyen, J.
Women at Work.
Special CSIR Report NIPR, Jhb., R.S.A. Jul. 1980.

129. Visser, B.L.
Electroencephalographic Assessment in Vocational Counselling.
NIPR, CSIR, Special Report, PERS 296, Johannesburg, R.S.A., Maart 1980.

130. Vrey, J.D.
Selfkonsep en die verband daarvan met Persoonlikheids-organisasie en kognitiewe struktuur.
Ph.D Verhandeling - UNISA, 1974.

131. Wakefield James A Jr., Alston H.L., Yom B.L. & Doughtie E.B.
Personality Types and Traits in the Vocational Preference Inventory
Journal of Vocational Bahaviour, Vol. 6, 1975, p.19 - 26.

132. Walsh W.B. & Lewis R.O.
Consistent, inconsistent and undecided career preferences and personality.
Journal of Vocational Behaviour Vol. 2, 1972, p.309 - 316.

133. Walters J.
Techniques of Counseling
McGraw-Hill Book Co., New York, 1954.

134. Watson John G. & Barone S.
The self-concept, Personal values, and Motivational Orientations of Black and White Managers.
from
Academy of Management Journal. Vol. 19, 1976,

135. Wells L.E.
Theories of Deviance and the Self-Concept
Social Psychology, Vol. 4.1, 1978, p.189 - 204.

136. Wiechers E.
'n Dieptestudie na die selfkonsep van enkele eerstejaar-damestudente met beroepskeuse onsekerheid.
MA-verhandeling U.P. 1979.

137. Wiese W.
'n Psigodiagnostiese studie van selfvervreemding as gevolg van emosionele selfonttrekking.
Verhandeling MA Voorligtingsielkunde U.P. 1978.

138. Wood W & Eagly A.H.
Stages in the Analysis of persuasive messages : The role of Causal attributions and message comprehension.
Journal of Personality & Social Psychology, Vol. 40, No.2, 1981, p.246 - 259.

139. Worell J.
New Directions in Counselling Women
The Personnel & Guidance Journal, March 1980, p.477 - 484.

140. Zytowski D.G.
Psychological influences on Vocational Development.
Houghton Mifflin Co., Boston, 1970.